

Die voorkoms van politieke mites in openbare beleid  
met spesifieke verwysing na die  
*I am an African* toespraak  
van  
T. M. Mbeki

deur  
Estelle Rossum

Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes vir die graad  
**Magister in Politieke Beleidstudies**  
in die  
**Fakulteit Geesteswetenskappe,**  
**Universiteit van Pretoria**  
Pretoria

Studieleier: Mnr J. T. Bekker

Oktober 2003

## Opsomming

In openbare beleidsanalise verteenwoordig die studie van politieke mites 'n relevante en noodsaaklike studieveld. Hierdie politieke simbole beskik oor die potensiaal om as voertuig te dien vir die oordrag van ideologiese inhoud in die beleidsdiskoers en om die sosiale konstruksie van realiteit binne politieke samelewings op subtiele wyse te beïnvloed. Met hierdie ondersoek word dus beoog om groter insig te verkry aangaande die rol van politieke mites binne die konteks van Suid-Afrikaanse openbare beleid.

Die impak van politieke mites op openbare beleid en die funksionele rol wat hiërdie politieke simbole in die openbare beleidsdiskoers vervul, verteenwoordig 'n 'onsigbare' dimensie in die openbare beleidsfeer. Die studie van politieke mites stel daarom bepaalde metodologiese uitdagings aan die beleidsontleder. In openbare beleidstudies bied die heersende positivisties-georiënteerde navorsingstradisie nie bruikbare gereedskap aan vir die analise van politieke mites nie. Ontleders word dus genoop om te steun op analitiese bydraes wat in hiërdie verband deur ander vakgebiede gelewer is, hoofsaaklik op die terrein van die diskoers analise.

In hierdie verhandeling is 'n argetipe en dekonstruksie benadering gebruik om die *I am an African*-toespraak van T.M. Mbeki as politieke mite te ontleed. Aan die hand van hierdie ontleding is die funksionele rol van *I am an African* as politieke mitologie binne die Suid-Afrikaanse openbare beleidskonteks ondersoek, met verwysing na Staatsredes waarin die nasionale beleidsprogramme in die periode 1997 tot 2001, met die Opening van die Parlement, aangekondig is.

## Summary

In policy studies the analysis of political myths represents both a relevant and essential investigative field. As political symbols myths have the potential to transmit ideological content in the policy discourse and to influence the social construction of reality within political communities. The purpose of this study is, therefore, to gain better understanding of the role of political myths within the context of public policy in South African.

However, the impact of political myths on public policy, and the function which these political symbols fulfil within policy discourse, represent an 'invisible' dimension in the public policy sphere. The study of political myths therefore poses methodological challenges to the policy analyst. The prevailing positivist-orientated research tradition in policy studies does not provide the necessary analytical tools for the investigation of political myths. Analysts are, therefore, compelled to draw support from analytical contributions offered by other study fields in this regard, especially those tendered by the discourse analysis.

In this dissertation an archetypal and deconstruction approach is used to analyse the *I am an African*-speech of T.M. Mbeki as political myth. The functional role of *I am an African* as political mythology in the South African policy context is investigated with reference to *State of the Nation* Addresses delivered at the Opening of Parliament during the period 1997 to 2001, in which national policy programmes were announced.

# Inhoudsopgawe

<b>1</b>	<b>Probleemstelling</b>	<b>1</b>
1.1	Inleiding	1
1.2	Die vraagstuk	1
1.2.1	Die impak van mites op openbare beleid	2
1.2.2	Metodologiese uitdagings in die ontleding van politieke mites	3
1.2.3	Politieke mites in die Suid-Afrikaanse beleidskonteks	6
1.2.4	<i>I am an African</i> as politieke mite	8
1.3	Bronevaluering	10
1.4	Verdere ondersoekvoorstelle	11
1.5	Ondersoekdoelwitte	12
1.6	Die ondersoekterrein: 'n afbakening	12
1.7	Begripsoms krywing en vertrekpunte	13
1.8	Die ondersoekmetode	15
1.8.1	Dataversameling	15
1.8.2	Leesstrategie	15
1.8.3	Formulering van ontledingskategorieë	16
1.8.4	Ontleding en interpretasie	17
1.9	Samestelling van die ondersoek	17
<b>2</b>	<b>Politieke mites en die openbare beleidsdiskoers</b>	<b>18</b>
2.1	Inleiding	18
2.2	Die simboliese dimensie van openbare beleid	18
2.2.1	Politieke simbole en die sosiale konstruksie van realiteit	19
2.2.2	Politieke simbole en politieke mag	20
2.2.3	Politieke simbole en betekenisoordrag	22
2.2.4	Politieke simbole op kollektiewe aandrang	23
2.2.5	Politieke mites en openbare beleid	24
2.3	Politieke mites	25
2.3.1	Die begrip 'politieke mite'	25
2.3.2	Mites in moderne politieke samelewings	26
2.3.3	Funksie van politieke mites	27
2.3.4	Tipologie van politiek mites	30
2.3.5	Voorwaardes vir die optimale funksionering van politieke mites	32
2.3.6	Mites en die artikulering van ideologiese inhoud	32
2.4	Ontleding van politieke mites: die metodologiese dilemma	33
2.4.1	Politieke mites en beleidstudies	33
2.4.2	Die positivistiese erflating	34
2.4.3	Post-positivisme en interpretatiewe benaderings	34
2.4.4	Bydraes gelewer deur ander denkrigtings	36

2.5	Analise van politieke diskoers in die Suid-Afrikaanse konteks	38
2.5.1	Die politieke mitologie van apartheid	38
2.5.2	<i>Racism's last word</i>	41
2.5.3	Repliek op Derrida se dekonstruksie van apartheid	42
2.5.4	<i>I am an African</i> as metafoor van Afrika solidariteit	43
2.6	Samevatting	44
<b>3</b>	<b>Diskoersanalitiese metodes vir die ontleding van <i>I am an African</i></b>	<b>45</b>
3.1	Inleiding	45
3.2	Tekskeuse	45
3.2.1	<i>I am an African</i>	46
3.2.2	Beleidsverwante tekste	46
3.3	Enkele vertrekpunte	47
3.4	Leesstrategie	48
3.5	Argetipe ontleding	48
3.5.1	Ontledingskategorieë	49
3.5.2	<i>I am an African</i> as mitiese verhaal	49
3.5.3	Argetipe beelde in die <i>I am an African</i> -teks	51
3.5.4	Die ideologiese inhoud van <i>I am an African</i>	53
3.6	Teks dekonstruksie	53
3.6.1	Vertrekpunte van die dekonstruksie benadering	54
3.6.2	Ontledingskategorieë	55
3.7	Openbare beleid	56
3.7.1	Ontledingskategorieë	56
3.7.2	Oorvleuelende temas en beleidsargumentering	57
3.7.3	Korrelasie met die ideologiese inhoud van <i>I am an African</i>	57
3.8	Ontledingstabelle	57
3.9	Samevatting	59
<b>4</b>	<b>Ontleding van <i>I am an African</i></b>	<b>60</b>
4.1	Inleiding	60
4.2	Teksweergawe van <i>I am an African</i>	60
4.3	Argetipe ontleding van <i>I am an African</i>	63
4.3.1	Verhaalstruktuur	63
4.3.2	Karakterisering	66
4.3.3	Die verhaalsiklus	67
4.3.4	Argetipe beelde	71
4.3.5	Siklusse	74
4.3.6	Waardeteenstellings	75
4.3.7	Ideologiese inhoud	76
4.4	Teks dekonstruksie	77
4.4.1	Binêre pare	77
4.4.2	Terloopse opmerkings en stellingnames	79

4.4.3	Waardeteenstellings en weerspreking	81
4.5	Samevatting	81
<b>5</b>	<b>Openbare beleid en die <i>I am an African</i>-mitologie</b>	<b>82</b>
5.1	Inleiding	82
5.2	Afrika-herlewing	82
5.3	Morele verval en herlewing	84
5.4	Nasiewording	87
5.5	Nasionale identiteit en solidariteit	89
5.6	Korrelasie met die ideologiese inhoud van <i>I am an African</i>	92
5.7	Samevatting	93
<b>6</b>	<b>Samevatting</b>	<b>94</b>
<b>7</b>	<b>Bronnelys</b>	<b>104</b>

**LYS VAN TABELLE**

<i>Tabel 2-1: Korrelasie tussen politieke mites en sosiale omstandighede</i>	29
<i>Tabel 2-2: Korrelasie tussen beleid en apartheid diskoers gedurende 1948 tot 1966</i>	43
<i>Tabel 3-1: Ontledingstabel vir die argetipe ontleding van politieke mites</i>	58
<i>Tabel 3-2: Ontledingstabel vir die dekonstruksie van politieke mites</i>	58
<i>Tabel 3-3: Ontledingstabel vir die analise van openbare beleidsdiskoers</i>	59
<i>Tabel 4-1: Waardeteenstellings in I am an African</i>	76
<i>Tabel 6-1: Korrelasie tussen sosiale spanningtoestande gereflekteer in die 1997 - 2001 beleidsdiskoers en die I am an African-mitologie</i>	98

**LYS VAN DIAGRAMME**

<i>Diagram 4-1: Die reis as sentrale avontuur in I am an African</i>	70
<i>Diagram 4-2: Oorkoepelende siklusse in I am an African</i>	74

## 1 Probleemstelling

### 1.1 Inleiding

'On Wednesday, as if to signal the end of the era of transition, of the Mandela-De Klerk era, Thabo Mbeki rose in Parliament to make the speech of the day, as presidential a performance as any this country has seen', só berig die *Mail & Guardian* (1996:1-2) op 10 Mei 1996 aangaande Mbeki se *I am an African* toespraak: 'Poetic and inspirational, he outlined his vision for this country and its destiny – and it was fresh, it was commanding and it had his own stamp on it'. Met die woorde '*I am an African*', word die nuwe Suid-Afrikaanse Grondwet aldus op seremoniële wyse vanuit die land se hoogste wetgewende gesag aan die nasie voorgestel. Hierdie historiese gebeurtenis, met al die politieke konnotasies en gevoelswaardes daaraan verbonde, toon tekens van 'n politiek ritueel en die kristallisering van 'n politieke mitologie vir die ontluikende, demokratiese Suid-Afrika en sy 'nuutgebore' nasie. Watter rol speel *I am an African* as politieke mite dus in die konteks van Suid-Afrikaanse openbare beleid? Op welke wyse het dit invloed op die openbare beleidsdiskoers? En watter ideologiese inhoud lê daarin opgesluit? Hierdie is enkele vrae wat in die ondersoek aangespreek word.

### 1.2 Die vraagstuk

Die analise van politieke mites in die openbare beleidsfeer is gemoeid met die ontleding van dáárdie dimensie van openbare beleid, waarin politieke aktors en die breër samelewing intersubjektiewe betekenis skep, definieer en konsensus verwerf oor die aard van die sosiale realiteit. Uiteraard bevorder hierdie 'sosiale realiteit' bepaalde beskouings aangaande die betekenis van gebeure in die politieke samelewing, die aard van openbare probleme en die keuse van beleidsalternatiewe. Met die studie word beoog om groter insig te verkry aangaande die impak van politieke mitologie op openbare beleid, die funksie van politieke mites binne die beleidskonteks en die rol wat politieke mites speel in die artikulering van dáárdie waardes in die samelewing wat uiteindelik gestalte vind in die openbare beleidsdiskoers. Die ondersoek verloop aan die hand van 'n analise van die *I am an African*-toespraak en 'n aantal beleidsverwante tekste waarin die openbare beleidsprogram in die tydperk 1997 tot 2001 aangekondig is. Die ontleding van mites en ideologie-oordrag in openbare beleid, bring uiteraard metodologiese uitdagings mee, aangesien hierdie dimensie van die beleidsproses op 'n 'onsigbare' vlak geskied en bevindinge moeilik geverifieer kan word aan die hand van tradisionele, kwantitatiewe metodes. As sodanig stel die analise van *I am an African*, as politieke mitologie binne die Suid-Afrikaanse beleidskonteks, bepaalde metodologiese uitdagings. Hierdie ondersoek verken die toepassingsmoontlikheid van alternatiewe, interpretatiewe metodes in politieke beleidstudies, naamlik



die argetipe analise en die dekonstruksie benadering, wat fokus op diskoers analise en die skep en interpretasie van betekenis.

### 1.2.1 Die impak van mites op openbare beleid

In die beleidsanalise word daar selde gefokus op dáárdie dimensie van openbare beleid waarin politieke akteurs en die breër samelewing worstel met die skep en definiëring van intersubjektiewe betekenis en die verwerwing van konsensus oor die aard van die sosiale realiteit. Hoppe (in Fisher & Forester 1993:77) beskryf hierdie kollektiewe beraadslaging as '*...a never ending series of communication and strategic moves by which various policy actors in loosely couple forums of public deliberation construct intersubjective meanings*'. Hierdie proses, waartydens leiers en volgelinge, volgens John Schaar (in Green & Levinson 1969:313), met mekaar debiteer oor '*...levels of mutual, subjective comprehension and sharing of meaning*,' leen hom uiteraard nie tot empiriese waarneming en wiskundige berekeninge nie. Nogtans oefen hierdie dimensie van openbare beleid invloed uit op politieke samelewings en die politieke proses. Die konsensus wat in hierdie forums bereik word aangaande gemeenskaplike waardes en die aard van die sosiale realiteit, vind uiteindelik vergestaltung in beleid, politieke optrede en -instellings. Die mate waarin politieke akteurs en ander maghebbers politieke mites in hierdie forums aanwend om die proses van kommunale betekenisoeskrywing – wetend of onwetend – te beïnvloed, is dus 'n relevant vraagstuk in openbare beleidstudies.

Teoretici, soos onder meer Bachrach en Baratz (1963), Crenson (1971), Lukes (1974) en Gaventa (1980), argumenteer dat politieke akteurs in hul interaksie met die samelewing, op subtile wyse mag uitoefen op die sosiale konstruksie van realiteit.<sup>1</sup> In hierdie proses van beïnvloeding, speel die gebruik van politieke simbole, soos taal, mites en rites, 'n beduidende rol (Edelman 1996:10; Parsons 1995:135-145). Politieke simbole word, volgens Edelman (1996:10), onder meer gebruik om bepaalde beskouings te propageer oor politieke leierskap, die aard van openbare probleme en die noodsaak van beleidsveranderinge binne die beleidskonteks. Die wáre mag van politici en burokrate om openbare beleid te rig en te bepaal, lê juis in hiérdie manipulasie van simbole opgesluit (Parsons, 1996:180). Hierdie benutting van simbole deur politieke leiers vervul 'n belangrike sosiale funksie, aangesien die publiek dikwels in die war gebring word deur die kompleksiteit van politieke aangeleenthede en hierdie politieke intervensie nuttig vind in hulle algemene oriëntering ten opsigte

---

<sup>1</sup> Samelewings leer 'n simboolstelsel – waardeur betekenis toegeken word aan die omgewing en eie ervaringe – as deel van kultuurgoedere aan en sosiale samesyn is inderwaarheid nie moontlik daarsonder nie (Kertzer 1988:3). Hierdie proses van betekenisoeskrywing verteenwoordig, volgens Luckman en Berger (1966:134), 'n self-gekonstrueerde, simboliese weergawe van die 'objektiewe' realiteit: '*Reality is socially constructed ... concrete individuals and groups of individuals serve as definers of reality*'.

van openbare kwessies (Edelman 1964:90-91). Beide Edelman (1964:6-7) en Kertzer (1988:11) argumenteer dat betekenisoorlog in samelewings moontlik gemaak word deur die verwysings- en kondensasiefunksie waarvoor politieke simbole beskik. Die verwysingsfunksie van simbole stel 'n bepaalde samelewing in staat om dieselfde betekenis aan 'n gegewe simbool te koppel, terwyl die kondensatie funksie die individu in staat stel om sy eie, unieke interpretasie aan 'n gegewe simbool te heg. Hierdie tweeledige funksie van simbole speel ook 'n rol in die oordrag van betekenis deur politieke mites.

Binne die politieke samelewing vervul politieke mites 'n verskeidenheid politieke en sosiale funksies, waaronder die volgende ingesluit kan word: die legitimering van die regering; die bewaring van die sosiale orde; mobilisering van die samelewing; die bedinging van sosiale konsensus; 'n antidoot in sosiale krisistye (Cuthbertson 1975:7). Cuthbertson (1975:4) beweer dat daar 'n korrelasie bestaan tussen bepaalde sosiale omstandighede en die predominansie van sekere mitiese temas binne politieke samelewings. Op sy beurt vestig Bennet (1980:171) die aandag op die interafhanklikheid wat bestaan tussen politieke mites en openbare beleid. Volgens sy beskouing dien mites as 'n soort kode vir die konstruksie van sosiale realiteit. In hierdie verband funksioneer mites hoofsaaklik om die keusemoontlikhede ten opsigte van beleidsalternatiewe te reduceer tot daardie opsies wat versoenbaar is met die gesanksioneerde waardes wat in die heersende politieke mitologie vergestaltung vind. Vanuit hierdie perspektief beskou, funksioneer politieke mites dus om die openbare beleidsdiskoers te reguleer (Bennet 1980:171;173). Bennet (1980:173) kom tot die slotsom dat die politieke gevolg van openbare beleid inderdaad beskou kan word as die bevestiging en bekragtiging van politieke mites. Die vermoë van politieke simbole om as voertuig te dien vir die oordrag van ideologiese inhoud binne politieke samelewings, asook die implikasie van hierdie rol in die magsprosesse wat onderliggend is aan politieke handeling, maak die analise van politieke mites dus 'n relevante en noodsaaklike studieveld in openbare beleidsanalise (Parsons 1995:145).

### 1.2.2 Metodologiese uitdagings in die ontleding van politieke mites

Die verweefdheid van mites en politieke samelewings is geen nuwe tendens op die terrein van die politieke wetenskappe nie. Die verkenning van die wyses waarop mites openbare beleid beïnvloed, verteenwoordig egter 'n resente studieveld (Tudor 1972:22). Volgens Tudor (1972:13-14) is die meeste bydraes aangaande die rol en invloed van mites in politieke samelewings nie deur navorsers in die politieke wetenskappe gelewer nie, maar op die terrein van ander vakgebiede, veral die antropologie. Tudor wys egter daarop dat antropologiese studies uitsluitlik fokus op primitiewe samelewings met weinig beduidende, politieke ervaring waarby moderne politieke samelewings sou kon baat. Cuthbertson (1975:17) argumenteer dat 'n sogenaamde 'mite-manie' vordering met die analise van

politiek mites belemmer. Hy beweer dat daar 'n wanpersepsie bestaan aangaande die funksie van politieke mites in moderne demokrasieë. Gevolglik word die voorkoms van politieke mites heel dikwels met totalitêre politieke praktyke verbind (Cuthbertson 1975:17). Kertzer (1988:8) bepleit 'n klemverskuiwing van die analitiese fokus in beleidstudies na politieke simbole en mites. Hy argumenteer dat die kompleksiteit van moderne samelewings direkte waarneming van politieke gebeure toenemend verhinder, waardeur simboliese en abstrakte vorme van deelname aan die beleidsproses, soos onder meer deur politieke mites, op paradoksale wyse al hoe meer op die voorgrond skuif. Cuthbertson (1975:221) wys daarop dat vordering met betrekking tot die ontleding van hierdie simboliese dimensie van openbare beleid tot 'n groot mate gekortwiek word deur die erflating van die positivisme.

Eietydse positivisties-georiënteerde navorsing skenk, volgens Kertzer (1988:7), steeds geringe aandag aan die rol van simbole in die politieke proses, aangesien hierdie aspek van die beleidsproses nie geredelik deur positivistiese metodes bestudeer en deur kwantitatiewe, wiskundige ontledings geverifieer kan word nie. Hy dui verder aan dat die bestudering van politieke simbole ook gekortwiek word deur 'n neiging onder analitici om dáárdie aspekte van politiek wat nie kwantitatief ontleed kan word nie (soos politieke simbole en mites), as van geringer belang te ag. 'n Onfeilbare, empiriese metode vir die sistematiese bestudering van die simboliese dimensie van openbare beleid is inderdaad nie voorhande nie. Met die ontleding van mites en ideologie-oordrag in openbare beleid, betree navorsers dus 'n terrein wat beduidende metodologiese uitdagings stel, aangesien hierdie dimensie van die beleidsproses hoofsaaklik op 'n 'onsigbare' vlak lê (Eagleton 1983:135).

Die problematiek verbonde aan die ontleding van politieke mites, asook die gebrek aan 'n navorsingstradisie in hierdie verband in beleidstudies, noop ontleders om te steun op analitiese bydraes wat op hierdie terrein deur ander vakgebiede gelewer is, veral deur antropoloë, psigoloë, wysgere, linguïste en literêre analitici. Die metode van diskoers analise wat deur laasgenoemde toegepas word, fokus veral op die blootlegging van verborge mites in tekste. Volgens hierdie perspektief verteenwoordig sosiale mites 'n soort '*frozen discourse*' wat agterbly as residu '*...after one has stripped off all the linguistic embellishments of a text*' (Chilton, Ilyin, & Mey 1989:27). Die metodes van die diskoers analise bied daarom nuttige gereedskap aan vir die ontleding van politieke mites.

Diskoers analitiese metodes kan hoofsaaklik teruggevoer word na die teorieë van die sogenaamde strukturalisme. As vertrekpunt aanvaar hierdie denkskool dat die struktuur van 'n teks uit 'n oppervlak- en dieptelaag bestaan en dat die ideologiese betekenisinhoud van 'n diskoers in hierdie dieptelaag vasgelê is (McLellan 1995:59). Ideologiese inhoud kan dus bepaal word aan die hand van 'n sistematiese ontleding van die verhouding wat tussen die verskillende tekslae bestaan en die patroon

van binêre opposisie wat in die hierdie strukture voorkom (Van Luxemburg, Bal & Weststeijn 1981:51;52;53). 'n Eksponente van hierdie denkskool, die antropoloog Claude Lévi-Strauss, het onder meer baanbrekerswerk ten opsigte van die strukturele analise van mites gelewer (Van Luxemburg *et al.* 1981:56).

Die kerngedagte van Lévi-Strauss se benadering is dat mites 'n soort taal is waarmee samelewings betekenis kommunikeer en dat individue dus aan die hand van mites 'dink' sonder om daarvan bewus te wees (McLellan 1959:59-60). Soos ander eksponente van die strukturalisme, beweer Lévi-Strauss dat die ideologiese inhoud van mites in die onderliggende strukturele elemente en die onderlinge verhouding daarvan gevind kan word. Hierdie elemente kom in pare voor wat volgens 'n patroon van binêre opposisie gerangskik kan word. Mitiese pare, of mitiese temas, vorm 'n stelsel van kulturele betekenis wat die ware betekenisinhoud van mites daarstel (Selden 1989:56).

'n Verdere bydrae ten opsigte van die strukturele ontleding van mites is gelewer deur Northrop Frye (1973). Frye konsentreer veral op die sistematiese ontleding van letterkundige tekste aan die hand van 'n 'argetipe' ontledingsmetode, waardeur hy poog om te bepaal in hoeverre hierdie tekste struktureel verbind kan word met argetipe, mitiese verhale. Argetipe analise is grootliks gebaseer op Jung se teorie van die kollektiewe onderbewuste en in ooreenstemming met hierdie teorie, argumenteer Frye (1973:136-137), kan die verhaalstruktuur en beelde (metafore en/of simbole) in enige teks teruggevoer word na argetipe strukture en beelde wat voorkom in die vroegste vorme van letterkunde, naamlik die mite. In moderne tekste word hierdie mite egter 'verplaas' in 'n menslike rigting om geloofwaardigheid daaraan te verleen. Argetipe analise gaan van die standpunt uit dat die sleutel tot die ideologiese betekenisinhoud van mites opgesluit lê in die onderlinge verhouding tussen twee basiese strukture wat in alle mites voorkom: (i) die verhaalplan of chronologiese struktuur; en (ii) die tematiese struktuur waarbinne argetipe beelde, as binêre pare, in 'n dialektiese verhouding voorkom (Eagleton 1983:91-92).

Die benadering van die strukturalisme tot teksanalise, soos toegepas deur Frye en Lévi-Strauss, word vanaf die sestiger jare verdring deur die sogenaamde post-strukturalisme, waarvan Jacques Derrida as die belangrikste eksponent beskou word (Eagleton 1983:134). Hierdie benadering, ook bekend as die dekonstruksie benadering, konsentreer steeds op die struktuur van tekste maar argumenteer dat daar nie iets soos 'n volledige interpretasie van 'n teks bestaan nie (Ohlhoff 2001). Tekste is dus oop stelsels en bevat subjektiewe betekenis wat deur 'lesers' op veelvuldige wyses geïnterpreteer kan word (Van Luxemburg *et al.* 1981:75; Hawthorn 1994:34). Dekonstruksie poog om deur sogenaamde '*close reading*' 'n soektog te onderneem na alles wat die outeur se aangebode stellings in die teks kan ondermyn (Van Luxemburg *et al.* 1981:79). Dit geskied hoofsaaklik deur 'n ommekeer van die

hiërargieë wat geïmpliseer is in die binêre pare wat in die teks voorkom (Van Luxemburg *et al.* 1981:79;85).

Die revolusionêre denkstyl van Derrida en sy dekonstruksie metode van teksanalise (Derrida 1976; Eagleton 1983:134; Van Luxemburg *et al.* 1981:74;80), oefen ook beduidende invloed uit op beleidstudies. Onder invloed van die dekonstruksie benadering tree 'n sogenaamde post-positivistiese ingesteldheid na vore, wat aandring op 'n eiesoortige metodiek vir die sosiale wetenskappe. Dit vloei onder meer uit op hermeneutiese en interpretatiewe benaderings tot teksanalise (Morçöl 1999:8). Die fokus van interpretatiewe analise is veral gerig op die simboliese dimensie van openbare beleid, op die beleidsdiskoers en op die wyse waardeur outoriteit en mag in 'n politiek samelewing deur simbole geartikuleer word (Morçöl 1999:7-8;9). Hierdie benadering beskou politiek en openbare beleid toenemend as 'n diskoers waardeur realiteit gekonstrueer word. Eksponente van hierdie benadering bepleit meer frekwente interpretatiewe ontledings van die beleidsproses (Parsons 1995:70). Bydraes gebaseer op 'n interpretatiewe benadering wat fokus op die rol wat politieke simbole – taal, mites en rites – in elke fase van die beleidsproses speel, is onder meer gelewer deur Edelman (1996) en Yanow (1993). Hierdie post-positivisties georiënteerde navorsers propageer 'n breër analitiese fokus in die beleidsanalise, wat politieke taal en ander simboliese handeling ook in betrag neem. In hierdie verband bepleit Yanow (1993:42;56) die aanwending van nuwe analitiese gereedskap waarmee meer effektief op die skep en interpretasie van betekenis in die beleidsproses gefokus kan word.

Weens die predominansie van positivisties-georiënteerde benaderings word vordering met die verkenning van die dieperliggende, onsigbare dimensies van die openbare beleidsproses – dáárdie dimensie waarin politieke mites invloed uitoefen – steeds gekortwiek. Interpretatiewe benaderings bied dus nuwe perspektiewe en 'n metodologiese uitweg met betrekking tot die ontleding van politieke mites.

### 1.2.3 Politieke mites in die Suid-Afrikaanse beleidskonteks

*'Most political mythologies', volgens Thompson (1985:9-10), 'are linked with the state because it is the dominant institution in the modern world. Every state exerts a profound effect on popular consciousness through its use of official symbols and rituals'.* Weens die noue band wat daar tussen Staat, samelewing en mites bestaan, het die bestudering van politieke mites uiteraard ook relevansie binne die Suid-Afrikaanse openbare beleidskonteks. Bydraes met betrekking tot die analise van politieke mites en die invloed daarvan op politieke diskoers in die Suid-Afrikaanse openbare beleidsfeer, is nie omvangryk nie. Met die uitsondering van Botha (1999) se analise van die deiktiese fundering van ideologie – en sy ontleding van *I am an African* as onderliggende ideologie vir Afrika-herlewing – fokus

die prominentste bydraes in hierdie verband op die politieke mites van die sogenaamde apartheid regime en die Afrikaner mitologie. Ontleding van politieke mites in openbare beleid, wat sedert 1994, ná die bewindsoorname van die demokraties verkose African National Congress (ANC) Alliansie gekristalliseer het, kon nie opgespoor word nie.

*The Political Mythology of Apartheid* (Thompson 1985) is waarskynlik die bekendste interpretatiewe ontleding van politieke mites en ideologie-oordrag in die Suid-Afrikaanse konteks. Thompson, wat die rol van politieke mites in die vestiging van Afrikaner nasionalistiese ideologie oor 'n tydperk van sowat 100 jaar ondersoek, beskou die dominante politieke mitologie tydens die bewind van die Nasionale Party as 'n bevrydingsmitologie, wat daarop gemik was om die oorlewing en konsolidering van Afrikanerdom te verseker (1958:239). Thompson (1985:142;146) dui aan dat politieke mites met verloop van tyd gewysig word, of selfs relevansie verloor weens die veranderende beleidskonteks. Hoewel politieke mites in die apartheidsera dus dikwels aangepas is in ooreenstemming met binnelandse en buitelandse druk, is hierdie simbole steeds in die diskoers aangewend om die beleid van aparte ontwikkeling te regverdig (Thompson 1985:233;235).

'n Tweede, relevante, interpretatiewe ontleding van apartheidsdiskoers, is *Racism's last word* (Derrida, in Gates 1986:330), waarin Derrida sy dekonstruksie metode op die woord 'apartheid' toepas. Die kerngedagte in sy ontleding is dat apartheid 'n Europese skepping is, soos verteenwoordig in die formele 'Westerse' instellings van die apartheid regime. Apartheid word, volgens Derrida (in Gates 1986:336-337), deur Westerse state geduld weens die oortuiging dat die politieke, strategiese en ekonomiese ewilbrium van Europa nie gehandhaaf kon word sonder die stabiliteit van die regime in Pretoria nie.

'n Insiggewende perspektief op ideologie-oordrag binne die Suid-Afrikaanse konteks en die politieke, retoriese spel wat deel vorm van hierdie diskoers, word ook aangebied deur McClintock en Nixon (McClintock & Nixon, in Gates 1986). In 'n artikel getiteld *No Names Apart*, lewer die outeurs repliek op Derrida se dekonstruksie van die woord 'apartheid' (McClintock & Nixon, in Gates 1986:339). In hul ontleding dek McClintock en Nixon die herkoms van die woord, die tanning van sy gebruik deur die Suid-Afrikaanse regering weens stigmatisering en die wyse waarop plaasvervangende terme sedert die vyftiger jare gebruik is in die Suid-Afrikaanse politieke diskoers om toenemende brutalisering van swart Suid-Afrikaners te verdoesel in 'n proteïese, retoriese spel (Gates 1986:343).

In *The deictic foundation of ideology, with reference to the African Renaissance* (Botha 1999), fokus die outeur op die stelling '*I am an African*' en die wyse waarop die eerste persoon enkelvoud/meervoud in die teks gemanipuleer word om konseptuele identifikasie transformasie te bewerkstellig: '*!you is em-*

*bodied in we'* (Botha 1999:5). Hierdie ontleding sny nie die tema van politieke mite of openbare beleid aan nie, maar bied 'n uiteensetting van die wyse waarop *I am an African*, as sogenaamde '*speech act*', taal gebruik vir ideologiese doeleindes (Botha 1999:1;3). Afrika-herlewing is, volgens hierdie ontleding, die onderliggende ideologie in *I am an African* (Botha 1999:15).

#### 1.2.4 *I am an African* as politieke mite

Tudor (1972:30) dui aan dat die disintegrasie van 'n bestaande orde dikwels aanleiding gee tot die behoefte aan nuwe mites en rites binne politieke samelewings. Hierdie voorstelling strook met Jefferson (1999:2) se waarneming dat post-koloniale samelewings ná onafhanklikwording dikwels gekenmerk word deur 'n preokkupasie met die skep en/of herskep van 'n eie, sosiale en kulturele selfbewussyn, aangesien weinig van hierdie samelewings etno-kulturele, of sogenaamde volkstate, verteenwoordig.<sup>2</sup> Politieke mites speel uiteraard 'n belangrike rol in die proses van nasiewording. Kertzer (1988:179) beweer in hierdie verband: '*Without rites and symbols, there are no nations*', en Smith (1991:40) dui aan: '*By definition the nation is a community of myths and memories*'. Daar kan dus aangeneem word dat die behoefte aan politieke mites ook sterk in die post-apartheid era in die Suid-Afrikaanse politieke samelewing na vore sal tree. Politieke mites neem dikwels die vorm van vestigingsverhale<sup>3</sup> aan, waardeur die nasie se verlede op so 'n wyse gedramatiseer word, dat die toekomstige lotsbestemming, nasionale solidariteit en die nuutgevonde nasionale identiteit daardeur bevestig en gehandhaaf word (Tudor 1972:30).

Die skep van 'n nasionale selfbewussyn in state, soos Suid-Afrika, waar die bevolking uit diverse etniese en/of kulture groepe bestaan, hou uiteraard besondere uitdagings in vir die politieke leierskap. '*In these cases the state is utilized to fashion the 'civic religion' whose myths, memories, symbols and the like will provide the functional equivalent of a missing or defective dominant ethnies*' (Smith 1991:41). In baie state in Afrika word nasies inderdaad deur 'n soort kunsgreep gebou (Neuberger 1986:23). Nasiewording in post-koloniale samelewings verteenwoordig in vele opsigte dus 'n kunsmatige 'skeppingsdaad'. Gellner (1983: 48-49) beweer: '*Nations as a natural, God-given way of classifying men, as an inherent though long-delayed political destiny, are a myth; nationalism, which sometimes takes pre-existing cultures and turns them into nations, sometimes invents them, and often obliterate pre-existing cultures: that is a reality*'. In die moderne sin word nasies dus dikwels 'verenig' deur gemeenskaplike, geskiedkundige herinneringe, mites, simbole en tradisies (Smith 1991:11). In die

---

<sup>2</sup> Inderwaarheid is sogenaamde volkstate in die minderheid. In die sewentiger jare is slegs 10% van die nasies, na skatting, as volwaardige volkstate beskou (Smith 1991:14).

<sup>3</sup> 'n Groot aantal politieke mites kan as vestigingsverhale beskou word (Tudor 1972:16;65;91). In hierdie mites word die ontstaan van 'n Staat onder meer gelegitimeer (Thompson 1985:3).

Suid-Afrikaanse politieke konteks is die skep van 'n nasionale identiteit vir die nuwe, demokratiese Suid-Afrika, ook 'n relevante, politieke aangeleentheid.

Corrigan (1999:87) beweer dat Mandela nasionale versoening as die belangrikste bousteen in nasiewording beskou, terwyl Mbeki groter klem plaas op die vestiging van 'n eie Afrika identiteit en die herstel van selftrots. Hoewel die tema van Afrika-verbondenheid by herhaling voorkom in Mbeki se politieke diskoers (Hadland & Rantao 1999), is hierdie Afrika-bewustheid geen nuwe motief in die Suid-Afrikaanse politieke diskoers nie. *'The belief in an Africa that will rise and take its position as an equal partner in world affairs'*, so beweer Maloka (1999:1), *'is as old as colonisation, and was articulated in various forms in the past'*. Die artikulering van Afrika-bewustheid – as 'n uitdrukking van kollektiewe trots op Afrika se glorieryke verlede en as subjektiewe identifikasie met alles wat Afrika versinnebeeld – word teruggevind in vroeë Suid-Afrikaanse politieke diskoers, byvoorbeeld dié van Pixley ka Isaka Seme, stigterslid van die ANC (1912) en Anton Lembede, die eerste President van die ANC *Youth League* (1944) (Nash 1999:1; Gevisser, 1999:3).

Die credo *'I am an African'*, wat in Mbeki se toespraak voorkom, verwys inderdaad terug na 'n geskrif van Seme, wat in 1906 in die *The African Abroad* (Malala 1999:1) gepubliseer word onder die titel *The Regeneration of Africa* (Seme 1906:1). In hierdie diskoers bepleit Seme 'n herlewing van die eertydse glorie van Afrika en 'n herontwaking van Afrika-bewustheid: *'The giant is awakening!'* maan hy. *'From the four corners of the earth Africa's sons, who have been proved through fire and sword, are marching to the future's golden door bearing the records of deeds of valor done'* (1906:1). Malala (1999:2) beweer dat Seme se Afrika-bewustheid nie as 'n ras-eksklusiewe begrip beskou kan word nie. Die Afrika-bewustheid wat Seme (1906:1) in sy diskoers bepleit, is *'...thoroughly spiritual and humanistic – indeed a regeneration moral and eternal!'* In 'n toespraak wat Seme tydens die stigtingsvergadering van die ANC in 1912 lewer, bevestig hy die inklusiwiteit van Afrika-bewustheid wanneer hy die swart en kleurling verteenwoordigers tot eenheid oproep met die woorde: *'We are one people'* (ANC 1987:5). In ANC diskoers word hierdie inklusiewe Afrika-bewustheid onderskryf: *'The ANC fights not only against the oppression of the black people by the white, but also for the establishment of a united SA nation, not based on race, tribe or creed. The struggle of the ANC for one nation embodies the aspirations of those democratic and peace-seeking white people who are prepared to throw their lives into the struggle with the oppressed majority in the cause of a non-racial, national identity'* (ANC 1987:12). Uit hierdie sate kan afgelei word dat Afrika-bewustheid in Seme en die ANC diskoers 'n inklusiewe begrip daarstel.



Uys (1999:2) beweer dat Afrika-bewustheid beskou kan word as die leidmotief van die Mbeki presidentskap.<sup>4</sup> Die sogenaamde Afrika Renaissance of -herlewing, asook die Millennium Afrika Herstelplan<sup>5</sup> verskyn dus hoog op sy internasionale beleidsagenda (Hadland & Rantao 1999:146). Daar kan aangeneem word dat Mbeki se Afrika-bewustheid ook beduidende invloed uitoefen op die bepaling van die nasionale beleidsagenda gedurende die tydperk 1997 tot 2001. Weens sy senior posisie in die Kabinet en, sedert Junie 1999, ook in sy hoedanigheid as President, funksioneer Mbeki se politieke diskoers in die periode 1997 tot 2001 uiteraard as belangrike aanduiding van – of ouvertures tot – nuwe beleidsprogramme en inisiatiewe, veral aangesien hy tydens die sogenaamde Mandela-era ook *de facto* as President optree (Uys 1999:1; Corrigan 1999:77). In sy politieke diskoers vind die Afrika-bewustheid van Seme en Lembede, asook die denke van Afrika nasionaliste (Kwame Nkrumah, Mwalimu Julius Nyerere en ander politieke leiers in Afrika aan wie hy blootstelling gehad het) en die idees van die Pan-Afrikanisme, met wie hy noue bande gehad het tydens die bykans drie dekades wat hy as politieke uitgewekene buite Suid-Afrika deurbring, weerklank (Hadland & Rantao 1999:105). Nogtans getuig Malala (1999:2) dat daar verskillende vertolkings van die inklusiwiteit van Mbeki se Afrika-bewustheid bestaan. Enersyds word hy beskou as *'a son of Seme'*, andersyds as 'n *'rabid racist'*. Hierdie ondersoek gaan van die veronderstelling uit dat die essensie van Mbeki se Afrika-bewustheid en sy visie van Suid-Afrikaanse nasionale identiteit, in die *I am an African*-toespraak opgesluit lê.

### 1.3 Bronevaluering

Hoewel 'n verskeidenheid teoretiese bydraes tot die bestudering van mites gelewer is in vakterreine soos die antropologie (Eliade 1959), die strukturalisme (Lévi-Strauss 1987), die post-strukturalisme (McLellan 1995:61), die teologie (eskatologie), die psigoanalise (Segal 1996:38) en die letterkunde (Frye 1973), is relevante bydraes wat fokus op die bestudering van politiek mites in moderne politieke samelewings, redelik beperk. Bronne aangaande die rol van mites in openbare beleid is nog skaarser en net 'n klein aantal relevante bydraes met betrekking tot politieke mites in die Suid-Afrikaanse beleidskonteks, kon opgespoor word.<sup>6</sup> In die ondersoek is hoofsaaklik gekonsentreer op die volgende bronne:

---

<sup>4</sup> Die tema weerklank in sy Presidensiële intrede waarin hy 'n oproep rig aan die mense van Suid-Afrika om 'n bydrae te lewer tot *'...the identification of the century ahead of us as the African century'* (Mbeki 1999c:3; Oppelt 1999:1).

<sup>5</sup> Sedert Oktober 2001 bekend as die Nuwe Venootskap vir Afrika se Ontwikkeling (Nepad).

<sup>6</sup> Kyk 1.2.3:6-7

- Bachrach en Baratz (1963), Crenson (1971), Lukes (1974) en Gaventa (1980) weens die klem wat hierdie outeurs plaas op die rol van politieke mag, mites en taal in die openbare beleidsfeer
- Edelman (1964; 1996) en Yanow (1993), wat die toepassing van interpretatiewe analise binne die openbare beleidskonteks onderskryf en 'n post-positivistiese perspektief op die voorkoms en rol van mites, simbole, rites en politieke taal in openbare beleidsdiskoers bied
- Bennet (1980) weens die klem wat hy plaas op die interafhanklikheid tussen politieke mites en openbare beleid en die rol van eersgenoemde in die sanksionering van openbare beleidsalternatiewe
- Kertzer (1988), wat waarskynlik die mees omvattende teoretiese bydrae lewer tot die bestudering van die politieke ritueel en die rol wat rites speel in die konstruksie van realiteit in moderne politieke samelewings
- Tudor (1972) weens die wye spektrum van interdisiplinêre benaderinge tot die studie van mites wat hy in sy ondersoek dek
- Cuthbertson (1975) weens sy sistematiese en uitgebreide bespreking van die verskynsel van politieke mites in moderne samelewings. Sy klassifikasie van mites aan die hand van oertemas is besonder relevant, asook die korrelasie wat hy aandui tussen sosiale omstandighede in moderne politieke samelewings en die patologiese funksie wat politieke mites in hierdie verband vervul
- Thompson (1985), Derrida (in Gates 1986), McClintock en Nixon (in Gates 1986) en Botha (1999) weens hul bydraes tot die ontleding van politieke simbole (taal en mites) in die Suid-Afrikaanse politieke konteks.

#### 1.4 Verdere ondersoekvoorstelle

Hierdie ondersoek fokus op die impak van *I am an African* as politieke mitologie in die openbare beleidsfeer en die rol wat hierdie mitologie in die Suid-Afrikaanse beleidsdiskoers gedurende 1997 en 2001 vervul. Uiteraard raak die ondersoek net enkele aspekte met betrekking tot die impak van politieke mites op die openbare beleidsproses in Suid-Afrika aan. Enkele voorstelle ten opsigte van verdere ondersoeke sluit die volgende in:

- die rol van die *I am an African*-mitologie in beleidsontwerp en die sosiale konstruksie van teikengehore (Schneider & Ingram 1997)
- die invloed van die *I am an African*-mitologie op die effektiewe implementering van openbare beleid
- die rol van die *I am an African*-mitologie in kieser mobilisering in die aanloop tot verkiesings
- die verband tussen die *I am an African*-mitologie en mediadekking van openbare beleid.

## 1.5 Onderzoekdoelwitte

Met hierdie ondersoek word ten eerste beoog om die impak van politieke mites, vervat in die *I am an African*-toespraak, binne die Suid-Afrikaanse openbare beleidsfeer te bepaal en om vas te stel of 'n funksionele rol ten opsigte van hierdie politieke mitologie in die Suid-Afrikaanse politieke samelewing afgelei kan word.

Ten tweede wil die studie bepaal watter verband daar bestaan tussen *I am an African* as politieke mitologie en die geselekteerde beleidsverwante tekste. Hierdie aspek van die ondersoek beoog dus om vas te stel watter rol hierdie politieke mitologie in openbare beleidsdiskoers gedurende die tydperk 1997 tot 2001 speel en tot watter mate die diskoers hierdie mitologie versterk, bevorder en/of as voertuig benut vir die oordrag van die ideologiese inhoud daarin vervat.

In die derde plek beoog hierdie ondersoek om meer insig te verkry oor die inhoud van Mbeki se Afrika-bewustheid, soos vergestalt in die *I am an African*-diskoers, asook die mate waarin hierdie ideologiese inhoud in openbare beleid neerslag vind.

Ten slotte beoog die studie ook om vas te stel of interpretatiewe ontledingmetodes, soos die argetipe en dekonstruksie ontledingstegnieke, 'n bruikbare metodologie bied vir die ontleding van politieke mites in openbare beleid. In hierdie verband poog die ondersoek dus om 'n bydrae te lewer tot die analities-metodologiese dilemma wat ontleding van die nie-sigbare dimensie van openbare beleid met sig meebring.

Die volgende vrae word in die ondersoek aangespreek:

- Watter politieke mites kom in *I am an African* voor en wat is die impak van hierdie mitologie op openbare beleid?
- Watter funksie vervul die *I am an African*-mitologie binne die openbare beleidsfeer in Suid-Afrika?
- Tot watter mate vind die ideologiese inhoud van die *I am an African*-toespraak weerklank in openbare beleidsdiskoers?
- Hoe bruikbaar is die interpretatiewe ontledingmetode wat in die studie aangewend word, vir die ontleding van politieke mites in openbare beleidstudies?

## 1.6 Die ondersoekterrein: 'n afbakening

Die ondersoek van politieke mites word beperk tot die ontleding van die *I am an African*-teks, soos gelewer deur Mbeki (1999f) op 8 Mei 1996, by geleentheid van die goedkeuring van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika deur die Grondwetlike Vergadering.

Die ontleding van beleidsdiskoers word beperk tot 'n oorsig van enkele, oorkoepelende beleidsprogramme, soos uiteengesit in Staatsredes gelewer tydens die Opening van die Parlement, gedurende die tydperk 1997 tot 2001. Enkele Parlementêre begrotingstoesprake van Mbeki, wat hy in sy hoedanigheid as Adjunk-President gelewer het gedurende die bogenoemde tydperk, asook sy intreetoespraak, word by die analise ingesluit (Mbeki 1997; 1998e; 1999c; 1999e).

Die ondersoek skenk aandag aan daardie aspekte van die teks en openbare beleidsprogramme wat direk verband hou met die vraagstuk hierbo uiteengesit.

'n Interpretatiewe benadering tot diskoers analise word in die ondersoek gevolg.

## 1.7 Begripsomskrywing en vertrekpunte

Die volgende begrippe wat in die ondersoek voorkom, noodsaak begripsomskrywing: *mite*, *betekenisinhoud* van mites, *politieke rite* of *ritueel*, *Afrika-bewustheid*, *ideologie*, *teks*, *argetipes*, *oppervlak teks*, *dieptestruktuur*, *intertekstualiteit* en *land*.

Die omskrywing van die begrip *mite* wat in hierdie ondersoek as vertrekpunt geld, beskou politieke mites as verhale waarin geskiedkundige gebeure gedramatiseer word om 'n bepaalde relevansie daaraan te verleen in die eietydse konteks en waardeur die outoriteit van maghebbers in 'n bepaalde samelewing versterk word (Tudor 1972:16).<sup>7</sup> Die begrip *politieke mite* kan beskou word as 'n uitruilbare term (Tudor 1972 17;62), met die verskil dat politieke mites met politiek gemoeid is en dat die bonatuurlike geen, of 'n baie geringe rol daarin speel.

Die *betekenisinhoud* van mites (mitiese betekenis) verwys na sosiaal gekonstrueerde waarhede wat in 'n samelewing in stand gehou word ter ondersteuning van bepaalde opvattinge, beskouings en ideologieë (Fourie *et al.* 1988:14).

In sy moderne gedaante verteenwoordig die *politieke rite* of *ritueel* 'n alomteenwoordige deel van die moderne, openbare beleidsproses (Kertzer 1988:3): *'Ritualization entails the repetitive use of emotionally charged symbols in symbolically significant locations at symbolically appropriate times'* (Kertzer 1988:92). Rites stel die bevolking in staat om te identifiseer met politieke magte in die moderne Staat. Politieke instellings, die Parlement, Grondwet, wetgewing, verkiesings, politieke debattering, administrasie en howe, speel 'n sleutelrol in politieke rites (Edelman 1964:16-17).

---

<sup>7</sup> Hierdie omskrywing verwys na Friederich von Brzezinski se definisie van die begrip mite, soos aangehaal in Tudor (1972:16): *'...typical a tale concerned with past events, giving them a special meaning and significance for the present and thereby reinforcing the authority of those who are yielding power in a particular community'*.

*Afrika-bewustheid* verwys na die uitdrukking van kollektiewe trots op Afrika se glorieryke verlede en 'n subjektiewe identifikasie met alles wat Afrika versinnebeeld.

*Ideologie*, soos gebruik in die ondersoek, dui op 'n '*system of ideas, collectively held*' (Hawthorn 1994:92). Die begrip dui op die dominante waardes, realiteitsbeskouings en simboolstelsels wat in 'n bepaalde gemeenskap as kollektiewe besit geld: '*...a coherent set of principles meeting general acceptance and serving to legitimate existing relations of power*' (McLellan 1995:63).

'n *Teks* word beskou as enige vorm van diskoers, hetsy in geskrewe of gesproke vorm (Caputo 1997:88). In die ondersoek word alle linguistiese mededelings in die vorm van gesproke of geskrewe taal derhalwe as 'n teks beskou (Coetzee 1979:1).

*Argetipes* is 'oerbeelde' en universele simbole – meestal van 'n natuurlike voorwerp – waaraan alle mense dieselfde betekenis heg (Frye 1973:113). '*Such symbols include those of food and drink, the quest or journey, of light and darkness, and of sexual fulfilment, which usually take the form of marriage*' (Frye 1973:118). In mites is argetipes meestal in 'n dialektiese verhoudings, oftewel in binêre opposisie, gerangskik.

Die *oppervlak teks* van 'n diskoers verwys na die waarneembare vlak van die teks: grammatikale teken-eenhede (byvoorbeeld woorde, morfeme, sinne en paragrawe) waaruit die teks bestaan en hulle onderlinge verhouding tot mekaar (Coetzee 1979:2; Fourie *et al.* 1983:83).

Die *dieptestruktuur* of teksinhoud van die teks, verwys na die betekenis, oftewel die ideologiese inhoud, wat deur die oppervlakteks uitgedruk word (Coetzee 1979:2).

*Intertekstualiteit* dui op die verhouding van een teks tot 'n ander (Van Luxemburg *et al.* 1981:53).

Die begrip *land* dui in die ontleding van die *I am an African*-teks, op 'n geografiese gebied – Suid-Afrika – en nie op 'n staatkundige entiteit nie.

Die volgende vertrekpunte geld met betrekking tot die ondersoek:

'n Behoeftes bestaan aan 'n sistematiese benadering tot die ontleding van politieke mites in openbare beleid wat fokus op teksinhoud en betekenisoordrag in politieke diskoers.

Interpretatiewe diskoers analise bied 'n raamwerk vir sistematiese analise.

Die *I am an African*-teks is verteenwoordigend van die universum van politieke toesprake gelewer deur Mbeki in die 1996 tot 2001 tydperk.

## 1.8 Die ondersoekmetode

Die ontledingsmetode wat vir die ondersoek geld, is gebaseer op die volgende analitiese benaderings tot diskoers analise:

- 'n argetipe ontledingsmetode, in breë trekke gebaseer op Northrop Frye (1973) se benadering tot teksanalise
- 'n dekonstruksie benadering, in breë trekke gebaseer op Derrida (1976) se metode van teksanalise. Die dekonstruksie van die teks word beperk tot die ontleding van waardeteenstellings wat in die teskstellingname vervat is en skenk nie aandag aan ander aspekte van die dekonstruksie benadering nie.

Die ondersoekmetode behels vier fases (dataversameling, leesstrategie, formulering van ontledingskategorieë, ontleding en interpretasie) wat as sodanig geïdentifiseer kan word, hoewel dit soms gesamentlik en gelyktydig voorgekom het.

### 1.8.1 Dataversameling

Dataversameling tydens die *argetipe ontleding* van die teks, het soos volg verloop:

Die data wat versamel is, sluit die volgende in: (i) 'n sensus van ooreenkomste tussen die *I am an African*-teks en die argetipe verhaalplan van die mitiese roman met betrekking tot verhaalstruktuur, tematiese struktuur, karakterisering en die siklusse wat daarin voorkom; en (ii) 'n sensus van die waardeteenstellings in die teks, gerangskik volgens 'n patroon van binêre opposisie.

Die data wat tydens die *dekonstruksie* van die teks versamel is, sluit die volgende in: (i) 'n sensus van die binêre opposisie, hiërargiese ordening van binêre pare, kantaantekeninge en terloopse verwysings; en (ii) 'n sensus van stellingname en waardes wat omgekeer of verplaas kan word deur inversiewe stellingnames en waardes in die teks.

Die data wat tydens die ontleding van die geselekteerde *beleidsverwante tekste* versamel is, sluit die volgende in: 'n sensus van die ooreenkomste, relasies en/of verskille tussen die temas en die ideologiese inhoud van *I am an African* en die inhoud/diskoers van die beleidsprogramme wat gedurende 1997 tot 2001 in Staatsredes en begrotingstoesprake aangekondig is.

### 1.8.2 Leesstrategie

Die volgende leesstrategie is gevolg tydens die ontleding van die *I am an African*-teks:

Tydens die *argetipe* ontledingsfase is die *I am an African*-teks 'n aantal kere krities deurgelees om 'n globale oriëntering van die inhoud te verkry. Die doel met hierdie leesproses was om inligting te verkry oor die tema, die struktuur en die betekenisinhoud van die teks. Waar nodig is woorde en verwysings in

hierdie fase nageslaan. Tydens die leesproses is voorlopige aantekeninge gemaak met die oog op die formulering van ontledingskategorieë. Om terugverwysing te vergemaklik, is elke paragraaf in die teks genummer.<sup>8</sup>

Tydens die ontleding van die teks aan die hand van die *dekonstruksie* benadering is dieselfde leesstrategie gevolg as wat tydens die argetipe ontledingsfase toegepas is.

Tydens die ontleding van die gekose *beleidsverwante tekste* is die geselekteerde tekste<sup>9</sup> eweneens 'n aantal kere krities deurgelees om met die inhoud vertrouwd te raak en om 'n globale oriëntering te verkry van die beleidsaspekte wat daarin vervat is. Die doel met hierdie leesproses was om inligting te verkry oor die temas en beleidsargumentering in die beleidsdiskoers, asook die waardes wat daarin onderskryf word. Tydens die leesproses is voorlopige aantekeninge gemaak met die oog op die formulering van ontledingskategorieë.

### 1.8.3 Formulering van ontledingskategorieë

Die formulering van ontledingskategorieë het soos volg geskied:

Tydens die *argetipe* ontledingsfase is soekvrae vir die identifisering van ontledingskategorieë geformuleer aan die hand van Frye se argetipe ontledingsmetodologie. Die 'groot lewensketting', oftewel '*Great Chain of Being*' is in die kategorieë ingesluit (Frye 1973:141). Ontledingstabelle<sup>10</sup> is opgestel om sistematiese analise van die teks aan die hand van soekvrae in die gegewe kategorieë te vergemaklik.

Soekvrae vir die identifisering van ontledingskategorieë tydens die *dekonstruksie* analise, is geformuleer aan die hand van Derrida se dekonstruksie ontledingsmetodologie. Ontledingstabelle is opgestel om sistematiese analise van die teks aan die hand van soekvrae in die gegewe kategorieë te vergemaklik.

Tydens die ontleding van die gekose *beleidsverwante tekste* is ontledingskategorieë en soekvrae geformuleer om die identifisering van wederkerende temas in die beleidsprogramme te vergemaklik en om ooreenkomste tussen die beleidsdiskoers en die teksinhoud van *I am an African*, te identifiseer. Ontledingstabelle is opgestel om sistematiese analise van die teks aan die hand van soekvrae in die gegewe kategorieë te vergemaklik.

---

<sup>8</sup> Kyk 4.2:60-63

<sup>9</sup> Kyk 3.2:45-46

<sup>10</sup> Kyk 3.8:57-59

#### 1.8.4 Ontleding en interpretasie

Tydens die *argetipe* ontledingsfase is die teks, na die eerste, globale leesproses, weer op 'n sistematiese wyse deurgelees aan die hand van die ontledingskategorieë. Hierna is die versamelde data georden en verwerk aan die hand van die kategorieë. Data is in ontledingstabelle aangeteken vir sistematiese optekening van inligting in die gegewe kategorieë. Interpretasie van die teks het daarna geskied.

Tydens die *dekonstruksie* van die teks, is dieselfde ontleding- en interpretasie metode toegepas as wat gevolg is met die argetipe ontleding van die teks.

Tydens die ontleding van die gekose *beleidsverwante tekste*, is die tekste eweneens op 'n sistematiese wyse herlees aan die hand van die ontledingskategorieë. Hierna is die versamelde data georden en verwerk aan die hand van die kategorieë. Data is in ontledingstabelle aangeteken vir sistematiese optekening van inligting in die gegewe kategorieë. Interpretasie van die ooreenkomste en verskille tussen die teksinhoud en die beleidsdiskoers het daarna geskied.

### 1.9 Samestelling van die ondersoek

In Hoofstuk II van hierdie ondersoek word die rol van politieke mites in die openbare beleidsdiskoers bespreek. Die Hoofstuk fokus onder meer op die simboliese dimensie van openbare beleid, die 'derde dimensie van mag', die funksie van politieke mites in moderne samelewings asook 'n tipologie van politieke mites. Die belangrikste interdisiplinêre, metodologiese bydraes tot die sistematiese ontleding van politieke simbole en mites, word ook bespreek. Die Hoofstuk word afgesluit met 'n bespreking van enkele analitiese bydraes ten opsigte van politieke mites en openbare beleid in die Suid-Afrikaanse konteks.

In Hoofstuk III word die metodologiese ontwerp vir die ontleding van *I am an African* bespreek.

Hoofstuk IV word in sy geheel gewy aan die ontleding en interpretasie van *I am an African* as politieke mitologie.

In Hoofstuk V word die ooreenkomste en raakpunte tussen die *I am an African*-mitologie en die gekose, beleidsverwante tekste ontleed.

Hoofstuk VI bied 'n samevatting van die studie waarin die vernaamste bevindinge en gevolgtrekkings van die ondersoek bespreek word.



## 2 Politieke mites en die openbare beleidsdiskoers

### 2.1 Inleiding

Wanneer die fokus in die beleidsfeer geplaas word op mites en simbole, word die meganismes waardeur politiek invloed uitoefen op individue, hulle begeertes, vrese, strewes en identiteitsbeewing inderwaarheid in die brandpunt gestel. In die openbare beleidsfeer geld politieke mites as kragtige meganismes waarvolgens beleidsdiskoers gereguleer en die grense van aanvaarbare debat bepaal word. As politieke simbole beskik mites by implikasie oor die kapasiteit om aanvaarbare beleidsalternatiewe te produseer en om intoleransie te bevorder ten opsigte van beleidsalternatiewe wat buite die gesanksioneerde keuses van politieke mites val. In hierdie afdeling van die ondersoek is die fokus tweeledig: (i) om die rol en funksie van mites binne die beleidsfeer toe te lig; en (ii) om vas te stel watter analitiese gereedskap die beleidsontleder tot sy beskikking het om hierdie simboliese vorm van sosiale interaksie in politieke samelewings en in die openbare beleidsproses te probeer verklaar. In die bespreking word aandag gegee aan die verskillende politieke magdimensies, die funksie van politieke mites in politieke samelewings, die metodologiese dilemma verbonde aan die ontleding van politieke mites in die openbare beleidskonteks, asook inter-dissiplinêre bydraes wat op die gebied van diskoers analise gelewer is. Die Hoofstuk word afgesluit met 'n oorsig van enkele bydraes ten opsigte van interpretatiewe, diskoers analise in die Suid-Afrikaanse politieke konteks.

### 2.2 Die simboliese dimensie van openbare beleid

Alle menslike en institusionele gedrag kan as simboliese aktiwiteite beskryf word (Kertzer 1988:3). Soos alle sosiale prosesse word sosiale interaksie in die openbare beleidsfeer ook bemiddel deur die gebruik van 'n gemeenskaplike simboolstelsel. Politiek het dus ook 'n simboliese dimensie: *'The symbolic is not a residual dimension of purportedly real politics ... The symbolic is real politics, articulated in a special and often most powerful way'* (Kessler (1978:244-245). Inderwaarheid word politiek, volgens Edelman (1964:5), deur baie mense ervaar as *'...a passing parade of abstract symbols'*. Hierdie simboliese dimensie van openbare beleid vind hoofsaaklik gestalte in taal, mites en rites (Edelman 1964:1-2). Spesifieke betekenis en emosies wat binne 'n samelewing ontstaan en gedy, word in 'n gekonsentreerde vorm deur hierdie politieke simbole na vore gebring (Edelman 1964:12). In die lig van hierdie waarneming is die simboliese dimensie van openbare beleid gemoeid met die wyse waarop politieke simbole in 'n gegewe samelewing geaktiveer en gebruik word in politieke aksie (Kertzer 1988:6). Edelman (1996:12) argumenteer dat politieke simbole dikwels in openbare beleidsdiskoers aangewend word om 'n bepaalde politieke regime te legitimeer en openbare steun te werf ten opsigte van aksies wat die bevolking geensins help inisieer het nie. Die wyse waarop simboliek in politiek inslag vind, die manier

waarop politieke akteurs simbole manipuleer, asook die aard van die verhouding tussen simboliek en politieke mag, verteenwoordig dus belangrike kwessies in die studie van openbare beleid (Kertzer 1988:2-3).

### 2.2.1 Politieke simbole en die sosiale konstruksie van realiteit

Samelewings leer 'n gemeenskaplike simboolstelsel, waardeur betekenis toegeken word aan die omgewing en aan eie ervaring, as kultuurgoedere aan. Daarsonder is sosiale samesyn inderwaarheid nie moontlik nie (Kertzer 1988:3). Hierdie proses van betekenistoeskrywing verteenwoordig, volgens Luckman en Berger (1966:134), 'n self-gekonstrueerde, simboliese weergawe van die 'objektiewe' realiteit: '*Reality is socially constructed ... concrete individuals and groups of individuals serve as definers of reality*'. Hierdie kulturele prosesse bevorder gemeenskaplike, sosiale begrip en rig menslike handeling (Bennet 1980:166-167). Anders as wat die positivisme glo, is die realiteit dus nie 'n objektiewe gegewe nie, maar 'n subjektiewe waarheid wat 'gekonstrueer' word deur 'n komplekse, interaktiewe, sosiale proses, waarin kollektiewe oortuiginge en waardes 'n beduidende rol speel (White 1994:507) en die onderskeie ideologieë bloot verskillende interpretasies van hierdie werklikheid verteenwoordig (Luckman & Berger 1966:141; Leatt, Kneifel & Nürenberger 1986:280). Magsuitoefening binne politieke samelewings hou dus verband met die vermoë van politieke akteurs en ander maghebbers, om die prosesse te beïnvloed waardeur sosiale realiteit bepaal word (Luckman & Berger 1966:137). In hierdie verband vervul die gebruik van politieke simbole (taal, mites en rites), 'n belangrike rol in die konstruksie van sosiale realiteit (Edelman 1996:10). McLellan (1995:68) beweer dat politieke simbole doelbewus gemanipuleer word in ideologie-oordrag: '*The study of ideology is therefore the study of systematically distorted communication*'. Om verstaanbare redes sal tegnieke waarmee die sosiale konstruksie van realiteit beheer kan word, besondere aantrekkingskrag hê vir politieke leiers en beleidmakers, weens die politieke beïnvloedingspotensiaal wat by implikasie daarmee gepaard gaan.

Bennet (1980:166) voer aan dat die politieke oplossings vir bepaalde, sosiale probleme wat in die openbare beleidsproses aangespreek word, die gevolg is van komplekse, kulturele prosesse waarin standpunte aangaande probleme en oplossings doelbewus beïnvloed word. Volgens Kertzer (1988:5) is hierdie vermoë om realiteit te konstrueer, inderdaad '*...the hallmark of power*'. Edelman (1996:10) som hierdie proses soos volg op: '*The critical element in political manoeuvre for advantage is the creation of meaning: the construction of beliefs about the significance of events, of problems, of crises, of policy changes, and of leaders*'. Die politieke 'realiteit' word dus kunsmatig geskep deur politieke leiers en beleidmakers, meestal deur gebruikmaking van politieke simbole.<sup>11</sup> Edelman (1996:10) beweer dat

---

<sup>11</sup> Kertzer (1988:6) beweer: '*In electing a president we elect 'the chief symbol-maker of the land*'.

politieke leiers steun móbiliseer – en opposisie ímmobiliseer – deur simbole te gebruik wat betekenis na vore roep waardeur die bevolking doelbewus gerusgestel óf vrees ingeboesem word, sodat hul steun sal verleen aan dáárdie beleidsinisiatiewe wat onder beleidmakers voorkeur geniet. Hierdie manipulerende optrede nie.

Die gebruik van simbole soos taal, mites en rites, vervul dikwels 'n belangrike sosiale funksie (Edelman 1964:19-20). Die 'simbool-intervensie' deur politieke leiers bied dikwels 'n noodsaaklike remedie vir die publiek wat soms baie verward is oor politieke aangeleenthede: *'...the leader's dramaturgical jousts with public problems make the world understandable and convey the promise of collective accomplishment to masses who are bewildered, uncertain, and alone'* (Edelman 1964:90-91). By implikasie is dit dus nie slegs die kreatiewe aanwending van politieke simbole wat die boodskap geloofwaardig maak en gehore oortuig nie, maar ook die feit dat die publiek vertel word wat hulle wil hoor (Edelman 1996:15). Die simboliese dimensie van openbare beleid – as daardie dimensie waarin betekenisgewing met behulp van simbole geskied – deurdring inderwaarheid alle beleidsprosesse, selfs daar waar openbare beleid belange bedreig, en nie bedien nie (Edelman 1996:10). Met die ontleding van die simboliese dimensie van openbare beleid – tydens enige van die fases wat van probleemstelling en agenda-bepaling tot by implementering strek – word beleidsanalise dus ingetrek in die dampkring van politieke beïnvloeding en magsuitoefening.

### 2.2.2 Politieke simbole en politieke mag

Lasswell, so beweer Parsons (1995:145-155), was een van die eerste ontleders van openbare beleid wat die sogenaamde 'derde dimensie van mag' in die brandpunt stel. Latere bydraes op hierdie terrein, onder meer deur Schattschneider (1960), Crenson (1971), Gaventa (1980) asook Bachrach en Baratz (1963), het hiérdie perspektief op die komplekse – en omstrede – verskynsel van magsuitoefening en beïnvloeding in die openbare beleidsproses, aansienlik verbreed en verryk met hul waarneming dat drie 'magsdimensies' inderdaad onderskei kan word.

Beskou vanuit 'n pluralistiese perspektief, verwys magsuitoefening in sy eerste dimensie en eenvoudigste vorm, volgens Crenson (1971:33), na die vermoë waarvoor A – die maghebber – beskik om B se gedrag te beheer. Binne die openbare beleidsfeer impliseer die 'eerste dimensie van mag' dus dat A oor die vermoë beskik om besluite te beïnvloed aangaande betekenisvolle beleidsaangeleenthede in die onderhandelingsproses (Gaventa 1980:14). Teoretici, soos Schattschneider (1960), wat voortbou op hierdie teorie, toon aan dat magsuitoefening hom ook in 'n tweede dimensie, in 'n ietwat meer komplekse gedaante, voordoet (Bachrach & Baratz 1963:641). Hierdie vorm van magsuitoefening beskryf

Schattschneider (1960:69) as '*...the exploitation of some kinds of conflict and the suppression of others ... Some issues are organised into politics while others are organised out*'. Hierdie 'tweede dimensie van mag', verwys dus na die vermoë van die maghebber om konflik te bestuur én te beheer deur vooroordeel ten opsigte van bepaalde beleidsalternatiewe doelgerig te mobiliseer (Parsons 1995:126;135). Beïnvloeding in hierdie dimensie van mag, sluit dus maghebbers se vermoë in om sekere openbare probleme en twispunte geheel en al van die politieke agenda af weg te hou. Crenson (1971:177) beskryf hierdie vorm van mag as: '*...the ability to prevent some topics from becoming issues and to obstruct the growth of emergent issues*'. Magsuitoefening in hiërdie gedaante geskied dikwels deur doelbewuste manipulerings van waardes, mites, politieke instellings en prosedures wat binne die samelewing geld. Bachrach & Baratz (1963:632) beskou hierdie proses van manipulerings as '*...the practice of limiting the scope of actual decision-making to 'safe' issues by manipulating the dominant community values, myths and the political institutions and procedures. To pass over this is to neglect one whole 'face' of power*' (Bachrach & Baratz 1963:632). Die proses van doelbewuste manipulerings deur nie-besluitneming oor sekere sleutelkwessies, verteenwoordig dus 'n beduidende vorm van mag, aangesien dit maghebbers in staat stel om aandag te fokus op nie-kontensieuse beleidsaangeleenthede wanneer dit blyk dat hulle belange en beleidsvoorstelle moontlik deur opponering gedwarsboom kan word (Parsons 1995:135). Hierdie 'tweede dimensie van mag' verwys dus na die vermoë van maghebbers om politieke aksie doelbewus te bestuur deur vooraf te bepaal wanneer politieke optrede sal geskied of in gebreke sal bly (Parsons 1995:139). Volgens Parsons (1995:141;143), identifiseer beide Crenson (1971:178) en Gaventa (1980:256) 'n derde magsdimensie wat op 'n 'ideologiese' vlak werksaam is.

Beïnvloeding in die 'derde dimensie van mag', word gekenmerk deur doelgerigte aanwending van sekere politieke truuks en selektiewe artikulasie om openbare ontevredenheid te ontloot en bepaalde persepsies van sosiale probleme en twispunte aan te moedig (Parsons 1995:141). Uiteraard lê beïnvloeding hier op 'n baie dieper, nie-waarneembare vlak (Parsons 1995:142). In hierdie magsdimensie beskik A nie net oor die vermoë om B se gedrag te beïnvloed nie, maar ook sy strêwes en aspirasies (Parsons 1995:142). Hierdie vorm van mag verwys na maghebbers se vermoë om betekenis te 'konstrueer' en om konflik te bestuur, hoofsaaklik deur die manipulerings van mites en simbole (Parsons 1995:142). '*What is voiced by the powerholders in the decision-making arenas*', getuig Gaventa (1980:256), '*may not always reflect the real conflict, but may articulate norms or myths which disguise or deflect the more latent conflict*'. Die feit dat B ook besonder ontvanklik is vir mites, werk instemming, 'n onkritiese (of selfs apatiese) instelling teenoor beleidsalternatiewe en openbare twisvrae verder in die hand (Parsons 1995:143).

Oor die algemeen fokus openbare beleidstudies hoofsaaklik op die 'eerste dimensie van mag' en skenk geringe aandag aan die wyse waarop maghebbers in die ánder twee magsdimensies simbole aanwend

om openbare mening te manipuleer (Parsons 1995:145). Die dieperliggende prosesse, die vlak waarop, volgens Lasswell (1948:215), die sogenaamde 'simbool-spesialiste' op 'n subtiele, minder sigbare wyse mag uitoefen, verteenwoordig 'n nog onverkende terrein (Parsons 1996:145;612). Ontleding van hierdie vlak van magsuitoefening verg, volgens Gaventa (1980:15), onder meer die bestudering van '*...the means through which power influences, shapes and determines conceptions of the necessities, possibilities, and strategies of challenge in situations of latent conflict*'. Die ontleder sal in sodanige studies die volgende waarskynlik onder die loep moet neem: sosiale mites, taal, simbole, asook die wyse waarop dit gevorm en gemanipuleer word in magsprosesse (Gaventa 1980:15). '*It may involve the study of communication of information – both of what is communicated and how it is done*' (Gaventa 1980:15). Openbare beleid kan, volgens Bennet (1980:173), beskou word as 'n belangrike meganisme waardeur die sosiale konstruksies van realiteit bevestig word: '*...policy is the ultimate agency of political control – operating on public opinion to create repressive understandings about the nature of society*'. Die potensiaal waaroor mites, taal en simbole beskik om betekenis oor te dra in die magsprosesse wat onderliggend is aan politieke handeling en openbare beleid, verteenwoordig dus 'n noodsaaklike en relevante studieveld in openbare beleidsanalise (Parsons 1995:145).

### 2.2.3 Politiese simbole en betekenisoordrag

Edelman (1964:6) herlei politieke simbole se vermoë om betekenis oor te dra binne samelewingsverband na twee, inherente eienskappe, naamlik referensie en kondensasie. Die referensiële of verwysingsfunksie van simbole '*...are economic ways of referring to the objective elements in objects or situations*' (Edelman 1964:15). Lede van 'n samelewing heg dieselfde betekenis aan hierdie simbole, waardeur die kommunikasie van betekenis vergemaklik word (Edelman 1964:6). In die tweede plek laat simbole egter ook 'n kondensasie van betekenis toe. Die kondensasie funksie beteken dat 'n veelvoud van betekenis in een simboliese teken opgesluit lê. Die meeste politieke handeling het 'n simboliese kondensasie funksie. Deur bepaalde emosies aan 'n politieke simbool te koppel, soos nasionale trots, vrees, patriotisme of herinneringe aan vergane glorie, kan 'n veelvoud van betekenis na vore geroep word (Edelman 1964:7). Politieke simbole, wat onder meer uitdrukking vind in toesprake, gebare en dade, betrek massa gehore dus emosioneel in politiek sake en maak hulle terselfdertyd insiklike deelgenote aan beplande beleidsinisiatiewe (Edelman 1964:15). Die betekenis van 'n politieke handeling korreleer dus nie soseer met die objektiewe gevolge wat daaruit voortspruit nie, maar ontstaan, volgens Edelman (1964:7), uit die psigologiese behoeftes van die respondente en uit hulle responsie op die simbole wat gebruik is.

Kertzer (1988:11) se beskouing van die wyse waarop betekenisoordrag deur politieke simbole geskied, toon raakpunte met dié van Edelman. Hy beweer dat kondensasie 'n ryk verskeidenheid, diverse

betekenisse toevoeg aan simbole – verbaal of ikonies – en dat 'n nuwe sintese van betekenis so ontstaan. As gevolg van die feit dat verskillende betekenisse gekoppel kan word aan 'n gegewe simbool, beskik politieke simbole oor 'multivokaleiteit' (Kertzer 1988:11). Hierdie moontlikheid van simbole om verskillende betekenisse te dra, is volgens Kertzer (1988:11) veral belangrik in tye wanneer dit nodig mag wees om solidariteit te bou of wanneer 'n gebrek aan konsensus aan die orde van die dag is. Hy vestig die aandag daarop dat politieke simbole ook dubbelsinnige en teenstrydige betekenisse kan inhou en dat 'n gegewe simbool nooit een, enkelvoudige betekenis het nie (Kertzer 1988:1). Hierin, meen Kertzer (1988:11), lê juis die krag van politieke simbole, aangesien die dubbelsinnige betekenis wat daaraan gekoppel kan word, sosiale solidariteit juis moontlik maak. Hoewel simbole dus verskillend vertolk word, en verskillende assosiasie en betekenis deur ontvangers daaraan toegeskryf word, lei dit nie noodwendig tot betekenis konflik nie. *'Indeed, the joining together of opposites is one of the most striking features of political rhetoric'* (Kertzer 1998:69-70). Uiteraard bestaan daar 'n samehang tussen die interpretasie van politieke simbole en die gebruikskonteks.

Die agtergrond waarteen politieke simbole gebruik word, oefen inderdaad beduidende invloed uit op betekenisvorming. Edelman (1964:97) argumenteer dat kondensasie simbolisme dikwels ten koste van rasonale, kritiese bevraagtekening deur kontekstuele assosiasie na vore geroep word. Politieke akteurs manipuleer die konteks waarbinne simbole gebruik word soms ook doelbewus, aangesien 'n bepaalde konteks legitimering van optrede in die hand kan werk (Edelman 1964:100). In vele opsigte kan dus geargumenteer word dat daar nie iets soos 'n neutrale konteks bestaan nie aangesien die reaksie van die ontvangers op politieke kommunikasie altyd deur die konteks beïnvloed word (Edelman 1964:102). Referensie, kondensasie, konteks en die moontlikheid van simbole om, volgens Bennet (1980:169), 'n veelvoud van betekenistoeskrywings moontlik te maak, dui aan waarom politieke simbole so 'n bepalende rol in die vorming van sosiale realiteit en in die oordrag van betekenisse binne politieke samelewings speel.

#### 2.2.4 Politieke simbole op kollektiewe aandrang

Kertzer (1988:4-5) argumenteer dat omgang met simbole 'n natuurlike, menslike handeling is: *'Though symbols give people a way of understanding the world, it is people who produce new symbols and transform the old'*. Edelman (1964:16) meld dat twee vorms van politieke simbole – mites en rites – veral in politieke instellings domineer. Hy beweer (1964:1-2) dat die veelvoud van betekenisse wat aan politieke simbole geheg word, die kollektiewe versugtinge, behoeftes en vrese van die samelewing reflekteer. Edelman reken ook dat die publiek smag na 'simbole' eerder as na nuus (1964:9). Vanuit hierdie perspektief kan die frekwente voorkoms van beide mites en rites in openbare beleid dus teruggevoer word na politieke samelewings se kollektiewe behoefte aan 'irrasionele' simbolisering. Kertzer (1998:3)

beweer dat politieke samelewings se entoesiasme en ontvanklikheid vir politieke simbole die standpunt van positivisties-georiënteerde beleidsanalise weerspreek, wat met utilistiese berekeninge wil toon dat mense in moderne samelewings doel-georiënteerd en pragmaties is en dat irrasionele, politieke gedrag inherent rasioneel is, of na vore tree as gevolg van groepsdruk. Weens hierdie 'aandrang' op politieke simbole, mag die beïnvloedingspotensiaal van politieke mites in die beleidsproses geensins geringgeskat word nie. *'Perhaps the most significant consequences of the failure to understand the role of myth and ritual in political processes,'* waarsku Bennet (1980:178), *'is the tendency to dismiss the most enduring and important features of politics as trivial.'* By implikasie kan 'n geringskating van die rol wat politieke mites in openbare beleid speel, dus die perspektief op die openbare beleidsproses verwing.

#### 2.2.5 Politiese mites en openbare beleid

Hoewel die voorkoms van mites in politieke kommunikasie, volgens Bennet (1980:171), nie noodwendig dui op die bestaan van eenvormige denkwyses met betrekking tot beleidsalternatiewe nie – die klem wat verskillende groepe en individue op bepaalde mites plaas, verskil immers – beteken die voorkoms van sodanige verskille nie noodwendig dat vry en oop debat aangaande beleidsalternatiewe werklik bestaan nie: *'These differences create a semblance of open public debate and conflict. However, the range of legitimate opposition occurs within a framework of myth that permits little contemplation of change in the overall distribution of social values'* (Bennet 1980:171). As sodanig dien mites dus as 'n soort kode aan die hand waarvan die sosiale konstruksie van realiteit geskied en keusemoontlikhede ten opsigte van beleidsalternatiewe gereduseer word tot daardie opsies wat versoenbaar is met bepaalde gesanksioneerde waardes, soos vergestalt in die heersende politieke mitologie (Bennet 1980:171): *'One does not generate his or her policy preferences through some independent assessment of objective conditions, but by coding reality in terms of the limited range of myth available for such evaluation'* (Bennet 1980:171). Die vermoë om, aan die hand van politieke mites, beheer uit te oefen oor die legitimering, delegitimering en eliminering van bepaalde beleidsalternatiewe, maak politieke mites kragtige meganismes waarvolgens politieke diskoers gereguleer word en die grense van aanvaarbare debat oor beleidsalternatiewe bepaal word<sup>12</sup> (Bennet 1980:171). Bennet (1980:171) voer aan dat openbare beleid in samehang met politieke mites kragtige meganismes daarstel waardeur sosiale konstruksies van realiteite bevestig word: *'...the policy outcomes that flow from myth-dominated political processes are tolerable not because they result in social changes, but because they make one's perception of reality seem sensible and reassuring'*. Vanweë die interafhanklikheid tussen politieke mites en openbare beleid,

---

<sup>12</sup> Hierdie rol van politieke mites wys terug na Crenson (1971:177) se bewering dat magsuitoefening gesetel is in die vermoë om sekere openbare probleme en twispunte geheel en al van die politieke agenda af weg te hou.

funksioneer die openbare beleidsproses as 'n meganisme vir die uitoefening van politieke beheer: *'...it suggests that policy is the ultimate agency of political control – operating on public opinion to create repressive understandings about the nature of society'* (Bennet 1980:173). Die politieke gevolg van openbare beleid is dus, volgens Bennet (1980:173) die bevestiging en bekragtiging van politieke mites en daaruit voortvloeiend die potensiele beheer oor die sosiale konstruksie van realiteit.

## 2.3 Politieke mites

Outeurs soos Segal (1996), Tudor (1972) en Cuthbertson (1975) dui aan dat daar 'n wye spektrum van uiteenlopende sienswyses aangaande die positiewe en/of negatiewe aard, rol en funksie van politieke mites bestaan.<sup>13</sup> Perspektiewe aangaande die definisie, klassifikasie en funksionele rol van politieke mites in politieke samelewings toon 'n soortgelyke diversiteit van standpunte. Beskouings ten opsigte van die rol wat mites in demokratiese samelewings vervul, wissel van besorgdheid oor die politieke mag wat politieke mites aan politieke leiers verleen, tot optimisme oor die sosiale samehörigheid wat daardeur bevorder word. Beskouings wat 'n negatiewe konnotasie aan mites koppel, beklemtoon die rol wat mites vervul in die manipulering van politieke mag (Tudor 1972:16; Mendlovitz & Ruiz, in Weiner 1998:95). Beskouings wat 'n positiewe konnotasie aan mites koppel, verwys onder meer na die rol wat mites speel in die skep van sosiale konsensus (Cuthbertson 1975:12; Segal 1995:95). Die uiteenlopende sienswyses is veral opvallend wanneer daar gelet word op die talle definisies wat geld ten opsigte van die begrip 'politieke mite'.

### 2.3.1 Die begrip 'politieke mite'

Vakliteratuur wat die rol van mites in sosiale interaksie verken, bied 'n wye verskeidenheid definisies van die konsep 'mite' en 'politieke mite' aan. Oor die algemeen maak hierdie omskrywings nie 'n groot onderskeid tussen die begrip 'mite' en 'politieke mite' nie en wil dit voorkom asof die twee begrippe uitruilbaar is. Volgens Tudor (1972:17;62) verskil die politieke mite weinig van ander soort mites, hoewel politieke mites uiteraard met politiek gemoeid is en die bonatuurlike geen, of 'n baie geringe rol daarin speel. Cuthbertson (1975:xx;12;156) dui aan dat politieke mites as vertrekpunt dien vir sosiale 'sanksionering' binne die samelewing en Lasswell (in Lasswell, Leites & Associates 1949:9) verbind politieke mites met fundamentele aannames aangaande politieke sake: *'It consists of the symbols invoked, not only to explain, but also to justify specific power practices'*. Gaster (1954:212) se omskrywing van die begrip werp lig op die mite se vermoë om binne politieke samelewings 'n brug te slaan tussen hede, verlede én toekoms: *'...what memory is to the past, and hope to the future, that is Myth to the pre-*

---

<sup>13</sup> Segal (1996:25;38;74); Tudor (1972:15;16;18;19;46;48) en Cuthbertson (1975:1;4;16;25).



*sent*: Hierdie omskrywing vind aansluiting by die definisie van die mite as 'n verhaal wat handel oor die verlede.

Omskrywings van die mite as '*n verhaal*' verteenwoordig die mees algemene beskouing van die begrip 'mite' (Gaster 1954:184-185). '*The myth*', so verklaar Mudime (1992:139), '*is first of all a symbolic narrative, therefore a mask that must be interpreted in order to obtain the historical truth that it both hides and reveals*'. Thompson (1985:1) beskryf politieke mites as '*...a tale told about the past to legitimize or discredit a regime*'. Sodanige mites funksioneer om die outoriteit van maghebbers in 'n bepaalde samelewing te versterk.

'n Verskeidenheid definisies van die begrip 'mite' fokus ook op die vermoë waaroor hierdie simbole beskik om as voertuig te dien vir *ideologie-oordrag* in samelewings. Tudor (1972:46) meld dat beide Levy-Bruhl en Durkheim mites beskou as kollektiewe daarstellings van '*...all doctrines, concepts, ideas shared by the members of a given social group*'. Op sy beurt beklemtoon Gaster (1954:185) die vermoë waaroor politieke mites beskik om die realiteit in die gewaad van die ideële skets: '*Myth ... may be defined as any presentation of the actual in terms of the ideal*'. Tudor (1972:64) lei die volgende implikasie hieruit af: '*Wherever an episode from the past ... is put forward as an example to guide men's present activity, it inevitably 'loses' its 'historical' character and becomes ... an ideal*'. Ook Cuthbertson (1975:xx;3) is van mening dat die mite simbole artikuleer met die doel om ideologiese inhoud oor te dra en morele konsensus te bewerkstellig.

Enkele definisies verleen ook prominensie aan die mite as *kollektiewe produk van die samelewing*. Outeurs wat hierdie beskouing steun is onder meer Bennet (1980:167) en Tudor (1972:46). Bennet beskryf mites as '*...the truths about society that are taken for granted*', terwyl Tudor (1972:46) beweer dat mites nie soseer die stempel van individuele denke dra nie, maar 'n kollektiewe produk verteenwoordig van die samelewing waarin dit voorkom. Cassirer argumenteer: '*Myth is an objectification of man's social experience*' (1946:47). As kollektiewe produk word mites vanuit hierdie perspektief beskou as 'n integrale deel van die mens se sosiale leefwêreld.

### 2.3.2 Mites in moderne politieke samelewings

Politiese mites, so beweer Cuthbertson (1975:14;103), funksioneer om die bevolking met die Staat te verbind en om politieke mag te legitimeer en te handhaaf. Die rol wat mites in politieke samelewings speel, is daarom geen nuwe tendens in politieke handeling nie (Tudor 1972:22). Volgens Cuthbertson (1975:15) en Lasswell (in Lasswell *et al.* 1949:10) vorm mites sedert die Plato-era deel van politieke teorie. Lasswell (in Lasswell *et al.* 1949:12) voer ook aan dat elke moderne Staat oor spesialiste beskik wat hul besig hou met die '*...repetition, elaboration and application of the political myth*'. Volgens hierdie

perspektiewe is die teenwoordigheid van mites in politieke samelewings 'n eienskap wat alle samelewings kenmerk – inderwaarheid is dit die voorvereiste vir politieke samelewings. As intellektuele produk van die samelewing word die vorm wat die politieke mite aanneem inderdaad deur die heersende sosiale omstandighede bepaal (Cuthbertson 1975:11;12). Lasswell (in Lasswell *et al.* 1949:14) beklemtoon ook die verband wat bestaan tussen mites en die vestiging van outoriteit: *'In the total myth of any group, one component is invariably found: the justification and location of authority'*.<sup>14</sup> In moderne samelewings funksioneer mites ook as draers van stereotipes en ander simbole wat politieke gedrag rig en sosiale norme en waardes dikteer. Cuthbertson (1975:157;158) assosieer politieke mites in moderne samelewings ook met die bewaring van tradisionele gebruike, rites en seremonies en beskou mites as 'n soort 'bolwerk' teen eensaamheid en vervreemding binne die samelewing. Mites funksioneer dus as 'n soort kollektiewe model binne samelewingsverband en oefen invloed uit op die openbare mening: *'Myths are used as models for applying values and beliefs from which public opinion emerges'* (Bennet 1980:168). Hierdie waarneming werp lig op die potensiaal waaroor mites beskik om gedeelde politieke visie binne 'n samelewing te versterk en te artikuleer (Kertzer 1988:39; Tudor 1972:15). Volgens Tudor (1972:17) funksioneer mites in politieke samelewings ter nastrewing van spesifieke, praktiese doelstellings. Thompson (1985:7) stel dit soos volg: *'Myth ... is not an idle tale, but a hard-worked active force'*. Watter praktiese funksie vervul mites dan in politieke samelewings? En wat is die rol en betekenis van mites in die openbare beleidsdiskoers?

### 2.3.3 Funksie van politieke mites

Cuthbertson (1975:7) waarsku dat mites en die funksionele rol daarvan in politieke samelewings, slegs bestudeer kan word met inagneming van die bepaalde sosiale en politieke matriks waarin dit voorkom. Hy onderskei 'n aantal funksies wat mites binne 'n politieke samelewing vervul, soos onder meer die vestiging van legitimiteit, die bewaring van die sosiale orde, sosiale katarsis in tye van krisis, die afdwing van sosiale konformiteit, propaganda en die bevordering van rassisme en etnisiteit (1978:12).

Mites, so beweer Cuthbertson (1975:160), vervul ten eerste 'n *patologiese funksie* in die samelewing in tye van kollektiewe onsekerheid en tree dus na vore as *'...a response to the challenges of politics'* (Cuthbertson 1975:161).<sup>15</sup> Vanuit hierdie perspektief bestaan daar dus 'n kousale band tussen mites en bepaalde sosiale spanningtoestande. Mites kan derhalwe beskou word as 'n respons of reaksie op periodes van sosiale spanning (Cuthbertson 1975:158;222). Hierdie stempel wat die konteks op die mite

---

<sup>14</sup> Hierdie band tussen mites, outoriteit en mag noep Cuthbertson (1975:156) om die volgende stelling te maak: *'Myth-custodians are power holders.'*

<sup>15</sup> Mites, volgens Cuthbertson (1975:160), funksioneer dus dikwels as 'n soort 'antibiotiese' hulpmiddel vir die samelewing.

plaas, word ook deur Thompson (1985:25) bevestig. Bennet (1980:168) dui aan dat mites die *status quo* versterk in tye van stabiliteit en die weg na verandering uitstippel in tye van spanning. Hy argumenteer (1980:168) dat mites 'n beduidende rol speel in politieke diskoers: *'When mythical themes and myth-related language are stripped away from policy discourse, very little of substance remains. Most political controversy centres around disagreement over which myth to apply to a particular problem'*. Mites funksioneer ook om die komplekse, empiriese wêreld te vervang met een waarin oorsake eenvoudig en oplossings voor-die-hand-liggend is (Kertzer 1988:84). In sulke gevalle word daar meestal gebruik gemaak van 'n aantal eenvoudige, argetipe mites waarin die 'almagtige' held die 'sameswerende' vyand oorwin. *'In consequence, people feel assured by guidance, certainty, and trust rather than paralyzed by threat, bewilderment, and unwanted personal responsibility for making judgment'* (Kertzer 1988:84). In die meeste mites word rasionalisering, legitimering en ontvlugting gekombineer (Cuthbertson 1975:160). Volgens Tudor (1972:17) bied mites wat daarop gemik is om mense te help om die realiteit te verwerk, meestal 'n interpretasie aan van daardie feite wat die mite-maker as 'waar' beskou. By implikasie gaan tye van kollektiewe spanning dus gepaard met doelgerigte konstruksie van die sosiale realiteit. In Tabel 2.1 word Cuthbertson (1975:159-160) se beskouing van die korrelasie tussen sosiale omstandighede en politieke mites, weergegee.

Politieke mites funksioneer ten tweede ook ter bevordering van *sosiale konsensus* binne politieke samelewings, hetsy ten opsigte van morele waardes wat nastrewenswaardig is, of aangaande daardie waardes wat binne die samelewing as ongewens beskou word (Cuthbertson 1975:2). In sulke gevalle vervul die mitiese held, volgens Cuthbertson (1975:43), veral 'n prominente rol en dien as 'n soort fokuspunt waardeur die lede van die samelewing hulself verbind tot konsensus: *'...the hero comes to present the entire configuration of social values ... Through a queer political synecdoche, the epic hero comes to represent the entire community. His search projects the wish fulfilments of a nation'*. Die antropomorfe held verteenwoordig dus die nasie as 'n geheel. In mitiese verhale van hierdie aard, word die volgende elemente onder meer aangetref: (i) die geboorte of dood van die held; (ii) 'n toets vir sy dapperheid; (iii) die afdaal na 'n onderwêreld; asook (iv) anti-heroïese figure wat die nasie bedreig (Cuthbertson 1975:100-101).

In die derde instansie funksioneer politieke mites ook om *legitimering van mag* te onderskryf. In hierdie geval dien politieke mites om die outoriteit van 'n bepaalde regime of politieke groep te legitimeer en om bestaande solidariteit aan te wakker en te versterk (Tudor 1972:48). Hierdie legitimeringsfunksie is veral opvallend waar mite en Staat aan mekaar verbind word (Cuthbertson 1975:16). Legitimeringsmites bevorder ook sosiale solidariteit. In hierdie mites word inheemse elemente meestal geïdealiseer en kulturele vyande gestereotipeer: *'Myth,'* so beweer Cuthbertson (1975:193) in hierdie verband,

'...segregates the children of light and the children of darkness'. Hierdie funksie is veral prominent in rassistiese en etnosentriese mites (Cuthbertson 1975: 195). Chilton *et al.* (1989:56-57) verwys onder meer na Pocheptsov se studie van die propaganda diskoers in die eertydse Unie van Sosialistiese Sowjetrepublieke (USSR), waarin bevind is dat mites in die USSR dikwels 'n verhaal of intrige van helde en vyande in 'n denkbeeldige wêreld uitbeeld. In hierdie verhale is die held 'n hiperbool van die alledaagse mens, waarmee almal kan identifiseer. Menigmaal moet hierdie held egter sterf ter wille van die samelewing (Chilton *et al.* 1989:56-57). Die vyand – dikwels in die gedaante van die Verenigde State van Amerika (VSA) – word ook uitgebeeld as komende vanuit die doderyk, of is sinoniem met daardie karakter wat die dood van gewone mense veroorsaak.

In die vierde plek funksioneer mites dikwels *ter bevordering van sosiale norme*. In hierdie gedaante dien mites as 'n didaktiese hulpmiddel om burgers op te voed aangaande etiese norme, soos gehoorsaamheid, lojaliteit, vriendskap en agting vir outoriteit (Cuthbertson 1975:198). 'Each society,' volgens Kertzer (1988:12-13), 'has its own mythology detailing its origins and sanctifying its norms.' Meestal wentel hierdie mites om belangrike helde of gebeure wat simboliese betekenis gee aan die mite. Hierdie simboliese betekenis word oorgedra van geslag tot geslag en bied samelewings '...a way to understand such abstract political entities as the nation and a means (indeed the compulsion) of identifying with them' (1988:12-13). In hierdie opsig funksioneer politieke mites dus in diens van nasiebou.

**Tabel 2-1: Korrelasie tussen politieke mites en sosiale omstandighede**

Sosiale omstandighede	Argetipe mite
In wordingstye	Epiese held wat die samelewing verteenwoordig en teen demoniese magte veg
In tye van revolusie	Utopiese en Messiaanse mites
In tye van onsekerheid	Mites wat die regering en bestel legitimeer en burgers opvoed
In tye van stabiliteit	Mites wat heroïese waardes en geregtigheid idealiseer
In tye van groei	Mites wat die geskiedenis vereer
In tye van interne magstryd	Mites wat sondebokke uitwys ter bevordering van sosiale samehorigheid
In tye van eksterne magstryd	Etniese mites, propaganda
In tye van verdrukking	Mites van vryheid, Messiaanse mites en mites ter ontvlugting
In tye van swaarkry	Mites van die Beloofde Land
In tye van degenerasie	Mites van 'n verlore goue era
Geestelike heropbou na verlies	Epiese mite waarin die held die samelewing versinnebeeld

'n Vyfde funksie wat aan politieke mites gekoppel word, is die *mobilisering van die samelewing*. Aangevuur deur die oortuigingskrag van mites, huiwer die bevolking nie om hulle lewens op die spel te plaas ter wille van die saak nie, veral aangesien die mite hul meestal verseker van 'n oorwinning. Tudor

(1972:14) beskou die Marxistiese revolusie van die proletariaat as voorbeeld van hierdie mobiliseringsmag van mites.

#### 2.3.4 Tipologie van politiek mites

Teoretiese perspektiewe dui aan dat politieke mites 'n verskeidenheid nuttige funksies in politiek samelewings vervul. Die beweerde korrelasie tussen politieke mites en gegewe sosio-politieke omstandighede impliseer ook dat sekere mitiese temas by herhaling in samelewings opduik en dat daar sprake kan wees van 'n tipologie van politieke mites. Die vernaamste bydrae in hierdie verband is gelewer deur Tudor (1972), Cuthbertson (1975) en Thompson (1985). Hulle onderskei 'n aantal 'oer' of argetipe mites en/of mitiese temas waaruit samelewings kan put<sup>16</sup>, naamlik vestigingsverhale, eskatologiese mites, nasionaal-rewolusionêre mites, die mite van die Ariese ras en Hesoidiese mites.

Mites wat as *vestigingsverhale* geklassifiseer word, sluit 'n groot aantal politieke mites in, waaronder die stigtingsmite van die Amerikaanse nasie (1776), die Russiese mite van die Oktober Revolusie (1917) en in Suid-Afrika die Groot Trek (1838) (Tudor 1972:16;65;91). Thompson (1985:3) noem hierdie verhale ook *stigtingsmites*, waardeur 'n Staat se ontstaan gelegitimeer word. In hierdie mites, waarin die Staat se legitimiteit bevestig en sosiale stabiliteit bevorder word, verwerf die held meestal, ná dapper stryd of selfs die dood, 'n talisman wat sy legitimiteit en mag bevestig. Cuthbertson (1975:173) dui aan dat mites as vestigingsverhale uiteraard funksioneer om regerings of 'n politieke groepering te wettig.

Mites wat berig van kataklismiese eindtye ná die vernietiging van 'n bepaald orde en die geboorte van 'n nuwe era uit die daaropvolgende chaos, dui op *eskatologiese mites* in 'n politieke gewaad (Tudor 1972: 16;65;92). Thompson (1985:4) beskou hierdie mites as radikale mites, gekenmerk deur eskatologiese projeksies aangaande die toekoms en 'n obsessie met die millennium. Die profesieë van Nongqause word onder meer as 'n radikale of millennium mite beskou (1985:5). Ander millennium mites wat Thompson (1995:5) identifiseer, is die Marxistiese mite van 'n klaslose samelewing en die revolusie van die proletariaat. Millennium mites word meestal met die Christendom geassosieer (Tudor 1972:93). Cuthbertson (1975:124;166) meld dat hierdie mites handel oor 'n nasie se redding. Die politieke inhoud van sulke mites verwys dikwels na 'n koning wat terugkeer nadat hy die nasie gered het van 'n oorheerser of monster. In hierdie mites, ook bekend as epiese mites, moet 'n beskawing veg teen demoniese magte en beklee die held en sy heroïese dae 'n sleutelrol (Cuthbertson 1975:97-100). Mites

---

<sup>16</sup> Mites wat in die tipologie vermeld word, maar nie hier bespreek word nie, sluit sogenaamde mites van mag en ikonoklastiese mites in (Cuthbertson 1975:184;188). Magsmites funksioneer om maghebbers se mag te bevestig en die nasie onderdanig te hou. Cuthbertson (1975:184;188) beweer politieke mites neem dikwels hierdie vorm aan. Ikonoklastiese mites funksioneer hoofsaaklik om sosiale kritiek te lewer ter bevordering van hervorming.

van kulturele katastrofes, waarin die held sterf, is volgens Cuthbertson (1975:170) verwant aan die Messiaanse mite.

*Nasionaal-rewolusionêre mites* berig meestal van opstand teen verdrukkers. In hierdie mites gaan die samelewing gebuk onder die juk van 'n eksterne verdrukker, of onder die arbitrêre mag van die Staat. Die vyand bevind hom dus in die samelewing en verteenwoordig nie 'n eksterne mag nie. Dikwels word die vyand in hierdie mites geïdentifiseer aan die hand van sy sosio-ekonomiese status of die aard van sy politieke gediensigheid. Hierdie mites streef nie die vernietiging van politiek stelsels as sodanig na nie, maar wel die herstel van die outentieke, politieke samelewing. In hierdie mites is die opstand van die nasie, waardeur die land bevry word van die eksterne verdrukker, 'n noodsaaklike voorvereiste vir die omvorming van die Staat tot 'n nasionale entiteit. Tudor (1972:98-103) identifiseer die mite van die Noormanne se juk en die Frans-Galliese opstand teen Rome as die bekendste mites in hierdie kategorie.

*Mites van die Ariese ras* sluit verhale in oor adellike geboortes en die ontstaan van die Ariese ras as die voorvaders van die Indo-Germans in Europa (Tudor 1972:103-109). Ras superioriteit is 'n sentrale konsep in hierdie mites: '*Race thinking, properly so called, entails the notion that a specific group of people, defined in terms of their common descent, possess genetically transmitted virtues which mark them off as being superior to the rest of humanity*' (Tudor 1972:103). Die sentrale tema van hierdie mites dui aan dat alle beskawings voortspruit uit die blanke ras, dat geen beskawing sonder hulle kan bestaan nie en dat 'n samelewing se status bepaal word deur die mate waarin die bloedlyn van die oorspronklike voorsate suiwer gehou word (Tudor 1972:105). 'n Korrelasie tussen rassevermenging – waardeur die suiwer Ariese bloedlyn bedreig word – en die verval van samelewings word gesuggereer, aangesien sodanige vermenging 'teen die natuur' spreek. Die mite is onder meer geïnspireer deur die teorieë van Darwin en toon 'n ineenstrengeling van politiek en wetenskap (Tudor 1972:106-109). Die prominentste weergawe van hierdie mite word uiteraard gevind in die Anti-Semitisme van die Derde Ryk, waarin ras en nasie sinoniem met mekaar en met die Ariese ras gestel is. In hierdie mites word volksvreemdelinge, oftewel Jode, geprojekteer as die ware gevaar of vyand (Tudor 1972:107). Die mite van die Ariese ras is verwant aan die mite van nasionale rewolusie, aangesien die vyand hom in hierdie mite ook binne die samelewing bevind.

*Hesoidiese mites* verwys terug na die verhaal van Hesoidus en weerspieël die verlange van die mensdom na 'n regverdige, samehorige en morele wêreld, waarin die natuur finaal oorwin is. In hierdie mites bied die politieke bestel die nasie 'n beskutting teen die chaotiese magte van die natuur, wat buite die stadsgrense op hulle wag. Tudor (1972:111-112) beweer dat die Marxisme op hierdie mite gebaseer is, hoewel die samelewing, in die Marxistiese weergawe van die mite, nie uitgelewer is aan die natuurmagte nie, maar aan die genadelose siklusse van inflasie, werkloosheid en resessie.

### 2.3.5 Voorwaardes vir die optimale funksionering van politieke mites

Thompson (1985:12-19) dui aan dat die impak en optimale funksionering van politieke mites in samelewings deur 'n drietal, normatiewe kriteria bepaal word, te wete geskiedkundige geloofwaardigheid, wetenskaplike geloofwaardigheid en funksionele nuttigheid binne die bepaalde politieke samelewing.<sup>17</sup>

Volgens die kriterium van *geskiedkundige geloofwaardigheid* moet daar 'n mate van versoenbaarheid bestaan tussen die geskiedkundige feite van 'n historiese gebeurtenis en die weergawe daarvan in die mite. Geskiedkundige onakkuraatheid diskrediteer die mite uiteraard en beïnvloed die politieke impak daarvan nadelig (Thompson 1985:12).

*Wetenskaplike geloofwaardigheid* verwys na die wetenskaplike 'bewyse' wat ter staving in 'n mite aangevoer word om die impak daarvan te verhoog. Thompson (1985:13-15) beweer dat rassisme en blanke superioriteit onder meer in mites wetenskaplik 'gefundeerd' is, deur te verwys na die ewolusieëer en die kranioëe en dat hierdie argumente gebruik is om blanke oorheersing in die VSA en in die Europese kolonies in Afrika, Asië en die Karibiese Eilande te regverdig. Die mite van Ariese meerderwaardigheid is in die loop van die 20<sup>ste</sup> eeu finaal deur wetenskaplikes, bioloë en antropoloë ontmasker as verdigsel (Thompson 1985:15), waardeur die geloofwaardigheid van die mite ingeboet is.

*Funksionele nuttigheid* dui aan dat mites, ten spyte van moontlike tegniese en geskiedkundige onakkuraatheid, steeds impak kan hê binne 'n bepaalde politieke samelewing, mits dit 'n nuttige funksie in samelewingsverband vervul (Thompson 1985:17-18). Gaster (1954: 209) steun ook hierdie beskouing: '*A story<sup>18</sup> might ... be valid functionally ... yet be invalid historically*'. Thompson (1985:19) beskou mites wat '*...sound moral principles and ... domestic and international harmony*' binne politieke samelewings projekteer, as nuttig en funksioneel.

### 2.3.6 Mites en die artikulering van ideologiese inhoud

Politieke mites vervul 'n verskeidenheid funksies in politieke samelewings en word na vore geroep deur bepaalde sosio-politieke omstandighede. Uit die tipologie van politieke mites<sup>19</sup> kan afgelei word dat mites binne gegewe sosio-politieke omstandighede funksioneer om 'n bepaalde ideologie binne die politieke samelewing te handhaaf en te projekteer, met die doel om kollektiewe gedrag te aktiveer. Ideologie-oordrag kan derhalwe beskou word as die oorkoepelende funksie van politieke mites. Binne die openbare

---

<sup>17</sup> In die realiteit beantwoord mites selde aan een of al drie van hierdie kriteria en kan onder bepaalde omstandighede hardnekkig oorleef ten spyte van wetenskaplike en geskiedkundige loëning (Thompson 1985:20).

<sup>18</sup> In hierdie konteks dui 'story' op 'n mitiese verhaal.

<sup>19</sup> Kyk 2.3.4:30-31

beleidskonteks beskik politieke mites ook oor die potensiaal om openbare beleidsalternatiewe te legitimeer en die keusemoontlikhede te beperk tot daardie opsies wat versoenbaar is met bepaalde gesanksioneerde waardes, soos vergestalt in die heersende politieke mitologie. Hierdie proses van beïnvloeding weerspieël die 'derde dimensie van mag', wat op 'n onsigbare wyse verloop en besondere metodologiese uitdagings aan die ontleder van politieke mites in openbare beleidstudies stel.

## 2.4 Ontleding van politieke mites: die metodologiese dilemma

Hoewel die teoretiese verkenning van die rol en funksies van mites in politieke samelewings nie 'n nuwe studieveld in die politieke wetenskappe verteenwoordig nie,<sup>20</sup> is bydraes wat in openbare beleidstudies ten opsigte van hierdie terrein gelewer is, nie omvangryk nie (Tudor 1972:22). Die bydraes van 'n klein getal navorsers het hierdie terrein wel verken het, bied egter nuwe perspektiewe aangaande die komplekse proses van ideologie-oordrag in politieke samelewings. In hierdie afdeling fokus die ondersoek hoofsaaklik op metodologiese bydraes aan die hand waarvan die ontleding van hierdie 'onsigbare', simboliese dimensie van die openbare beleidsdiskoers op sistematiese wyse kan verloop.

### 2.4.1 Politieke mites en beleidstudies

Navorsers in die politieke wetenskappe skenk, volgens Kertzer (1988:12), selde ernstige aandag aan daardie dimensie in openbare beleid waarin mites en simbole merkbaar word en konsentreer veel eerder op die invloed van belangegroepes, ekonomiese kragte en magsverhoudings in die politieke proses. Die mees relevante bydraes tot die studie van mites is dus afkomstig van navorsers in die psigologie, sosiale antropologie en linguïstiek (Tudor 1972:4). Die fokus van teoretici in hierdie dissiplines is uiteenlopend en studies aangaande politieke mites en openbare beleid is selde in hierdie vakgebiede onderneem (Tudor 1972:13). Die meeste teorieë aangaande mites is gebaseer op studies van primitiewe samelewings wat oor weinig, beduidende, politieke ervaring beskik. Met die woorde: '*Political scientists have done little to fill the gap*', rig Tudor (1972:14) dus 'n aanklag tot navorsers in die politieke wetenskappe. 'n Verdere faktor wat die studie van politieke mites belemmer, is 'n sogenaamde 'mitomanie'. Cuthbertson (1975:17) argumenteer dat die klein aantal politieke teoretici wat mites wel in betrag neem, hulle dikwels blind staar teen die sogenaamde 'totalitêre' konnotasie daarvan. Kertzer (1988:68) beweer dat politiek en mites in die moderne era al hoe meer met mekaar verweef raak: '*...far from arguing that politics becomes less encrusted in symbol and myth as society grows more complex, I suggest that a case could be made that just the reverse is true*'. Aangesien die kompleksiteit van moderne

---

<sup>20</sup> Lasswell (in Lasswell *et al.* 1949:10) en Cuthbertson (1975:11;15) dui aan dat mites reeds sedert die Plato-era deel gevorm het van politieke teorie.



samelewings direkte waarneming van politieke gebeure onmoontlik maak, word simboliese, abstrakte wyses van deelname volgens Kertzer (1988:8), al hoe meer belangrik en verkry die bestudering van politieke mites toenemend relevansie in beleidstudies.

#### 2.4.2 Die positivistiese erflating

'Myth', getuig Cuthbertson (1975:221), '*has largely been ignored by the quantitative anxiety of 'social scientists', by positivists, behaviorists, and materialists*'. Ook Kertzer (1988:7) beweer dat eietydse navorsing steeds positivisties-georiënteerd is en dat die rol van simbole in die politieke proses weinig aandag geniet. Dikwels word die standpunt gehuldig dat materiële belange burgers se politieke deelname rig en dat beleidsontleders dit moeilik vind om simboolstelsels in hulle eie samelewings te ontleed (Kertzer 1988:7). Betroubare empiriese metodes is ook nie voorhande nie aangesien simbole nie in kwantitatiewe terme bestudeer of deur wiskundige ontledings geverifieer kan word nie (Kertzer 1988:7). Dikwels word afgelei dat dáárdie politieke aspekte wat nie kwantitatief ontleed kan word nie, ook nie belangrik is nie. So word die heersende beskouing versterk, dat moderne politiek bepaal word deur rasionele aksie (Kertzer 1988:7). Met die ontleding van mites in openbare beleid, rig analitici hul fokus op die ontleding van ideologiese betekenisinhoud – 'n problematiese, metodologiese terrein, veral weens die feit dat hierdie dimensie grootliks verborge lê (Eagleton 1983:135). Die toepassing van 'n interpretatiewe benadering tot die analise van politieke simbole in openbare beleid, poog om hierdie dilemma aan te spreek.

#### 2.4.3 Post-positivisme en interpretatiewe benaderings

Die sogenaamde post-positivisme aanvaar die noodsaaklikheid van 'n eiesoortige metodiek vir die sosiale wetenskappe en staan hermeneutiese metodes en 'n interpretatiewe benadering voor (Morçöl 1999:8). Hierdie benadering beskou alle vorme van simboliese interaksie as 'tekste' en fokus op daardie aspekte wat positivistiese metodes nie kan aanspreek nie (Koch 1998:159). Die fokus van hierdie benadering is veral op diskoers analise en die wyse waarop outoriteit en mag deur diskoers in samelewings geartikuleer word (Morçöl 1999:7-8;9). Die belangrikste bydrae van die post-positivisme is ongetwyfeld die feit dat hierdie benadering politiek en openbare beleid toenemend beskou as 'n diskoerse wat realiteit konstrueer (Parsons 1995:70). In openbare beleidstudies is daar is nie baie voorbeelde beskikbaar van ondersoeke waarin interpretatiewe ontledingsmetodes op die simboliese dimensie van openbare beleid – politieke mites en rites – toegepas is nie. Edelman (1996) en Yanow (1993) het egter belangrike bydraes in hierdie verband gelewer.

Edelman se bydrae fokus hoofsaaklik op die ontleding van politieke taalgebruik in openbare beleid en die wyse waarop taal funksioneer om politieke 'realiteit' te definieer. Hy beskou openbare beleid as 'n

simboliese handeling, waarin materiële en ideologiese belangegroepe poog om 'n meestal passiewe publiek te mobiliseer, deur die gebruik van emosie-belaaide metafore (Koch 1998:159). Edelman (1996:10-19;16) voer 'n aantal voorbeelde aan waarin politieke taal geruik word om realiteit te konstrueer. *'Political language consists very largely of promises about the future benefits that will flow from whatever cause, policy or candidate the speaker favors'* (Edelman 1996:16). 'Beloftetaal', waardeur beleidmakers die 'beloftes' verbonde aan toekomstige beleid koppel aan heersende sosiale vrese, om so steun te verkry vir die 'offers' wat in die hede gebring moet word, is 'n voorbeeld hiervan. Meestal word die noodsaaklike 'offers' oneweredig verdeel onder die lede van die politieke samelewing. In sy dekonstruksie van politieke taal ontmasker Edelman (1996:17) teenstellings in politieke argumente (soos byvoorbeeld dat oorlogvoering tot vrede sal lei) en lig die funksie van sogenaamde kwalifiserende adjektiewe toe. Edelman (1996:18) wys byvoorbeeld daarop dat die gebruik van die term 'ware' vryheid juis argumenteer vir die beperking van vryheid binne 'n bepaalde groep of samelewing.

Yanow (1993) se bydrae lê veral op die terrein van beleidsbetekenis en beleidstaal. Sy (1993:42) beweer dat positivisties-georiënteerde beleidsanalise taalgebruik as eenstemmig beskou en dus aanvaar dat objektiewe betekenis gekommunikeer kan word aan beleidsontleders, beleidmakers en die publiek sonder enige betekenisdistorsie. Betekenis wat aan beleid gekoppel word, sal dus vir almal dieselfde wees (Morçöl 1999:2). Yanow ontleed die wyse waarop beleidsbetekenis, tydens beleidsimplementering, deur die Israelse Korporasie van Gemeenskapsentra gekommunikeer is aan 'n veelvoud van teikengehore, ten einde vas te stel hoe betekenisinterpretasie deur die bevolking, beleidsimplementering beïnvloed (Yanow 1993:41-61;42). Sy kom tot die slotsom dat simboliese handeling, soos vervat in rites, mites en taal, gestalte gee aan die onderliggende waardes en oortuiginge wat vervat is in beleid en dat die konteks waarbinne betekenis toeskrywing geskied, betekenis beïnvloed (Yanow 1993:47). Hoewel beleidsbetekenis ingebed is in beleidstaal, word hierdie betekenis op verskeie maniere geïnterpreteer. Hierdie multivokaleiteit van beleidstaal verklaar nie net implementeringsprobleme nie, maar ook die suksesse wat behaal is (Yanow 1993:55). Volgens hierdie perspektief, kan die openbare beleidsproses inderdaad beskou word as 'n betekenis-skeppende proses, waarin veelvuldige betekenis aan beleid geheg word deur 'lesers' (Morçöl 1999:2;9). Yanow bepleit 'n alternatiewe benadering tot beleidsanalise: *'...we need a different set of analytical tools than those afforded by a positive analysis, one that would allow us to focus on the making and interpreting of meaning'* (1993:42). Sy (1993:56) beveel aan dat die analitiese fokus van beleidsanalise wyer moet wees as bloot taalgebruik om simboliese handeling tydens implementering ook in te sluit.

#### 2.4.4 Bydraes gelewer deur ander denkrigtings

Hoewel die politieke wetenskappe – en beleidstudies in die besonder – eers sedert onlangs aandag skenk aan die rol van mites in ideologie-oordrag, het verskeie ander vakterreine 'n ryk tradisie in hierdie verband opgebou. In hierdie afdeling word die fokus hoofsaaklik geplaas op die analitiese bydraes van die strukturalisme en die sogenaamde post-strukturalisme.

Die *strukturalisme*, wat grootliks beïnvloed is deur die linguistiese teorieë van die taalkundige, Ferdinand de Saussure, se belangrikste bydrae lê in die waarneming dat die bestaan van 'n gemeenskaplike betekenisstelsel (saamgestel uit tekens en kodes)<sup>21</sup> sosiale verkeer en kommunikasie tussen individue in samelewingsverband voorveronderstel (Van Luxemburg *et al.* 1981:58; Eagleton 1983:107). Die struktuur van hierdie betekenisstelsel kan, volgens die strukturalisme, wetenskaplik bestudeer word (McLellan 1995:59). Die strukturalisme, wat enige diskoers – geskrewe of verbaal – as 'n teks beskou (Caputo 1997:88; Eagleton 1983:96), maak onderskeid tussen die manifeste en latente betekenisinhoud van die teks. Volgens hierdie beskouing is die ideologiese betekenisinhoud van die teks ingebed in die latente betekenislaag, oftewel dieptestruktuur: *'The actual discourse or activities of individuals can be viewed as a screen hiding the underlying ideological structure of their words or actions'* (McLellan 1995:59). Blootlegging van hierdie dieptestruktuur is die primêre fokus van die diskoers analise. Strukturele analise fokus op die verhouding tussen verskillende lae van 'n teks, die patroon van binêre opposisie<sup>22</sup> wat in die teks voorkom (byvoorbeeld van tematies pare soos lewe/dood, lig/donker, kultuur/natuur) en die verhouding van een teks tot 'n ander, oftewel intertekstualiteit (Van Luxemburg *et al.* 1981:51; 52:53). Die antropoloog, Claude Lévi-Strauss, was een van die eerste eksponente van hierdie denkskool wat strukturalisme aanwend om die betekenisinhoud van mites te bepaal (Van Luxemburg *et al.* 1981:56).

Die sleutelargument van Lévi-Strauss se benadering is dat mites 'n soort taal daarstel waarmee samelewings betekenis kommunikeer – individue 'dink' dus aan die hand van mites sonder om daarvan bewus te wees (McLellan 1959:59-60). In sy analise reduceer hy die mitiese verhaal tot die kleinste segmente moontlik (Leach 1970:62), aangesien die ware betekenis van die mite nie in die gemanifesteerde inhoud opgesluit lê nie, maar in die strukturele elemente en die onderlinge verhouding daarvan. Hierdie segmente kan saamgegroeper word in sogenaamde bundels<sup>23</sup> wat die ware boustene

---

<sup>21</sup> Taalkodes is simboliese kodes – tussen die teken en dit waarna die teken verwys, is daar 'n arbitrêre verband wat berus op konvensie (Eagleton 1983:101). Daar bestaan dus geen natuurlike verband tussen die teken en dit waarna dit verwys nie. So byvoorbeeld het die woord 'kat' geen ikoniese of eksistensiële verband met die dier waarna dit verwys nie (Luxemburg *et al.* 1981:60-61).

<sup>22</sup> In taal dui binêre opposisie daarop dat sinoniem en antitesis altyd in een woord verteenwoordig is: rooi is terselfdertyd nie-groen, nie-blou, nie-swart (Selen 1989:75).

<sup>23</sup> Stellings soos '*Oidipus maak die sfinks dood*' en '*Cadmus maak die draak dood*' behoort, as voorbeeld, albei tot dieselfde mitiese bundel, naamlik die doodmaak van monsters (Tudor 1972:57).

van mites vorm (Tudor 1972:57;59). Die kern van Lévi-Strauss se argument is dat die elemente wat die bundels daarstel in pare voorkom, wat in 'n patroon van binêre opposisie gerangskik is (byvoorbeeld lewe/dood). Hierdie mitiese pare vorm 'n stelsel van kulturele betekenis, oftewel ideologiese inhoud, wat die ware betekenisinhoud van mites daarstel (Selden 1989:56). *'The rules which governed such combinations could then be seen as a kind of grammar, a set of relations beneath the surface of the narrative, which constituted the myth's 'true meaning'* (Eagleton 1983:104). Blootlegging van hierdie patroon van binêre opposisies in die teks, vorm ook die fokus van die sogenaamde argetipe ontledingsmetode.

Die vertrekpunt van *argetipe analise*, waarvan Northrop Frye (1973) as die belangrikste eksponente beskou kan word, is die aanname dat daar 'n universele, mitiese verhaalkode bestaan wat in alle verhalende diskoers teruggevind kan word. Argetipe analise dui op 'n soort letterkundige antropologie, waarvolgens die verhaalstruktuur en beelde (metafore en/of simbole) in enige teks teruggevoer word na dié wat voorkom in die vroegste vorme van letterkunde, oftewel die mite (Frye 1973:162;141-158). Frye (1973:106) beweer dat alle mites herlei kan word na een van vier strukture, wat elk op grond van sy toonaard met 'n spesifieke seisoen in die jaarlikse siklus vereenselwig kan word, naamlik komedie (lente), roman (somer), satire (winter) en tragedie (herfs). In moderne tekste word die mitiese verhaal 'verplaas'<sup>24</sup> in 'n menslike rigting om geloofwaardigheid daaraan te verleen (1973:136-137). Die begrip 'argetipe', verwys terug na Jung en sy teorie van die kollektiewe onderbewuste. Volgens hierdie teorie is argetipes *'...culturally elaborated representations of the contents of the deepest recesses of the human psyche: the world of the archetypes. It [die kollektiewe onderbewuste] is the same for all human beings'* (Segal 1995:4). Argetipes is dus simbole wat bekend is aan alle mense (byvoorbeeld voedsel, drank, die reis, lig, duisternis, die son, die see) en beskik, volgens Frye (1973:118) oor *'...a communicable power which is potentially unlimited'*, aangesien alle mense daarmee kan identifiseer. In ooreenstemming met die benadering van die strukturalisme, berus Frye se ontledingsmetode ook op 'n analise van die onderliggende strukture in die mite, die onderlinge verhouding daarvan en binêre opposisies. Frye se argetipe ontleding bied 'n bruikbare metode, volgens Eagleton (1983:91-92), aan die hand waarvan die ideologiese betekenisinhoud van mites ontleed kan word. By implikasie kan politieke mites, as verhale, dus ook aan die hand van hierdie metode ontleed word.

Die *post-strukturalisme* verteenwoordig 'n revolusionêre benadering tot teksontleding en 'n denkstyl wat gekenmerk word deur die benadering van Jacques Derrida en sy dekonstruksie metode van teksanalise (Eagleton 1983:134; Van Luxemburg *et al.* 1981:74;80). Dekonstruksie het ten doel om hiërgiese

---

<sup>24</sup> Karakters wat in die moderne mite voorkom, is dus nie meer gode nie, maar mense (Frye 1973:136-137).

opposisies en logosentriese denke in die diskoers te ontmasker en steun hoofsaaklik op die tegniek van 'close reading' (Hawthorn 1994:33-34; Van Luxemburg *et al.* 1981:79). Die benadering fokus steeds op die struktuur, maar aanvaar dat 'n volledige interpretasie van die teks nie moontlik is nie (Van Luxemburg *et al.* 1981:75): '...the interpretation of a text can never arrive at a final and complete 'meaning'' (Hawthorn 1994:34). Tekste is dus oop stelsels en bevat subjektiewe betekenis en veelsydige betekenisinhoud (Van Luxemburg *et al.* 1981:80). Dekonstruksie soek na verborge betekenis en na metaforiese spore van voorafgaande tekste (Van Luxemburg *et al.* 1981:80-81). Volgens hierdie benadering is alle tekste verweef en dus intertekstueel (Eagleton 1983:138). Dekonstruksie aanvaar ook dat binêre opposisie en hiërargieë die sleutel verteenwoordig waarmee ideologie in die diskoers ontsluit kan word (Eagleton 1983:133). Die benadering verteenwoordig 'n soektog na alles in die teks wat die aangebode stellings en hiërargieë kan ondermyn (Van Luxemburg *et al.* 1981:85): 'De tekst deconstrueert zijn eigen stellingname en de criticus spoort deze deconstructie op en zet hem voort' (Van Luxemburg *et al.* 1981:81). Dekonstruksie soek die los draadjie in die teks waarmee die totale weefsel uitgerafel kan word (Van Luxemburg *et al.* 1981:85). Die teks word beskou as 'n skakel in 'n eindelose ketting – interpretasie aan hand van die dekonstruksie metode gaan steeds voort en is nooit voltooi nie (Van Luxemburg *et al.* 1981:83).

## 2.5 Analise van politieke diskoers in die Suid-Afrikaanse konteks

Die prominentste bydraes tot die interpretasie van politieke diskoers in die Suid-Afrikaanse konteks, wat in hierdie afdeling bespreek word, sluit die volgende in: (i) Thompson (1985) se ontleding van *The Political Mythology of Apartheid*; (ii) Derrida (in Gates 1986) se ontleding van die woord 'apartheid' in *Racism's Last Word*; (iii) McClintock en Nixon (in Gates 1986) se repliek op hierdie analise; en (iv) Botha (1999) se ontleding van *I am an African* in *The deictic foundation of ideology, with reference to the African Renaissance*.

### 2.5.1 Die politieke mitologie van apartheid

In *The Political Mythology of Apartheid* (1985) bied Thompson 'n prikkelende ontleding van die rol wat politieke mites in Afrikaner nasionalistiese ideologie gespeel het vanaf 1875: van die ontstaan van die Genootskap van Regte Afrikaners, tot en met die instelling van die sogenaamde Driekamer Grondwet in 1983. Thompson (1985:2) toon aan hoe Afrikaner nasionalistiese mitologie in hierdie tydperk deur die politieke mites van Slagtersnek, die Geloofte en die Groot Trek, 'n integrale deel gevorm het van die regime se ideologie. Hy identifiseer twee hoofemas in hierdie mites: (i) mobilisering,<sup>25</sup> met 'n liberaliseringsmotief in reaksie op Britse imperialisme; en (ii) rassisme, wat die onversoenbaarheid van

---

<sup>25</sup> Volgens Thompson (1985:27-28) is mobilisering 'n belangrike motief in die ideologieë van post-koloniale state.

rasse en blanke superioriteit propageer (1985:26-27). Die laasgenoemde mite was veral baie prominent, omdat Afrikaner Nasionalisme binne die konteks van 'n getalle oorwig van swart Suid-Afrikanners ontplooi is (Thompson 1985:28). Soos ander mitologieë het Afrikaner nasionalistiese mitologie ook verander met die tydsgewrig. Hoewel die tema nooit geheel en al verdwyn het nie, neem die aanvanklike, sterk neo-Calvinistiese inslag, wat die Afrikaners kenteken as die uitverkore nasie met 'n godgegewe roeping, teen die tweede helfte van 20<sup>ste</sup> eeu af weens die groeiende verstedeliking en sekularisering van die Afrikaner<sup>26</sup> (Thompson 1985:29). Na die 1948-verkiezing tree die rassistiese element in Afrikaner nasionalistiese mitologie sterker na vore, hoofsaaklik as gevolg van kwynende Britse imperialisme en groeiende Afrika Nasionalisme, wat die legitimiteit van die blanke regime in Suid Afrika bevraagteken (Thompson 1985:30;41). Elemente van hierdie mitologie sluit die volgende in: (i) die godgegewe opdrag om rasseverskille te bly handhaaf; (ii) die feit dat blankes 'n groter reg op Suid-Afrika het as swart mense<sup>27</sup>; en (iii) die aandrang daarop dat die swart bevolking in Suid-Afrika uit 10 verskillende nasies bestaan (Thompson 1985:69;70;96).

Die gedagte dat rasse nie assimileerbaar is nie, lê aan die hart van Afrikaner nasionalistiese mitologie (Thompson 1985:105). In hierdie verband is die *Slagtersnek* insident, volgens Thompson (1985:26), teen die einde van die 19<sup>e</sup> eeu tot 'n mite gekristalliseer. In die mite word die Britte gebrandmerk as verdrukkers, die lojale burgers as verraaiers en die rebelle verhoog tot helde. Baie aspekte van die geskiedkundige gebeure is negeer om die twee, hoof stuwinge in Afrikaner nasionalistiese mitologie – anti-Britse sentiment en rassisme – in die mite te akkommodeer (1985:129). Verder beweer Thompson (1985:142): '*...the myth rests on racist assumptions that were common in Western science in the nineteenth century and early twentieth century, and thus endorses the racist facet of Afrikaner [sic] nationalism. Its major effect, however, was to contribute to the resistance of a colonial people to British cultural and political imperialism.* Thompson (1985:142) beweer dat die *Slagtersnek mite* sy relevansie uiteindelik geheel en al verloor het weens die afname van Britse mag en imperialisme in Suid-Afrika.

Die *mite van die Gelofte* toon minder afwyking van geskiedkundige gebeure en is gerig op die godsdienstige gedrag<sup>28</sup> van Afrikaners en die Afrikaner nasionalistiese saak (Thompson 1985:146). Die mite is kwistig aangewend vir politieke oogmerke en in politieke retoriek tydens nasionalistiese herdenkingsfeeste (Thompson 1985:146). In die mite word die Gelofte geïnterpreteer binne die eietydse

---

<sup>26</sup> Met die 100-jarige herdenking van die Groot Trek in 1938, vlam hierdie tema weer op (Thompson 1985:39).

<sup>27</sup> Hierdie aanname is gebaseer op die bewering dat slegs die Khoi en San met die koms van Europeërs na Suid-Afrika in die Kaap aangetref is en geen swart volke nie (Thompson 1985:70).

<sup>28</sup> Thompson (1985:165) dui aan dat Gelofte dag die eerste keer herdenk is in 1864 – 26 jaar na die aflegging van die 1838-Gelofte.

konteks (bestaande spanning tussen Boer en Brit), eerder as met verwysing na die geskiedkundige konteks (konflik tussen swart en blank) (Thompson 1985:179). Die *mite van die Gelofte* vorm deel van 'n nasionalistiese, anti-imperialistiese ideologie (Thompson 1985:179-180).

Die *mite van die Groot Trek*, as nasionale beweging met die doel om vryheid van 'n onderdrukte nasie te bewerkstellig, is die sentrale tema in Afrikaner nasionalistiese mitologie (Thompson 1985:180-181). By die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument op 16 Desember 1938, word na die slag van Bloedrivier verwys as die geboorteplek van die Afrikaner nasie<sup>29</sup> (Thompson 1985:169;186). In daaropvolgende jare word 16 Desember as geleentheid deur leiers van die Nasionale Party aangegryp om mede-Afrikaners te mobiliseer (Thompson 1985:186). Thompson (1985:189) voer aan dat Afrikaner nasionalistiese mitologie met die oorwinning van die Nasionale Party in 1948 tot 'n eksklusiewe en konserwatiewe mitologie omskep is om legitimiteit aan die regime te verskaf. Hoewel rasseseiding in 1948 die norm in Europese kolonies was en westerlinge die Verenigde Nasies (VN) grootliks domineer, verander hierdie konteks geheel en al teen 1980. Terwyl dekolonisasie, groeiende Afrika Nasionalisme, anti-apartheid bewegings en die wapenboikot teen Suid-Afrika hoogty vier, beweeg die Staat in die teenoorgestelde rigting (Thompson 1985:189): *'By the 1980's, indeed, South Africa was a unique phenomenon: a pigmentocratic industrialized state'* (Thompson 1985:191). Na Sharpeville (1960), die verbanning van die ANC en die *Pan Africanist Congress* (PAC) (1960) en die Soweto Opstande (1976), word hierdie druk op Suid-Afrika vergroot. Thompson (1985:206) beweer: *'...a vast gap has opened up between the official South African mythology, insofar as it remains tied to the racial paradigm, and the non-racial perspectives that have become increasingly dominant in the rest of the world'*. Die Afrikaner nasionalistiese mitologie moes dus noodgedwonge sekere aanpassing ondergaan (Thompson 1985:192-194). Wanneer 'n mite egter, volgens Thompson (1985:241), ingeburger is onder lede en instellings van 'n bepaalde samelewing, neem dit inderwaarheid 'n eie lewe aan: *'Once a regime has entrenched its mythology in the symbols of the state, and in its educational and communications institutions, the mythology becomes an independent conservative force, which limits the capacity of the regime to make substantial changes that conflict with it'*. Die sentrale mite in Afrikaner politieke mitologie sou nie so geredelik as die *Slagtersnek mite* opgesê kon word nie.<sup>30</sup> Die mite is derhalwe aangepas in ooreenstemming met die politieke konteks (Thompson 1985:233). Latere weergawes van die mite dui aan dat blankes nie soseer

---

<sup>29</sup> Postma verwys tydens die seremonie na die slag van Bloedrivier as *'...the birth of the Afrikaans [sic] Volk under the direction of God'* (Thompson 1985:185).

<sup>30</sup> In 1979 word Prof. Floris van Jaarsveld geteenerveer toe hy sekere aspekte van die mite bevraagteken (Thompson 1985:213). Thompson (1985:233) beweer dat mites met 'n sterk religieuse inslag 'n integrale deel van die ideologie vorm en meestal nie so maklik agtergelaat kan word nie.

superieur was in vergelyking met swartes is nie, maar eerder anders, oftewel *'separate but equal'* (Thompson 1985:235). *'These modifications in the mythology represent a shift from strict and elementary racism to a policy of racial manipulation'* (Thompson 1985:235). Hierdie mite was steeds rassisties en het gedien om die beleid van aparte ontwikkeling te regverdig (Thompson 1985:235).

Thompson (1958:239) beskou die politieke mitologie in Afrikaner nasionalistiese Suid-Afrika as hoofsaaklik 'n bevrydingsmitologie, gemik op die oorlewing en konsolidering van die Afrikanerdom. Die hegweefsel van hierdie mite was rassisme, wat endemies was aan die Westerse kultuur. Die groei van swart nasionale bewussyn en wetenskaplike bewyse wat na vore tree gedurende die laaste kwart van die 20<sup>ste</sup> eeu, wat die wetenskaplike 'fundering' van rassisme verwerp, het verdere druk op hierdie mite geplaas (Thompson 1985:239). Thompson (1985:242-243) voer aan dat die volgende tendense in die bevrydingsmitologie van Swart Nasionalisme onderskei kan word:

- voorkeur aan die tradisie van *Ubuntu*, die Christelike tradisie wat Europese sendelinge bekendgestel het, asook die Hindoe tradisies van Gandhi
- voorkeur aan die Afrika kulturele identiteit wat terugverwys na die prestasies van pre-koloniale Afrikane soos gepropageer deur die PAC en die swart bewussynsbeweging
- 'n Marxisties anti-kapitalistiese weergawe.

Die bevrydingsmitologie van Swart Nasionalisme toon dus baie raakpunte met die anti-imperialistiese elemente wat voorheen kenmerkend was van Afrikaner Nasionalisme (Thompson 1985:242-243).

### 2.5.2 Racism's last word

In hierdie artikel, wat oorspronklik verskyn in die katalogus van 'n anti-apartheid kunsuitstalling wat in Parys plaasvind in 1983 (Derrida, in Gates 1986:330), wend Derrida sy dekonstruksie metode aan om die woord 'apartheid' te ontleed. Volgens Derrida (in Gates 1986:330-331), is die woord 'laaste' in die titel van sy artikel – die 'laaste' woord oor rassisme – 'n woordspeling wat dui op die feit dat hierdie vorm van rassisme nie net die ergste ter wêreld is nie,<sup>31</sup> maar terselfdertyd ook die mees resente verskynsel daarvan verteenwoordig. Hierdie vorm van rassisme is dus *'...the only one still parading itself in a constitution'* (Derrida, in Gates 1986:330-331). Derrida merk ook op dat die woord 'apartheid' nooit in ander tale vertaal is nie, bykans asof ander tale en tonge hulle verweer en weier om 'n ekwivalent daaraan te gee (in Gates 1986:331). Die kerngedagte in sy ontleding is dat apartheid, as eerste Europese uitvoerprodukt, inderwaarheid 'n Europese skepping is. Die formele instellings van die regime wat apartheid ingestel het

---

<sup>31</sup> Aangesien die Suid-Afrikaanse regime rassisme (sedert 1948) op sy wetboek geplaas het in 'n tyd toe die res van die wêreld dit reeds verwerp het, is die woord 'apartheid', volgens Derrida (in Gates 1986:330), sinoniem met die uiterste vorm van rassisme in die wêreld.



en onderhou, is immers Westerse demokrasie waarin onder meer 'algemene stemreg', relatiewe persvryheid en 'n regstelsel figureer (Derrida, in Gates 1986:336). Derrida argumenteer dat apartheid bestaansreg geniet weens die heersende Europese diskoers oor die konsep 'ras'. Uit hierdie kultuur is sogenaamde statutêre rassisme gebore (Derrida, in Gates 1986:333). Hy voer aan dat apartheid deur die Weste geduld is vanweë 'n persepsie dat die stabiliteit van die 'Pretoria regime' noodsaaklik was vir die politieke, strategiese en ekonomiese ewilbrium in Europa. Die prys wat vir hierdie ewilbrium betaal is, was apartheid (Derrida, in Gates 1986:337). Derrida (in Gates 1986:337) beweer Europa was bereid om die prys te betaal ter wille van die algemene ekonomie, beveiliging van afsetgebied vir Europese werkers en wêreldvrede – en ook omdat die slagoffers van apartheid hierdie prys námens die Weste sou betaal (Derrida, in Gates 1986:337). Apartheid, volgens Derrida (in Gates 1986:338), verteenwoordig dus inderwaarheid 'beskaafde barbarisme'.

### 2.5.3 Repliek op Derrida se dekonstruksie van apartheid

In 'n repliek op Derrida se dekonstruksie van die woord 'apartheid', getiteld *No Names Apart*, lewer McClintock en Nixon (in Gates 1986:339) kritiek op Derrida se ontleding en bied ook hul eie interpretatiewe ontleding van die apartheid diskoers aan (in Gates 1986:339). Die kerngedagte in hulle kritiek is dat Derrida die woord 'apartheid' losmaak van sy geskiedkundige konteks en van die Suid-Afrikaanse rassisme diskoers, '*...by releasing that pariah of a word, apartheid, from its quarantine from historical process, examining it instead in the context of developing discourses of racial difference*' (McClintock & Nixon, in Gates 1986:340). McClintock & Nixon (in Gates 1986:340) argumenteer dat die woord 'apartheid' gegroei het uit en mét Suid-Afrika se ekonomiese en politieke ontwikkeling. In hul ontleding dek die outeurs ook die herkoms van die woord<sup>32</sup> en die taning van sy gebruik deur die Suid-Afrikaanse regering gedurende die vyftiger jare, weens stigmatisering (in Gates 1986:340-341). Woorde soos 'aparte ontwikkeling', 'veelvolgigheid', 'selfbeskikking' en later selfs 'demokratiese federalisme', vervang 'apartheid' mettertyd in die politieke diskoers (McClintock & Nixon, in Gates 1986:341). Hierdie terme is, volgens McClintock en Nixon (in Gates 1986:341), 'n getroue refleksie van beleidsveranderinge wat oor jare deur die Nasionale Party ingevoer is. Hoewel 'n verskuiwing in die diskoers van 'baasskap' na 'hervorming' plaasgevind het, dui McClintock en Nixon in hul ontleding aan, dat die sogenaamde hervormingstydperk gekenmerk is deur toenemende brutalisering van swart Suid-Afrikaners (in Gates 1986:342). Hieruit lei hulle af dat die veranderende diskoers as blote oëverblindery dien aangesien twee ideologieë (apartheid en hervorming) in 'n skisofreniese verhouding naas mekaar bly voortbestaan

---

<sup>32</sup> Die woord is die eerste keer deur Jan Smuts gebruik in Londen in 1917, maar herleef in 1948 as een van die Nasionale Party se verkiesingstrydkrete (McClintock & Nixon, in Gates 1986:340).

(McClintock & Nixon, in Gates 1986:343). Tabel 2.2 toon die korrelasie wat McClintock & Nixon (in Gates 1986:341-343) identifiseer tussen beleid en apartheid diskoers in die tydperk 1948 tot 1966.

McClintock en Nixon (in Gates 1986:343-345) kom tot die slotsom dat die veranderende retoriese spel en die hegemonesiese funksie van apartheid – en terminologie wat daarmee verband hou – slegs teen die agtergrond van hierdie skisofreniese konteks ondersoek kan word. Hulle beweer (in Gates 1986:351) dat Derrida hom blind staar teen die woord ‘apartheid’ en die veranderende diskoers van Suid-Afrikaanse rassisme buite die oog laat. Hul bepleit (in Gates 1986:352-352) groter integrasie van diskursiewe, politieke, ekonomiese en geskiedkundige analise en maan dat teksanalise bedag moet wees op sogenaamde ‘...*protean forms of political persuasion*’, wat kentekenend was van die apartheid diskoers.

**Tabel 2-2: Korrelasie tussen beleid en apartheid diskoers gedurende 1948 tot 1966**

Tydperk	Beleid	Terme wat gebruik word in die politiek diskoers
1948 – 1958	Akute rassistiese fase	Apartheid, baasskap, kleur
1958 – 1966	Tuislandbeleid en interne ‘dekolonisasie’ Gedwonge verskuiwings	Veelvolkigheid, aparte ontwikkeling, selfbeskikking, nasionale verskille
1966 <	Demokratiese pluralisme ‘Bantustans’	Konfederasie van onafhanklike state, buurmanskap, hervorming, geordende verstedeliking, magsdeling.

#### 2.5.4 I am an African as metafoor van Afrika solidariteit

In ‘n diskoers analise getiteld *The deictic foundation of ideology, with reference to the African Renaissance* (Botha 1999), bespreek Botha die taalstyl en taalgebruik in *I am an African* en die wyse waarop hierdie elemente gebruik word in ideologie-oordrag. Die sentrale fokus van sy ontleding is die wyse waarop die eerste persoon enkelvoud/meervoud in die teks gemanipuleer word om konseptuele identifikasie transformasie te bewerkstellig, waardeur die ‘I’ in *I am an African*, getransformeer word om ‘you’ en ‘us’ in te sluit (Botha 1999:5). In hierdie ontleding dui Botha aan dat die verteller, Mbeki, telkens sy gesigspunt verander sodat soveel individue as moontlik kan identifiseer met die begrip ‘*I am an African*’: ‘*Depending on the circumstances, he can manipulate the meaning of the pronoun first person singular (I) in such a way that it can be extended to refer to the addressee, to somebody outside the domain of the speech act, and to a group of persons*’ (1999:9). Botha (1999:9) beweer dat die teks verdeel kan word in vyf gelyke segmente en dat die stelling ‘*I am an African*’ in elke segment voorkom, waardeur die teks saamgebind word tot ‘n geheel. In die tweede tekssegment onderneem die verteller ‘...*identity and vantage point shifts, by using the first person singular, to accommodate subcategories of the South African nation and to present an explicit or implicit historical perspective as in integral substance of the nation to be*’ (Botha 1999:10). Hierdie sogenaamde konseptuele transformasie van identiteit dien om die verskillende subkategorieë van die ‘reënboognasie’ te konsolideer (Botha 1999:10). Die stelling ‘*I am an African*’ dien dus as ‘...*a metaphor which serves as a cohesive tie to resonate African solidarity*’ (Botha

1999:11). Botha (1999:11-12) beweer ook dat die frases *'I have seen'* en *'I know'*, in die teks gebruik word om die verteller se posisie as neutrale waarnemer te beklemtoon en om te verseker dat hy dáárdie individue wat nader aan hom was tydens die sogenaamde *struggle*, nie affronteer deur te veel te identifiseer met groepe wat nie deel van hierdie stryd was nie. *'The anaphoric employment of they and their to refer to the migrants who left Europe, immediately positions the specific referents outside the deictic centre'* (Botha 1999:14). Deur manipulasie van die eerste persoon enkelvoud in die *'I am an African'*-metafoer, skep die verteller subkategorieë van die hoofkategorie 'Afrikaan' - byvoorbeeld die Khoi en San, inheemse volkere, blankes, Sjinese en Indiërs (Botha 1999:15-16). Teen die einde van die teks word die eerste persoon enkelvoud (*I*) feitlik geheel vervang met die eerste persoon meervoud (*we*). Die onderliggende ideologiese intensie met die gebruik van die meervoudsvorm is om die verskillende opponerende groepe te verenig (Botha 1999:14). Botha kom tot die volgende gevolgtrekking: *'Mbeki's use of the metaphor I am an African is aimed at class-inclusion, with the promotion of the conceptual blend African Renaissance as ultimate objective'* (1999:15). As sodanig funksioneer die meervoudsvorm dus om nasionale kohesie en 'n gedeelde visie met betrekking tot Afrika-herlewing te bewerkstellig.

## 2.6 Samevatting

Teoretiese perspektiewe wat fokus op die simboliese dimensie van openbare beleid dui aan dat politieke mites 'n verskeidenheid funksies vervul in politieke samelewings. Hierdie bydraes impliseer ook dat politieke mites 'n rol speel in die regulering van die openbare beleidsdebat, byvoorbeeld deur die legitimering van bepaalde beleidsalternatiewe en die eliminasië en/of de-legitimering van alternatiewe beleidsvoorstelle. Verder word beweer dat openbare beleid politieke mites binne politieke samelewings bevestig en bekragtig. Hierdie interafhanklikheid tussen politieke mites en openbare beleid bied 'n moontlike verklaring vir die uitoefening van politieke beheer in politieke samelewings. Vir die beleidsanalise is die verband tussen politieke mites, openbare beleid en ideologie-oordrag binne politieke samelewings uiteraard relevant. Weens die predominansië van positivisties-georiënteerde benaderinge tot beleidsanalise, word die verkenning van hierdie dieperliggende, onsigbare dimensies in die openbare beleidsproses – daardie dimensie waarin politieke mites invloed uitoefen op openbare beleid – gekortwiek. Post-positivistiese, interpretatiewe benaderinge, soos vergestalt in die strukturalisme en die post-strukturalisme, bied 'n alternatiewe perspektief op die metodologiese problematiek verbonde aan die ontleding van hierdie simboliese dimensie. In hoeverre hierdie perspektiewe saamgevoeg kan word tot 'n bruikbare metodologie vir die analise van politieke mites in die *I am an African*-teks, word in Hoofstuk III aangespreek.

### 3 Diskoersanalitiese metodes vir die ontleding van *I am an African*

#### 3.1 Inleiding

In openbare beleidsanalise verteenwoordig die 'derde dimensie van mag' 'n studieveld in die politieke wetenskappe<sup>33</sup> wat nog beperkte aandag geniet. Bestudering van hierdie dimensie van die beleidsproses verg uiteraard die analise van mites, taal en simbole, asook die wyse waarop hierdie simbole aangewend word in die beleidsdiskoers. Die ontleder van openbare beleid kom dus voor bepaalde metodologiese uitdagings te staan wanneer die impak van politieke mites op openbare beleid sistematies ondersoek word. In hierdie verband is daar in Hoofstuk II van die ondersoek geargumenteer dat tradisionele, empiriese metodes nie doeltreffende gereedskap aanbied vir die ontleding van magsuitoefening in die openbare beleidskonteks nie. 'n Alternatiewe analitiese benadering word dus geveerg om die impak van politieke mitologie in die beleidsfeer te verklaar. Interpretatiewe ontledingmetodes bied 'n moontlike uitweg uit hierdie dilemma. In hierdie afdeling word aandag gegee aan die ontwerp van 'n interpretatiewe metode aan die hand waarvan die *I am an African*-teks as politieke mitologie sistematies ondersoek kan word ten einde aan te dui op welke wyse hierdie mitologie inslag vind in die openbare beleidsdiskoers. Die ontwerp word hoofsaaklik gebaseer op twee spesifieke, teksanalitiese metodes: Frye (1973) se argetipe ontledingsmetode en Derrida (1976) se dekonstruksie benadering tot teksanalise.

#### 3.2 Tekskeuse

In die ondersoek word die volgende tekste ontleed:

- Mbeki se *I am an African*-toespraak (in Mbeki 1998e:31-36), gelewer op 8 Mei 1996, tydens die goedkeuring van die nuwe Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika
- die Staatsrede van President Mandela (1997), gelewer op 7 Februarie 1997, tydens die Opening van die Parlement
- die Parlementêre Begrotingsdebat van Adjunk-President Mbeki (1997) gelewer op 10 Junie 1997
- die Staatsrede van President Mandela (1998), gelewer op 6 Februarie 1998, tydens die Opening van die Parlement
- Adjunk-President Mbeki (1998e) se rede in die Parlement tydens die 'Versoening en Nasiebou' debat op 29 Mei 1998
- die Staatsrede van President Mandela (1999), gelewer op 5 Februarie 1999, tydens die Opening van die Parlement

---

<sup>33</sup> Kyk 2.2.2:21

- die Parlementêre Begrotingsdebat van Adjunk-President Mbeki (1999e), gelewer op 23 Maart 1999
- President Mbeki (1999) se intreetoespraak as President van die Republiek van Suid-Afrika op 16 Junie 1999
- die Staatsrede van President Mbeki (1999d), gelewer op 25 Junie 1999, tydens die Opening van die Parlement
- die Staatsrede van President Mbeki (2000), gelewer op 4 Februarie 2000, tydens die Opening van die Parlement
- die Staatsrede van President Mbeki (2001), gelewer op 9 Februarie 2001, tydens die Opening van die Parlement.

Die volgende oorwegings het gegeld by die keuse van hierdie tekste:

### 3.2.1 *I am an African*

Gedurende die tydperk 1996 tot 2001, lewer Mbeki 'n groot verskeidenheid toesprake wat elk van fyngeslypte taalvaardigheid en meesterlike gebruik van 'magtige metafore' getuig (Oppelt 1999:2). Na bewering skryf Mbeki sy toesprake self en sy tekste kan stilisties en inhoudelik vergelyk word met die beste in die genre, insluitend dié van pionier Afrika nasionaliste soos Nkrumah en Nyerere (Hadland & Rantao 1999:105; Gevisser 1999:6,7). Toesprake waarin die tema van Afrika-herlewing aangesny word, sluit onder meer die volgend in:

- *Africa's Time has come* (April 1997) (Mbeki 1998c)
- *The African Renaissance: Opportunities and Challenges for Asia* (April 1998) (Mbeki 1998b)
- *The African Renaissance* (Augustus 1998) (Mbeki 1998c)
- *The African Renaissance, South Africa and the World* (April 1998) (Mbeki 1999a).

Hoewel die tema 'Afrika-bewustheid' aangetref word in 'n aantal van Mbeki se toesprake, is *I am an African* waarskynlik die bekendste van sy toesprake oor die onderwerp en weens die 'outobiografiese' styl, ook een van die mees persoonlike. Die gekose teks word dus beskou as verteenwoordigend van die universum van politieke toesprake gelewer deur Mbeki in die tydperk tussen 1996 en 2001. Die konteks waarbinne die *I am an African*-toespraak gelewer is – pas na die Konstitusionele Raad die nuwe Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika goedgekeur het – verleen ook outoriteit en 'n bepaalde simboliese konnotasie aan die credo '*I am an African*' – 'n credo wat weerklank vind in die slagspreuk '*Towards the African Century*,' die tema van sy inhuldiging as President op 16 Junie 1999 (Mbeki 1999c).

### 3.2.2 Beleidsverwante tekste

Die Staatsrede wat jaarliks tydens die Parlementêre Openingseremonie gelewer word, dui in vele opsigte op 'n politieke ritueel, waartydens die nasionale beleidsagenda vir die gegewe jaar seremonieel aan die

nasie bekendgestel word. Hierdie gebeurtenis word uiteraard ook wyd gedek deur die massamedia, waardeur 'n groot getal van die bevolking toegang tot die gebeure verkry. In sy hoedanigheid as Adjunk-President in die Kabinet en sedert 1997 as President van die ANC, het Mbeki uiteraard 'n sleutelrol gespeel in die bepaling van die nasionale beleidsagenda in die tydperk 1997 tot 1999. Dieselfde veronderstelling geld ook ten opsigte van die nasionale beleidsprogramme wat in die tydperk 1999 tot 2001, ná sy inhuldiging as President, geloods is. In die ondersoek is daar hoofsaaklik gefokus op Staatsredes in die tydperk 1997 tot 2001 waarin die regering se beleidsprogram vir die gegewe Boekjaar seremonieel aangekondig is. Enkele Parlementêre begrotingstoesprake gelewer deur Adjunk-President Mbeki gedurende die bogenoemde tydperk, asook sy intreetoespraak (1999c), is ingesluit in die analise aangesien daar aangeneem is dat beleidsprioriteite ook in hierdie tekste aangedui word.

### 3.3 Enkele vertrekpunte

Die metodologiese ontwerp vir die diskoers analise van die *I am an African*-teks, is in breë trekke gebaseer op die volgende ontledingsmetodes:

- argetipe ontleding, soos vervat in Northrop Frye (1973) se benadering tot teksanalise
- teks dekonstruksie, soos toegepas deur Derrida (1976).

Hoewel teksontleding aan die hand van die bogenoemde benaderings verloop het, is nie alle elemente van hierdie onderskeie metodes in die analise geïnkorporeer nie. Verder is die ontleding ook gebaseer op die volgende veronderstellings:

- Die betekenisinhoud, as ideologiese inhoud van die teks, is ingebed in die onderliggende struktuur, oftewel die dieptestruktuur en in die verhouding tussen die onderskeie lae van die teks en die samestellende elemente.
- Twee aspekte van die onderliggende strukturele elemente – opponering (binêre opposisies) en inversie of weerspreking (omkering van hiërargiese verhoudings, weerspreking van teks stellingnames en die onderlinge verhouding daarvan) is belangrike aanduiders van betekenisinhoud (Broitman 2001:2). In die analise is die fokus hoofsaaklik op hierdie aspekte van die teksstruktuur geplaas.
- Hoewel die teksanalise 'n interpretatiewe benadering verteenwoordig, is bepaalde kategorieë en soekvrae geformuleer aan die hand waarvan die ontleding en evaluering van die teks sistematies kon verloop.
- Woorde is beskou as die kleinste ontledingseenheid. Die ontleding het egter ook aandag geskenk aan sinne en die gebruik van metafore.

Beleidsverwante tekste is nie aan argetipe en dekonstruksie ontledingsmetodes onderwerp nie, maar deeglik deurgelees om vas te stel watter ooreenkomste en verskille daar bestaan tussen die betekenisinhoud van *I am an African* en die geselekteerde tekste. Ook hierdie analise het sistematies en evaluerend verloop aan die hand van bepaalde kategorieë en soekvrae.

### 3.4 Leesstrategie

Die ondersoek het vier fases behels, wat as sodanig geïdentifiseer kan word, hoewel hierdie fases soms gesamentlik en gelyktydig voorgekom het: (i) formulering van ontledingskategorieë; (ii) dataversameling; (iii) teksanalise; en (iv) interpretasie van data. Die volgende leesstrategie is gevolg:

Die onderskeie tekste is aanvanklik vlugtig deurgelees om 'n globale oriëntering van die teksinhoud te verkry. Vervolgens is die tekste 'n aantal kere noukeurig deurgelees om vertrouwd te raak met die tema en die betekenis van die teks. Waar nodig is woorde en verwysings nageslaan. Om terugverwysing te vergemaklik, is elke paragraaf in die *I am an African*-teks genommer.<sup>34</sup> Verwysings na relevante aspekte in die beleidsverwante tekste het geskied aan die hand van die Harvard-metode, of per voetnota. Die tekste is daarna weer sistematiese deurgelees aan die hand van bepaalde soekvrae wat geformuleer is in die betrokke ontledingskategorieë. Die ontledingskategorieë en soekvrae wat gegeld vir tekstuele analise en interpretasie, is verwerk in tabelvorm om sistematisering van die ondersoek te vergemaklik. Hierdie tabelle is gebruik as riglyn in die analise.<sup>35</sup>

### 3.5 Argetipe ontleding

Argetipe ontleding kan beskou word as 'n metode waarvolgens die betekenisinhoud van verhalende vertellings ontleed word deur te let op die dieptestruktuur van die teks en die argetipe beelde wat daarin voorkom. Die metode is gebaseer op Frye (1973:162) se teorie dat alle verhalende tekste, ook moderne verhale, teruggevoer kan word na een van slegs vier pre-generiese verhaalplanne of oer-verhale.<sup>36</sup> Die verhaalelemente in hierdie oer-verhale verteenwoordig 'n vaste, herhalende, sikliese struktuur wat ook in moderne vertellings geïdentifiseer kan word (Frye 1973:162). Benewens die bestaan van 'n pre-generiese verhaalplan as 'n soort oer-model vir alle vertellings, beweer Frye (1973:99) dat die beelde (simbole en metafore) wat in moderne vertellings voorkom, eweneens terugverwys na oerbeelde, of sogenaamde argetipe beelde, wat neerslag vind in die vroegste mitiese verhale van die mensdom.

---

<sup>34</sup> Kyk 4.2:60-63

<sup>35</sup> Kyk Tabel 3.1:58; Tabel 3.2:58; Tabel 3.3:59

<sup>36</sup> Hierdie oer-verhale word deur Frye (1973:162) op grond van hul toonaard geassosieer met een van die seisoene in die jaarlikse siklus, naamlik lente (komedie), somer (roman), winter (satire) en herfs (tragedie).

Hierdie argetipes kom in 'n dialektiese verhouding in die teks voor waaruit bepaalde waardeteenstellings afgelei kan word (Frye 1973:106). Argetipe ontleding gaan van die standpunt uit dat die betekenisinhoud, of ideologiese inhoud van 'n teks, opgesluit lê in die verhouding en wisselwerking tussen twee strukture: (i) die struktuur in tyd (die verhaal aangebied as 'n siklus); en (ii) die struktuur in ruimte (die tema aangebied as argetipe beelde wat in 'n dialektiese verhouding gerangskik is) (Frye 1973:52).

### 3.5.1 Ontledingskategorieë

In die lig van Frye se benadering tot teksanalise, word daar in die ontleding van *I am an African* hoofsaaklik op die volgende strukture gefokus:

- die struktuur in tyd, oftewel die 'verhaal' wat in *I am an African* aangebied word
- die struktuur in ruimte, oftewel die temas wat in *I am an African* vervat is.

Die ontledingskategorieë wat geïdentifiseer is vir die analise van *I am an African* as argetipe verhaal,<sup>37</sup> sluit die volgende in:

- verhaal en karakterisering in *I am an African* (as argetipe verhaal)
- ontleding van die *I am an African*-verhaal (struktuur in tyd)
- tematiese ontleding van *I am an African* (struktuur in ruimte)
- argetipe beelde in *I am an African*
- waardeteenstellings in *I am an African* (afgelei uit die binêre opposisie van argetipe beelde)
- die ideologiese inhoud van *I am an African* (interpretasie van die ontleding).

Aan die hand van hierdie ontledingskategorieë is die 'verhaal' en temas wat in *I am an African* voorkom sistematies ontleed.

### 3.5.2 *I am an African* as mitiese verhaal

As argetipe verhaal kan *I am an African* getipeer word as 'n roman. Die toonaard en beelde wat met hierdie pre-generiese verhaalplan geassosieer word, verteenwoordig, volgens Frye (1973:186), 'somer' in die mitiese verhaalsiklus. Frye (1973:189) argumenteer dat die verhaal in die argetipe roman altyd 'n soektog of '*quest*' verteenwoordig wat teruggevoer kan word na die oertema van die vernietiging van die draak: '*...the quest-romance*', so beweer Frye (1973:193), '*is the victory of fertility over the waste land*'. In hierdie mitiese verhaal heers 'n ou koning meestal oor 'n gebied waarin 'n draak groot verwoesting saai. Die held verskyn, verslaan die draak, trou met die koning se dogter en bestyg die troon (Frye 1973:189). 'n Variasie van hierdie verhaal vertel van die rituele offerdood van 'n koning in tye van onvrugbaarheid, of

---

<sup>37</sup> Kyk Tabel 3.1:58



sosiale opstand en krisis. Sy dood lui die geboorte van 'n nuwe orde of 'n era van vrugbaarheid en voorspoed in.

*Karakterisering* word in die argetipe roman hoofsaaklik verteenwoordig deur twee opponerende karakters, naamlik die held en die vyand, wat onderskeidelik 'goddelike' en 'demoniese' eienskappe toon (Frye 1973:49;187). In meer realistiese vertellings, soos uitgebeeld in moderne tekste, word 'goddelike' of 'demoniese' eienskappe slegs by wyse van ooreenkoms of assosiasie onderskeidelik aan die held en vyand gekoppel.<sup>38</sup> Hoewel '*...superior in degree to other men and to his environment*' (Frye 1973:33), is die 'moderne' romantiese held dus geen 'god' nie.

In die *I am an African*-teks sal daar vanselfsprekend ook nie sprake wees van 'n held in 'goddelike' gedaante en 'n 'draakagtige' vyand nie. Sekere 'karakters' waarna daar in die teks verwys word, sal deur assosiasie met edelmoedige (heldhaftige) en afstootlike (monsteragtige) daade of eienskappe geassosieer kan word. Uiteraard sal die verhaal van die vernietiging van die draak eweneens net in verplaaste vorm in die *I am an African*-teks voorkom. Mitiese karakters, soos helde en drake, sal hul dus in 'n verplaaste gedaante voordoen en slegs deur assosiasie 'n ooreenstemming met karakters in die vertelling toon.

In die ontleding is die volgende soekvrae gestel ten opsigte van die verhaal, karakters en tema van die *I am an African*-teks:

- Is die verhaal van 'n draak se vernietiging in 'n verplaaste vorm teenwoordig in *I am an African*?
- Watter karakters kom in *I am an African* voor?
- Wie of wat kan in die teks met die 'held' geassosieer word?
- Wie of wat kan in die teks met die 'vyand' geassosieer word?

Aan die hand van die bogenoemde soekvrae is die klassifikasie van die *I am an African*-teks as argetipe roman geverifieer.

Volgens Frye (1973:187) verteenwoordig die verhaal van die argetipe roman meestal 'n denkbeeldige reis en 'n soektog. Hiërdie soektog word uitgebeeld as 'n reeks avonture in die lewe van die 'held' en kulmineer meestal in 'n klimakteriese avontuur, wat direk verband hou met die doel van die soektog in die verhaal (Frye 1973:187-192). Frye (1973:187) beweer dat hierdie verhaal uit 'n reeks konstante elemente, of te wel 'n drievoudige struktuur bestaan, wat in alle romantiese mites aangetref word. Die volgende soekvrae is geformuleer om die struktuur in die *I am an African*-verhaal sistematies te ontled:

---

<sup>38</sup> '*In more realistic modes*', meld Frye (1973: 137), '*the association becomes less significant and more a matter of incidental, even coincidental or accidental imagery*'.

- *Inleidende avontuur as gevaarlike reis*: word daar in die *I am an African*-teks verwys na 'n gevaarlike reis wat 'n denkbeeldige 'held' onderneem en is daar sprake van 'n oorlewingstryd aan die hand van 'n reeks inleidende avonture?
- *Doodstryd en/of verdwyning*: is daar sprake van 'n katastrofale of beslissende stryd tussen die 'held' en die 'vyand' en die rituele 'dood' of 'verdwyning' van een of albei in die teks?
- *Oorwinning of ontdekking*: is daar sprake van 'n soektog wat met sukses bekroon word, 'n oorwinning of 'n wedergeboorte van die 'held'?

Die voorkoms van die drievoudige struktuur in die *I am an African*-verhaal is geverifieer aan die hand van die bogenoemde soekvrae.

Naas die ontleding van die verhaalstruktuur verg argetipe analise ook die ontleding van die *tematiese struktuur* van die mitiese verhaal. Frye (1973:198) meld dat die argetipe roman verdeel kan word in ses fases, wat saam 'n siklus in die lewe van die held of die samelewing vorm. Benewens hierdie oorkoepelende siklus, kan 'n aantal ondergeskikte siklusse in die lewe van die held en/of die samelewing in elk van die ses fases geïdentifiseer word. Die volgende soekvrae is geformuleer om die ontleding van siklusse in die *I am an African*-teks sistematies te laat verloop:

- Reflekteer die teks die geboorte van die held, wat ook die geboorte van 'n samelewing kan insluit?
- Reflekteer die teks 'n fase in die held se bestaan wat as 'onskuldige' jeug beskryf kan word, meestal in 'n pastorale of natuurlike landskap?
- Reflekteer die teks 'n soektog, wat die kern van die roman daarstel, waarin die oorwinning en prestasie van die held beklemtoon word?
- Reflekteer die teks die behoud van integriteit ten spyte van 'n aanslag op die held se 'onskuld'?
- Reflekteer die teks 'n herstel van die eens 'idilliese' wêreld van die held se jeug?
- Reflekteer die teks 'n kontemplatiewe, nabetragtingfase (Frye 1973:202) waarin weg beweeg word van aktiewe avonture?
- Reflekteer die teks, naas die bogenoemde oorkoepelende siklus, enige ander siklusse?

Aan die hand van die bogenoemde soekvrae is die siklusse in *I am an African* vervolgens geïdentifiseer.

### 3.5.3 Argetipe beelde in die *I am an African*-teks

In mites is argetipe beelde meestal georganiseer in 'n dialektiese patroon wat Frye (1973:106) beskryf as '*...the wish-fulfilment dream and the anxiety or nightmare dream of repugnance*'. Argetipe beelde kan dus geassosieer word met òf die 'apokaliptiese' wêreld (die wêreld van onskuld en vervulde drome), òf die 'demoniese' wêreld (die wêreld van ervaring en skrikbeelde).

In moderne tekste word die apokaliptiese wêreld geassosieer met die wêreld van 'onskuld', terwyl die demoniese wêreld verbind word met die wêreld van afkeer, wat spruit uit 'ervaring' (Frye 1973:151). Die argetipe beelde wat in moderne vertellings voorkom, kan dus op 'n kontinuum tussen hierdie twee pole geplaas word (Frye 1973:155). Ordening van argetipe beelde op hierdie kontinuum geskied aan die hand van die volgende kriteria: (i) kan die beelde beskou word as verteenwoordigend van die ideële wêreld (die wêreld van onskuld); of (ii) as verteenwoordigend van die wêreld van afkeer (die wêreld van ervaring)? Frye (1973:141) beveel aan dat die argetipe beelde in 'n teks aan die hand van sewe kategorieë ontleed word, wat 'n '*Great Chain of Being*', oftewel 'n 'lewensketting' daarstel. Uiteraard kan die klassifisering van beelde slegs geskied met inagneming van die gegewe konteks waarbinne dit voorkom. Argetipe beelde in *I am an African* is aan die hand van die volgende ordeningskategorieë ontleed:

- beelde wat verband hou met die planteryk
- beelde wat verband hou met die diereryk
- beelde wat verband hou met die ryk van mense
- beelde wat verband hou met die goderyk
- beelde wat verband hou met die anorganiese wêreld
- beelde wat verband hou met die hemelryk
- beelde wat verband hou met water.

Aan die hand van 'n lys van die bogenoemde argetipe beelde, is 'n sensus van waardeteenstellings vervolgens saamgestel. Hierdie waardeteenstellings is georden as binêre pare wat onderskeidelik die dialektiese verhouding tussen die 'droom' (die wêreld van onskuld) en die 'struikelblokke' in die weg van die verwesenliking van die 'droom' (die wêreld van afkeer) verteenwoordig. In die ontleding is hierdie waardeteenstellings respektiewelik toegewys aan die 'held' en die 'vyand'.

Die volgende soekvrae is geformuleer om *siklusse* en hul verband met die kategorieë van die 'lewensketting' in die *I am an African*-teks te identifiseer:

- Watter siklusse kan onderskei word met betrekking tot lewe en dood?
- Watter siklusse kan onderskei word met betrekking tot die beweging van hemelliggame?
- Watter siklusse kan onderskei word in die lewe van mense?
- Watter siklusse kan onderskei word met betrekking tot die diereryk?
- Watter siklusse kan onderskei word met betrekking tot die planteryk?
- Watter siklusse kan onderskei word met betrekking tot samelewings?
- Watter siklusse kan onderskei word met betrekking tot water?

Die siklusse in die *I am an African*-teks is dus eweneens georden aan die hand van die sewe kategorieë van die lewensketting.

#### 3.5.4 Die ideologiese inhoud van *I am an African*

Volgens Frye (1973:193) word die diepteboodskap of ideologiese inhoud van die mite afgelei uit die ontleding van die struktuur in tyd (die verhaal) en die struktuur in ruimte (die tema), wat mekaar in die mite deurdring. Die samevoeging van die verhaalstruktuur en die tematiese struktuur verteenwoordig dus die ideologiese inhoud van die teks (Frye 1973:193). In die ontleding van *I am an African*, is die ideologiese inhoud van die teks dus afgelei aan die hand van die volgende strukturele elemente: (i) die verhaal (die rituele offerande en dood wat in die *verhaal* uitgebeeld word); en (ii) die tema (die 'droom', wat verteenwoordig word deur die argetipe beelde in die *tematiese* struktuur).

Aangesien die verhaal en tema mekaar in die argetipe mite deurdring, verteenwoordig die verhaal van die roman – die doodmaak van die draak en/of die offer van die koning – tegelykertyd ook die verhaal van *rituele dood* en/of *offerande*. Die draak is sinoniem met die steriliteit van die land en die held se oorwinning oor die draak, is gelykstaande aan die oorwinning van vrugbaarheid oor steriliteit en die skepping van 'n nuwe sosiale orde of era (Frye 1973:189-193). Die sleutel tot die '*droom*' in die mitiese verhaal lê opgesluit in die tematiese struktuur, oftewel in die patroon van binêre opposisie, waarin die argetipe beelde as waardeteenstellings in die verhaal gerangskik is. Die ideologiese inhoud van die *I am an African*-teks is dus aan die hand van die volgende soekvrae op sistematiese wyse nagespeur:

- Watter voorbeelde van 'rituele offerande' word in die teks vermeld?
- Watter voorbeelde van 'rituele dood' word in die teks vermeld?
- Waarmee kan die 'steriliteit' van die land in die teks geassosieer word?
- Waarmee kan die oorwinning van 'vrugbaarheid' oor 'steriliteit' in die teks geassosieer word?

Interpretasie en formulering van die *diepteboodskap* of *ideologiese inhoud* van die *I am an African*-teks het geskied nadat hierdie analise van die verhaal- en tematiese struktuur afgehandel is.

### 3.6 Teks dekonstruksie

Die vertrekpunt van die dekonstruksie benadering is dat geen woord of teks 'n bepaalde, enkelvoudige betekenis het nie maar slegs betekenis verkry vanuit die verhouding tot ander woorde of tekste en vanuit die konteks waarbinne dit gebruik word (Zuckert 1991:336). Hoewel die ontleding van *I am an African* vanuit 'n dekonstruksie perspektief dus tot 'n groot mate voortbou op die argetipe ontledingsmetode, word die teks nogtans uit 'n geheel ander hoek benader. Hedges (1998:1) voer aan dat Derrida sy dekonstruksie benadering nie as 'n teksanalitiese metode aanbied nie. Dekonstruksie word eerder

beskou as 'n wyse van omgang met die teks. Nogtans is daar in die analise gepoog om enkele aspekte van hierdie benadering in die ontleding te inkorporeer.

### 3.6.1 Vertrekpunte van die dekonstruksie benadering

Teks dekonstruksie poog ten eerste om aan te dui hoe die stellingnames in die teks beïnvloed word die hiërargiese verhouding van binêre opposisies wat daarin voorkom. Die hiërargiese verhouding tussen binêre pare bied dus 'n aanduiding van die wyse waarop, volgens Broitman (2001:2) '*...texts subvert their own most obvious meanings*'. Teks dekonstruksie is dus gemoeid met die teks se eie retoriek. Mohan (1997:315) meld in die verband: '*Deconstruction aims to reveal the incoherences in a text by reversing and displacing the taken-for-granted binarisms, such as male/female, which structure Enlightenment thought and accord the former term superiority over its inferior other*'. Dekonstruksie beoog derhalwe om sekere grondliggend stereotipes wat in die teks voorkom te ontmasker.

Die dekonstruksie benadering beklemtoon die bestaan van 'n *hiërargiese verhouding* tussen binêre pare asook die feit dat binêre pare se betekenis mekaar inderwaarheid deurdring. So dui die begrip 'lig' terselfdertyd op die afwesigheid van 'donker' en is daar dus geen 'teenwoordigheid' sonder 'afwesigheid' nie (Selden 1989:55). Dekonstruksie argumenteer dat die eerste sfeer in die binêre paar (byvoorbeeld 'man' in die opposisie paar 'man/vrou'), die bevoordeelde posisie beklee en dat die handhawing van hierdie bevoordeelde posisie beskou en aanvaar word as voorwaarde vir 'n stabiele, politieke wêreld (Broitman 2001:3). Die tweede sfeer word bejeën met agterdog en miskenning en verteenwoordig '*...the sphere of what is marginal, suspicious, and ultimately seditious – what poststructuralists often refer to as the 'Other'*' (White 1988:188). Die verhouding tussen binêre pare is dus asimmetries en een sfeer van die paar word altyd bevoordeel tot nadeel van die ander. Hierdie hiërargiese ordening verteenwoordig die algemene denkraamwerk wat onderliggend is aan die diskoers. Konnotasies van betekenis wat nie met die hiërargiese ordening ooreenkom nie, word dus deur die outeur uit die diskoers weggelaat (Selden 1989: 89). Die teks bevat 'spore' of tekens van ander stellingnames as dié wat in die teks voorgehou word. Op hierdie wyse word die waardes wat die teks daarstel – '*...the entire system of values expressed by the classical opposition*' (Madison 1993:171) – dus deur die teks sêlf ondermyn. Teks dekonstruksie is derhalwe daarop gerig om hierdie hiërargieë en aannames te ontmasker en om só 'n ommekeer, inversie of verplasing van waardes te bewerkstellig.

Beoefenaars van die dekonstruksie benadering gaan van die veronderstelling uit dat enige *terloopse opmerking* in die teks, asook voetnotas en kantaantekeninge, aanduiders is van die wyse waarop die teks dáárdie aspekte weerspreek en ondermyn wat die primêre, ooglopende interpretasie daarstel. Dekonstruksie wil dus aantoon '*...how the conspicuously foregrounded statements in a text are system-*

*atically related to discordant signifying elements that the texts has thrown into its shadows or margins'* (Broitman 2001:4). Dekonstruksie poog om hierdie paradoks in die teks – waar die outeur dikwels die dinge bevestig wat hy/sy probeer ontken – uit te wys (Madison 1993:97). White (1988:199) argumenteer dat die dekonstruksie benadering magsuitoefening in die diskoers ontmasker: '*...exposing arbitrariness, ambiguity, and conventionality – in short, exposing a power phenomenon where it was claimed only reason existed*' (1988:188). Aanhangers van hierdie benadering beweer derhalwe dat dekonstruksie 'n metode is wat magsuitoefening in sy verborge dimensie oopvlek.

### 3.6.2 Ontledingskategorieë

Dataversameling en teksanalise van *I am an African* aan die hand van die dekonstruksie benadering, fokus hoofsaaklik op die volgende kategorieë:<sup>39</sup>

- die belangrikste binêre paar wat in *I am an African* voorkom
- die hiërargiese verhouding van hierdie binêre paar
- moontlike kantaantekeninge en terloopse opmerkings
- moontlike waardeteenstellings en weerspreking.

In die ontleding is 'n *sensus van binêre opposisies* allereers onderneem, aan die hand van die volgende soekvraag:

- Watter binêre opposisies kan in die teks geïdentifiseer word met verwysing na:
  - terme wat gebruik word in die teks?
  - sentrale gedagtes of onderwerpe wat in die teks bespreek word?
  - karakters wat in die teks voorkom?

Na bepaling van die binêre opposisies in die teks, is die *hiërargiese verhoudings van binêre pare* bepaal aan die hand van die volgende soekvrae:

- Wat is die hiërargiese posisie van die binêre paar (watter komponent van die paar beklee onderskeidelik die primêre en sekondêre posisie)?
- Watter vooroordele kan afgelei word uit die hiërargiese verhouding van die binêre paar in die teks?

Die volgende stap in die ontleding het die identifisering van enige *terloopse opmerkings* of kantaantekeninge in die *I am an African*-teks behels, aan die hand van die volgende soekvrae:

- Word enige kantaantekeninge of terloopse verwysings in die teks aangetref?

---

<sup>39</sup> Kyk Tabel 3.2:58

- Watter teenstellings kan afgelei word uit die kantaantekeninge of terloopse verwysings met betrekking tot die stellingname van die teks?

Die identifisering van terloopse opmerkings in die teks lui die volgende ontledingsfase in, naamlik die dekonstruksie van waardeteenstellings en weerspreking wat in *I am an African* voorkom. Die volgende soekvrae is geformuleer om waardeteenstellings op te spoor wat uit terloopse opmerkings in die teks spruit of uit 'n inversie van hiërargiese teenstellings afgelei kan word:

- Wat is die ooglopende stellingname in die teks?
- Watter 'verswygde' stellingnames weerspreek hierdie ooglopende stellingname?
- Watter waarde-inversie of -paradoks kom in die teks voor?

Uit die bogenoemde ontleding is die *diepteboodskap* of *ideologiese inhoud* van die teks afgelei.

### 3.7 Openbare beleid

In die ondersoek is die analise van die geselekteerde, beleidsverwante tekste hoofsaaklik onderneem om vas te stel: (i) of daar 'n verband tussen die beleidsdiskoers in die periode 1997 tot 2001 en die ideologiese inhoud van *I am an African*, as politieke mitologie bestaan; en (ii) wat die aard van hierdie verband is. In die ontleding is hoofsaaklik gefokus op Staatsredes wat gelewer is tydens die Opening van die Parlement in die tydperk 1997 tot 2001, waarin die nasionale beleidsprogram aangekondig is.<sup>40</sup>

#### 3.7.1 Ontledingskategorieë

In die analise van die gekose, beleidsverwante tekste, is daar hoofsaaklik gefokus op die ooreenkomste en verskille wat bestaan tussen hierdie diskoers en die ideologiese inhoud van *I am an African*, soos afgelei uit die argetipe analise en teks dekonstruksie. Tydens hierdie analise is daar hoofsaaklik gelet op oorvleuelende temas, ooreenkomste met betrekking tot ideologiese inhoud, waardeteenstellings en die funksionele rol wat ten opsigte van die *I am an African*-mitologie uit hierdie korrelasie afgelei kan word. Die volgende ontledingskategorieë het gegeld in hierdie ondersoek:

- Ontleding van temas en beleidsargumentering in die beleidsdiskoers:<sup>41</sup>
  - Temas wat oorvleuel met dié van *I am an African*
  - Beleidsargumentering wat terugverwys na *I am an African*
- Ooreenkomste tussen die beleidsdiskoers en die ideologiese inhoud van die *I am an African*-teks
- Verskille tussen die beleidsdiskoers en die ideologiese inhoud van *I am an African*

---

<sup>40</sup> Kyk 3.2:45-46

<sup>41</sup> Kyk Tabel 3.3:59

- Die funksionele rol wat uit hierdie ooreenkomste en/of verskille afgelei kan word ten opsigte van *I am an African* as politieke mitologie.

### 3.7.2 Oorvleuelende temas en beleidsargumentering

In hierdie ontledingskategorie is raakpunte met die *I am an African*-teks bepaal aan die hand van die volgende soekvrae:

- Watter temas word in die beleidsdiskoers aangespreek wat met die temas in *I am an African* ooreenstem?
- Watter argumente wat aangevoer word om die noodsaaklikheid van die beleidsprogram en/of beleidsalternatiewe te regverdig, korreleer met die *I am an African*-teks?
- Watter funksionele rol kan met verwysing na hierdie ooreenkomste en/of verskille afgelei word ten opsigte van die *I am an African*-mitologie?

Uit hierdie ontleding is tentatiewe gevolgtrekkings aangaande die impak van *I am an African* op openbare beleid afgelei.

### 3.7.3 Korrelasie met die ideologiese inhoud van *I am an African*

In hierdie kategorie het die analise aan die hand van die volgende soekvrae verloop:

- Watter ooreenkomste bestaan daar tussen die ideologiese inhoud, weerspreking en/of inversies in *I am an African* en die beleidsdiskoers?
- Watter verskille bestaan daar tussen die ideologiese inhoud, weerspreking en/of inversies in *I am an African* en die beleidsdiskoers?
- Watter funksionele rol kan met verwysing na hierdie ooreenkomste en/of verskille ten opsigte van die *I am an African*-mitologie in die beleidsdiskoers afgelei word?

Uit hierdie ontleding is tentatiewe gevolgtrekkings aangaande die inwerking van die *I am an African*-mitologie op die openbare beleidsdiskoers afgelei.

## 3.8 Ontledingstabelle

Die volgende ontledingstabelle is in die ondersoek aangewend om sistematiese ontleding van *I am an African* en die beleidsverwante tekste aan die hand van die verskillende ontledingskategorieë en soekvrae te verseker:



Tabel 3-1: Ontledingstabel vir die argetipe ontleding van politieke mites

Stappe in die analise van politieke mites		
Kategorie	Soekvraag	Analise
<b>Die verhaal</b>		
<u>Verhaal en karakterisering</u> Identifiseer die volgende met betrekking tot die verhaal en karakterisering:	Die verplaaste mitiese verhaal	
	Die held	
	Die vyand	
	Ander karakters	
<u>Struktuur in tyd</u> Identifiseer die volgende fases in die lewensiklus van die held:	Geboorte van die held	
	Sy onskuldige jeug	
	Die soektog	
	Behoud van integriteit	
	Herwinning van idilliese wêreld	
	Nabetragting	
<u>Siklusse</u> Identifiseer die volgende siklusse in die verhaal:	Siklusse van lewe en dood	
	Siklusse van hemelliggame	
	Siklusse in die lewe van mense	
	Siklusse in die diereryk	
	Siklusse in die planteryk	
	Siklusse in die samelewing	
Watersiklusse		
<b>Die tema</b>		
<u>Verhaalstruktuur</u> Identifiseer die volgende drievoudige verhaalstruktuur in die teks:	Inleidende avontuur as gevaarlike reis	
	Doodstryd en/of verdwyning	
	Oorwinning of ontdekking	
<u>Argetipe beelde</u> Identifiseer die argetipe beelde wat verband hou met die volgende kategorieë in die lewensketting:	Die planteryk	
	Die diereryk	
	Die menseryk	
	Die goderyk	
	Die minerale (anorganiese) ryk	
	Die hemelryk	
Water		
<u>Waardeteenstellings</u> Identifiseer die waardeteenstellings ten opsigte van die volgende:	Die held	
	Die vyand	
<b>Diepteboodskap (ideologiese inhoud)</b>		
<u>Verborge boodskap</u> Wat word binne die konteks van die mite geassosieer met die volgende?	Die 'steriliteit' van die land ?	
	Oorwinning oor vrugbaarheid?	
	Rituele offerande/rituele dood?	

Tabel 3-2: Ontledingstabel vir die dekonstruksie van politieke mites

Stappe in die dekonstruksie van die politieke mite		
Kategorie	Soekvraag	Analise
<b>Binêre opposisies</b>		
<u>Binêre pare</u> Identifiseer die belangrikste binêre opposisies met verwysing na die volgende:	Terme wat gebruik word	
	Karakters in die teks	
	Sentrale gedagtes of onderwerpe	
<u>Hiërargieë</u> Analiseer die hiërargiese verhouding van binêre pare met verwysing na die volgende:	Primêre posisie	
	Sekondêre posisie	
	Afleidings aangaande die posisie	
<b>Stellings en teenstellings</b>		
<u>Kantaantekeninge/terloopse opmerkings</u> Identifiseer enige kantaantekeninge en/of terloopse opmerkings asook opponerende stellingnames daarin vervat:	Kantaantekening	
	Terloopse opmerkings	
	Opponerende stellingnames	

Tabel 3-3: Ontledingstabel vir die analise van openbare beleidsdiskoers

Stappe in die ontleding van openbare beleidsdiskoers		
Kategorie	Soekvraag	Analise
<b>Temas en beleidsargumentering</b>		
<u>Tematiese en retoriese korrelasie</u> Watter ooreenkomste/verskille bestaan tussen die temas en/of beleidsargumentering in die <i>I am an African</i> -teks en die beleidsprogram en/of beleidsalternatiewe. Watter afleidings kan daar in hierdie verband gemaak word met betrekking tot die funksionele rol van <i>I am an African</i> in die beleidsdiskoers?	Temas?	
	Beleidsargumentering?	
	Funksionele rol van ooreenkomste/verskille?	
<b>Politieke mite en openbare beleid</b>		
<u>Relasies met politieke mite</u> Identifiseer enige verskille en/of ooreenkomste tussen die beleidsdiskoers en die betekenisinhoud en/of weerspreking/inversies van die politieke mite. Dui aan watter afleidings daaruit gemaak kan word met betrekking tot die funksionele rol van <i>I am an African</i> in die beleidsdiskoers.	Ooreenkomste?	
	Verskille?	
	Funksionele rol van ooreenkomste/verskille?	

### 3.9 Samevatting

In openbare beleidstudies verteenwoordig die impak van politieke mites op openbare beleid 'n studieveld wat steeds gekortwiek word deur 'n positivistiese inslag. Die ontleding van mites en ideologie-oordrag in die openbare beleidsdiskoers bly dus 'n kontensieuse saak, aangesien navorsers wat hierdie 'onsigbare' dimensies van die beleidsproses ondersoek, 'n metodologiese mynveld betree. Hierdie ondersoek pogg onder meer om vas te stel of ontleding van politieke mites en die impak daarvan op die beleidsdiskoers, sistematies kan verloop aan die hand van interpretatiewe ontledingsmetodes, soos 'n argetipe analise en 'n dekonstruksie benadering tot teksanalise. In die toepassing van hierdie metodes is bepaalde kategorieë en soekvrae geïdentifiseer om sistematiese en geordende prosessering van die betrokke tekste te verseker. Die toepassing van die hierdie interpretatiewe ontledingsmetodologie op die *I am an African*-teks en die gekose beleidsverwante tekste, word in Hoofstuk IV en Hoofstuk V aangebied. Hierdie analise sal uiteraard lig werp op die nut en bruikbaarheid van 'interpretatiewe' benaderings in openbare beleidstudies.

## 4 Ontleding van *I am an African*

### 4.1 Inleiding

*I am an African* kan beskou word as 'n sinoptiese kroniek van die geskiedenis van Suid-Afrika en sy bewoners. Die verteller – wat homself identifiseer as 'n 'Afrikaan' – bied 'n sketsmatige terugblik op die geskiedenis van die land en die lotgevalle van die verskillende bevolkingsgroepe – vanaf 'n ongedefinieerde tydperk in die vroeë verlede, tot en met die finalisering van die nuwe Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika in 1996. Hoewel die teks nie eksplisiet verwys na kolonialisme en apartheid-kolonialisme nie, word die vernietigende effek wat hierdie stelsels gehad het op Suid-Afrika, die samelewing en die Kontinent as 'n geheel, daarin uitgebeeld. *I am an African* skets ook die uiteindelijke oorwinning van die Suid-Afrikaanse nasie en die ANC oor die onderdrukkend stelsel van apartheid. In die teks word die fundamentele waardes wat vervat is in die nuwe Grondwet ook aangestip. *I am an African* sluit met 'n boodskap van hoop en met 'n voorspelling dat 'n glorieryke toekoms op Suid-Afrika en op die Afrika-kontinent wag. Die argetipe en dekonstruksie analise van *I am an African* wat in hierdie Hoofstuk aangebied word, is daarop gemik om groter insig te verwerf aangaande: (i) *I am an African* as politieke mite; (ii) die ideologiese inhoud van *I am an African*; en (iii) die implikasies van waardeteenstellings in die teks ten opsigte van hierdie ideologiese inhoud.

### 4.2 Tekswaergawe van *I am an African*

Om kruisverwysing na *I am an African* te vergemaklik, word die volledige Engelse teks hier weergegee:

Par nr	Teks
	Chairperson, Esteemed President of the democratic Republic, Honourable Members of the Constitutional Assembly, Our distinguished domestic and foreign guests, Friends,
1	On an occasion such as this, we should, perhaps, start from the beginning.
2	So, let me begin.
3	I am an African.
4	I owe my being to the hills and the valleys, the mountains and the glades, the rivers, the deserts, the trees, the flowers, the seas and the ever-changing seasons that define the face of our native land.
5	My body has frozen in our frosts and in our latter day snows. It has thawed in the warmth of our sunshine and melted in the heat of the midday sun. The crack and the rumble of the summer thunders, lashed by startling lightening, have been a cause both of trembling and of hope.
6	The fragrances of nature have been as pleasant to us as the sight of the wild blooms of the citizens of the veld.
7	The dramatic shapes of the Drakensberg, the soil coloured waters of the Leko, iGqili noThukela, and the sands of the Kgalagadi, have all been panels of the set on the natural stage on which we act out the foolish deeds of the theatre of our day.
8	At times, and in fear, I have wondered whether I should concede equal citizenship of our country to the leopard and the lion, the elephant and the springbok, the hyena, the black mamba and the pestilential mosquito.
9	A human presence among all these, a feature on the face of our native land thus defined, I know that none dare challenge me when I say – I am an African!

University of Pretoria etd – Rossum, E (2003)

Par nr	Teks
10	I owe my being to the Khoi and the San whose desolate souls haunt the great expanses of the beautiful Cape – they who fell victim to the most merciless genocide our native land has ever seen, they who were the first to lose their lives in the struggle to defend our freedom and dependence and they who, as a people, perished in the result.
11	Today, as a country, we keep an audible silence about these ancestors of the generations that live, fearful to admit the horror of a former deed, seeking to obliterate from our memories a cruel occurrence which, in its remembering, should teach us not and never to be inhuman again.
12	I am formed of the migrants who left Europe to find a new home on our native land. Whatever their own actions, they remain still part of me.
13	In my veins courses the blood of the Malay slaves who came from the East. Their proud dignity informs my bearing, their culture a part of my essence. The stripes they bore on their bodies from the lash of the slave master are a reminder embossed on my consciousness of what should not be done.
14	I am the grandchild of the warrior men and women that Hinsta and Sekhukhune led, the patriots that Cetshwayo and Mphephu took to battle, the soldiers Moshoeshe and Ngungunyane taught never to dishonour the cause of freedom.
15	My mind and my knowledge of myself is formed by the victories that are the jewels in our African crown, the victories we earned from Isandlwana to Khartoum, as Ethiopians and as the Ashanti of Ghana, as the Berbers of the desert.
16	I am the grandchild who lays fresh flowers on the Boer graves at St Helena and the Bahamas, who sees in the mind's eye and suffers the suffering of a simple peasant folk, death, concentration camps, destroyed homesteads, a dream in ruins.
17	I am the child of Nongqause. I am he who made it possible to trade in the world markets in diamonds, in gold, in the same food for which my stomach yearns.
18	I come of those who were transported from India and China whose being resided in the fact, solely, that they were able to provide physical labour, who taught me that we could both be at home and be foreign, who taught me that human existence itself demanded that freedom was a necessary condition for that human existence.
19	Being part of all these people, and in the knowledge that none dare contest that assertion, I shall claim that – I am an African!
20	I have seen our country torn asunder as these, all of whom are my people, engaged one another in a titanic battle, the one redress a wrong that had been caused by one to another and the other, to defend the indefensible.
21	I have seen what happens when one person has superiority of force over another, when the stronger appropriate to themselves the prerogative even to annul the injunction that God created all men and women in His image.
22	I know what it signifies when race and colour are used to determine who is human and who, sub-human.
23	I have seen the destruction of all sense of self-esteem, the consequent striving to be what one is not, simply to acquire some of the benefits which those who had imposed themselves as masters had ensured that they enjoy.
24	I have experience of the situation in which race and colour is used to enrich some and impoverish the rest.
25	I have seen the corruption of minds and souls as a result of the pursuit of and ignoble effort to perpetrate a veritable crime against humanity.
26	I have seen concrete expression of the denial of the dignity of a human being emanating from the conscious, system and systematic oppressive and repressive activities of other human beings.
27	There, the victims parade with no mask to hide the brutish reality – the beggars, the prostitutes, the street children, those who seek solace in substance abuse, those who have to steal to assuage hunger, those who have to lose their sanity because to be sane is to invite pain.
28	Perhaps the worst among these, who are my people, are those who have learnt to kill for a wage. To these the extent of death is directly proportional to their personal welfare.

University of Pretoria etd – Rossum, E (2003)

Par nr	Teks
29	And so, like pawns in the service of demented souls, they kill in furtherance of the political violence in KwaZulu Natal. They murder the innocent in the taxi wars.
30	They kill slowly or quickly in order to make profits from the illegal trade in narcotics. They are available for hire when husband wants to murder wife and wife, husband.
31	Among us prowl the products of our immoral and amoral past – killers who have no sense of the worth of human life, rapists who have absolute disdain for the women of our country, animals who would seek to benefit from the vulnerability of the children, the disabled and the old, the rapacious who brook no obstacle in their quest for self enrichment.
32	All this I know and know to be true because I am an African!
33	Because of that, I am also able to state this fundamental truth that I am born of a people who are heroes and heroines.
34	I am born of a people who would not tolerate oppression.
35	I am of a nation that would not allow that fear of death, torture, imprisonment, exile or persecution should result in the perpetuation of injustice.
36	The great masses who are our mother and father will not permit that the behaviour of the few result in the description of our country and people as barbaric.
37	Patient because history is on their side, these masses do not despair because today the weather is bad. Nor do they turn triumphalist when, tomorrow, the sun shines.
38	Whatever the circumstances they have lived through and because of that experience, they are determined to define for themselves who they are and who they should be.
39	We are assembled here today to mark their victory in acquiring and exercising their right to formulate their own definition of what it means to be African.
40	The constitution whose adoption we celebrate constitutes an unequivocal statement that we refuse to accept that our Africanness shall be defined by our race, colour, gender or historical origins.
41	It is a firm assertion made by ourselves that South Africa belongs to all who live in it, black and white.
42	It gives concrete expression to the sentiment we share as Africans, and will defend to the death, that the people shall govern.
43	It recognises the fact that the dignity of the individual is both an objective which society must pursue, and is a goal which cannot be separated from the material well being of that individual.
44	It seeks to create the situation in which all our people shall be free from fear, including the fear of the oppression of one national group by another, the fear of the disempowerment of one social echelon by another, the fear of the use of state power to deny anybody their fundamental human rights and the fear of tyranny.
45	It aims to open the doors so that who were disadvantaged can assume their place in society as equals with their fellow human beings without regard to colour, race, gender, age or geographic dispersal.
46	It provides the opportunity to enable each one and all to state their views, promote them, strive for their implementation in the process of governance without fear that a contrary view will be met with repression.
47	It creates a lawgoverned society which shall be inimical to arbitrary rule.
48	It enables the resolution of conflicts by peaceful means rather than resort to force.
49	It rejoices in the diversity of our people and creates the space for all of us voluntarily to define ourselves as one people.
50	As an African, this is an achievement of which I am proud, proud without reservation and proud without any feeling of conceit.
51	Our sense of elevation at this moment also derives from the fact that this magnificent product is the unique creation of African hands and African minds.

Par nr	Teks
52	But it also constitutes a tribute to our loss of vanity that we could, despite the temptation to treat ourselves as an exceptional fragment of humanity, draw on the accumulated experience and wisdom of all humankind, to define for ourselves what we want to be.
53	Together with the best in the world, we too are prone to pettiness, petulance, selfishness and short sightedness.
54	But it seems to have happened that we looked at ourselves and said the time had come that we make a super human effort to be other than human, to respond to the call to create for ourselves a glorious future, to remind ourselves of the Latin saying: <i>Gloria est consequenda</i> – Glory must be sought after!
55	Today it feels good to be an African.
56	It feels good that I can stand here as a South African and as a foot soldier of a titanic African army, the African National Congress, to say to all the parties represented here, to the millions who made and input into the processes we are concluding, to our outstanding compatriots who have presided over the birth or our founding document, to the negotiators who pitted their wits one against the other, to the unseen stars who shone unseen as the management and administration of the Constitutional Assembly, the advisers, experts and publicists, to the mass communication media, to our friends across the globe – congratulations and well done!
57	I am an African.
58	I am born of the peoples of the continent of Africa.
59	The pain of the violent conflict that the people of Liberia, Somalia, the Sudan, Burundi and Algeria bear is a pain I also bear.
60	The dismal shame of poverty, suffering and human degradation of my continent is a blight that we share.
61	The blight on our happiness that derives from this and from our drift to the periphery of the ordering of human affairs leaves us in a persistent shadow of despair.
62	This is a savage road to which nobody should be condemned.
63	This thing that we have done today, in this small corner of a great continent that has contributed so decisively to the evolution of humanity says that Africa reaffirms that she is continuing her rise from the ashes.
64	Whatever the setbacks of the moment, nothing can stop us now! Whatever the difficulties, Africa shall be at peace! However improbable it may sound to the sceptics, Africa will prosper!
65	Whoever we may be, whatever our immediate interest, however much we carry baggage from our past, however much we have been caught by the fashion of cynicism and loss of faith in the capacity of the people, let us err today and say – nothing can stop us now!
66	Thank you.

### 4.3 Argetipe ontleding van *I am an African*

Argetipe ontleding van *I am an African* fokus hoofsaaklik op die volgende elemente in die teks: (i) die struktuur van die verhaal en die siklusse wat daarin uitgebeeld word; (ii) die karakters wat in die verhaal optree; en (iii) die tema van die verhaal, soos afgelei uit die binêre opposisie van argetipe beelde.

#### 4.3.1 Verhaalstruktuur

Vanuit 'n argetipe ontleding invalshoek, verteenwoordig die mitiese verhaal meestal 'n denkbeeldige reis en 'n soektog. Laasgenoemde word uitgebeeld as (i) 'n reeks aanvanklike avonture in die lewe van die 'held'; (ii) 'n klimakteriese avontuur, waarin die held en die vyand in 'n doodstryd gewikkel raak wat direk verband hou met die doel van die soektog in die verhaal; en (iii) die uiteindelijke oorwinning van die held.

As mitiese verhaal wentel *I am an African* in breë trekke om die lotgevalle van 'n gemeenskap wat in 'n land van bykans idilliese skoonheid woon. Die geografiese veelsydigheid van die land word in die inleidende paragrawe geskets (par 4-9) en sluit 'n skilderagtige berglandskap, heuwels, valleie, uitgestrekte vlaktes, sandwoestyne, oseane, modderkleurige riviere, bome en geurige veldblomme in. Hierdie ongerepte paradys, waarin mens, dier en plant seisoen na seisoen harmonies saamleef, is die tuiste van die verteller en held (par 9), wat 'n aantal inleidende avonture in hierdie fase van die verhaal trotseer. Hierdie *inleidende avonture* sluit ten eerste die stryd in wat die verteller in sy vroegste bestaansjare teen die aanslae van die natuur en die seisoene voer (par 5).<sup>42</sup> Ten tweede is daar sprake van gevare afkomstig van die wilde diere waarmee die verteller – as eensame menslike teenwoordigheid te midde van die ongerepte natuur – die land deel: die luiperd, leeu, olifant, hiëna, swart mamba en muskiet (par 8;9). Ten derde sluit die inleidende avontuur ook die held se bestaanstryd in teen die naamlose vyand wat die verteller se lewensruimte binnedring. Die koms van hierdie naamlose indringer in die 'paradys', konfronteer die held met avonture van groter omvang en gevaar, wat ook talle rituele offers van die samelewing noodsaak. Die eertydse paradys word 'n agterdoek (par 7) waarteen die volgende titaniese stryd hom afspeel:

- In 'n doelgerigte proses van volksmoord word die Khoi en San<sup>43</sup> feitlik geheel uitgewis deur genadelose mensejagters (par 10).
- Maleise slawe word deur hul meesters mishandel en dra hul lyding met trotse waardigheid (par 13).<sup>44</sup>
- Boere krygers wat hul stryd om vryheid verloor, sterf as banneling in die vreemde (par 16).
- Dapper leiers en krygers soos Hintsa, Sekhukhune, Cetshwayo, Mphephu, Moshoeshoe en Ngungunyane, opponeer die vyand – oorwinnings word behaal, maar meestal word die hoogste prys betaal (par 14).
- Verset teen die vyandelike indringer kom ook elders in Afrika voor en oorwinnings wat behaal word, strek dwarsoor die Kontinent: van Isandhlwana tot by Khartoem (par 15).
- Arbeiders werk vir 'n hongerloon terwyl die vyand die vrug van hierdie arbeid op wêreldmarkte verhandel vir eie welstand en gewin (par 17).

Met die koms van 'n naamlose indringer, of 'vyand', verander die eertydse paradys in 'n onderwêreld van nood, konflik en ontbering (par 11;14). In *I am an African* verteenwoordig die *doodstryd* die held se beslissende stryd teen 'n vyand wat hom in die land inburger en die held probeer vernietig deur hom te

---

<sup>42</sup> 'My body has been frozen in our frosts ... lashed by startling lightning' (par 5).

<sup>43</sup> Hulle troostelose siele wat swerf oor die uitgestrekte velde van die Kaap, bly die verteller steeds by as 'n herinnering aan die gruwel van onmenslike optrede teenoor medemense (par 10;11).

<sup>44</sup> Die letsels van die slawemeesters se kastyding op die lywe van hierdie slawe, word vasgelê in die verteller se gees (par 13).

stroop van sy menswaardigheid. Die 'doodstryd' word geveg met onkonvensionele wapens – arbitrêre staatsmag, onmenslike staatsinstellings en tirannie (par 22;26).<sup>45</sup> Met hierdie wapens poog die vyand om die held te vernietig en sy menswaardigheid af te takel. Ras en kleur word die maatstaf vir menswaardigheid, die norm waardeur baasskap en verknegting regverdig word en die rigsnoer waarmee rykdom en armoede uitgemeet word (par 22;23;24;25). Selfs godgegewe wette, wat bepaal dat alle mense gelykwaardig geskape is, word omvergewerp deur die vyand wat homself verhewe ag bo die verordeninge van die Almagtige (par 21).<sup>46</sup> Hierdie geestelike aftakeling spoel uiteindelik oor in burgerstryd en die verbrokkeling van samelewingswaardes wat uitkristalliseer as prostitusie, bedelary, kinders wat swerf sonder huis of heenkome, brutaliteit, kriminaliteit en moorddadigheid (par 27;28;29).<sup>47</sup>

As sodanig is die samelewing se stryd nie net teen dáárdie magte wat hul verkneg en verdruk nie, maar ook teen 'n stelsel wat gemik is op die ordening van medemense tot 'n minderwaardige, sub-menslike kategorie, waardeur die nasie inderwaarheid van sy identiteit beroof word. Algehele degradering van mense en hul menswaardigheid volg (par 22).<sup>48</sup> Die held knoop 'n doodstryd aan om die nasie se geestelike dood te verhoed en om 'n stelsel wat sy karakter en identiteit met vernietiging bedreig, te elimineer.

Die *oorwinning* wat in *I am an African* geskets word, sluit onder meer die volgende in:

- die oorwinning wat die '*...titanic African army*', die ANC – en sy voetsoldaat (die verteller) – behaal met die daarstel van 'n nuwe Grondwet, waarmee die onderdrukkende regeringstelsels van die vyand vervang word (par 56)
- die triomf van die nasie se voorgeslagte, '*...the great masses who are our mother and father*' (par 36) wat volhard het in hul stryd teen die vyand en sy onderdrukking<sup>49</sup>
- die sege van demokrasie oor tirannie en 'n bevestiging van die nasie se reg op selfregering in sy geboorteland (par 42;44)

---

<sup>45</sup> '*...the denial of dignity of a human being emanating from the conscious, system and systematic oppressive and repressive activities of other human beings*' (par 26).

<sup>46</sup> '*...the stronger appropriate to themselves the prerogative even to annul the injunction that God created all men and women in his image*' (par 21).

<sup>47</sup> '*I have seen the corruption of minds and souls as a result of the pursuit of and ignoble effort to perpetrate a veritable crime against humanity*' (par 25).

<sup>48</sup> '*I have seen the destruction of all sense of self esteem, the consequent striving to be what one is not*' (par 23).

<sup>49</sup> Hierdie oorwinning spruit voort uit die nasie se onblusbare gees en vasberadenheid dat nóg doodsrees, nóg gevangenskap, nóg verbanning en vervolging sal verhinder dat geregtigheid seëvier (par 35).



- die oorwinning van 'n bestel wat die individue se menswaardigheid en die regte van alle lede van die bevolking erken, oor 'n bestel waarin hierdie regte selektief toegeken word aan lede van die bevolking wat aan bepaalde, rassistiese maatstawwe voldoen
- die uiteindelijke oorwinning van Afrika oor armoede, lyding, menslike degradering en gewelddadige konflik, wat in *I am an African* voorspel word (par 59-60;63;64).<sup>50</sup>

Die verhaal in *I am an African* eindig met die gemeenskap wat weer in beheer is van die land, wat hulself volgens 'n grondwet regeer waarin hul regte gewaarborg word en wat op die drumpel van 'n glorieryke toekoms staan. Hierdie oorwinning lui 'n nuwe era van voorspoed en vrugbaarheid vir die land, sy bewoners asook vir die Kontinent in (par 54;63). Aldus verteenwoordig *I am an African* 'n verhaal – in verplaaste vorm – van 'n 'draak' wat oor 'n land heers, van die effek wat hierdie heerskappy op die 'vrugbaarheid' van die land het, van 'rituele' offerande en van verlossing en bevryding. In ooreenstemming met Frye se klassifikasie van mites word *I am an African* as 'n argetipe roman gekategoriseer.<sup>51</sup>

#### 4.3.2 Karakterisering

Karakters wat in *I am an African* voorkom, word onderskeidelik met die 'held' en die 'vyand' in die vertelling geassosieer. Die held in *I am an African* is die verteller, wat tegelykertyd ook as antropomorfe held en verpersoonliking van die Suid-Afrikaanse nasie die 'vyand' die stryd aansê en uiteindelik oorwin.<sup>52</sup> Die volgende karakters kan onder meer met die 'held' vereenselwig word:

- die verteller as verteenwoordiger van die Suid-Afrikaanse nasie (par 19;10;13;14;16;18)<sup>53</sup> wat die leser en/of toehoorder telkens aan sy Afrika-herkoms herinner (par 3;9;19;32;55;56;57)
- die Khoi en die San as die vroegste 'vryheidsvegters' en die eerstes wat hul lewens moes offer in die stryd teen die vyand (par 10;11)
- die inheemse, nasionale helde, dapper krygers en profete wat die vyand beveg, soms ten koste van hulle vryheid en lewens: Hintsa, Sekhukhune, Moshoeshoe, Cetshwayo, Mphephu, Ngungunyane (par 14) asook Nongqause (par 17)

---

<sup>50</sup> *'Africa reaffirms that she is continuing her rise from the ashes ... Africa shall be at peace ... Africa will prosper'* (par 63;64).

<sup>51</sup> Frye 1973:186.

<sup>52</sup> Soos meestal in mitiese verhale, is daar ook in *I am an African* sprake van 'n metaforiese oorvleueling van identiteit tussen karakters. So is die verteller enersyds 'n Afrikaan (individue) maar terselfdertyd ook die Suid-Afrikaanse nasie en as sodanig sinoniem met alle ander bevolkingsgroepe in die land: *'I am formed of the migrants who left Europe ...'* (par 12); *'I come from those who were transported from India and China ...'* (par 18); *'I am the grandchild who lays fresh flowers on the Boer graves'* (par 16); *'In my veins courses the blood of the Malay slaves'* (par 13).

<sup>53</sup> *'I am born of a people who is heroes and heroines'* (par 33); *'I am born of a people who would not tolerate oppression'* (par 34); *'I am of a nation that would not allow ... the perpetuation of injustices'* (par 35).

- nuwe intrekkers in die land, afkomstig vanuit ander wêrelddele, soos Europese setlaars, Indiese en Sjinese arbeiders en Maleise slawe (par 12;13;14;18)
- boere krygers (par 16) en ander vryheidsvegters, wat moet swig voor die mag van die vyand – bannelinge, gevangenes, uitgewekenes, vervolgedes (par 35)
- die vaders en moeders van die nasie wat volhard teen die aanslae van die vyand (par 36;37)<sup>54</sup>
- die ‘nasionale leër’, as titaniëse Afrika-leër (die ANC), wat die vyand finaal oorwin (par 56)
- helde, elders op die Kontinent, wat die vyand ook beveg: die Ashanti, Etiopiërs en Berbers (par 15).

Die vyand in *I am an African* word verteenwoordig deur diegene wat hulle skuldig maak aan volksmoord (par 10), die verslawing van mense (par 13) en ander barbaarse dade. Hierdie vyand meet menswaardigheid aan ras en kleur, probeer ‘God’ speel (par 21) en wend die owerheidsmag en -stelsel aan om onderdrukking, mensereg skending, verslawing, rassisme en tirannie in die hand te werk (par 26). Hy floreer op die arbeid van ander (par 17) en poog om regverdiging te vind vir sy vergryp aan mag (par 11;21;26). Karakters in die teks wat met die vyand geassosieer kan word, sluit die volgende in:

- die slagoffers van die vyandelike oorheersing, wat oplaas geestelik ten gronde gaan weens die immorele en amorele dade van die vyand: bedelaars, prostitute, diewe en straatkinders (par 27)
- moordenaars, huurmoordenaars, verkragters, dwelmsandelaars en aanhitters van politieke geweld (par 28;29;30), wat in die sug na selfverryking die weerloses in die samelewing – kinders, bejaardes, gestremdes en vroue – tot prooi maak (par 31).

Hierdie vyand verteenwoordig geen eksterne bedreiging nie, maar ‘n mag wat hom in die land – en onder die gemeenskap self – inburger en ‘n burgerstryd instigeer wat die land verskeur (par 20).

#### 4.3.3 Die verhaalsiklus

In *I am an African* word die volgende fases in die lewensiklus van die ‘held’ onderskei:

*I am an African* begin met die ontstaan, oftewel *geboorte* van die held (verteller). Hierdie terugkeer na ‘n beginpunt in die lewe van die held (Frye 1973:198) word feitlik in die heel eerste woorde van die teks aangekondig: ‘...we should, perhaps, start from the beginning. So let me begin. I am an African’ (par 1-3). Hierdie ‘geboorte’ of ontstaan, het nie net betrekking op die held nie, maar ook op elkeen van die verskillende identiteite waarin die held hom in die verhaal voordoet. As sodanig is *I am an African* dus ‘n kroniek van die ‘geboorte’ van die verteller as Afrikaan (par 4), die geboorte van Afrika-bewustheid, die geboorte van die Suid-Afrikaanse nasie (par 10) en wys ook terug – soos later blyk uit die teks – na die geboorte van die mensdom wat uit Afrika ontstaan (par 63). Die natuursiklusse wat in hierdie fase

---

<sup>54</sup> ‘The great masses who are our mother and father...’ (par 36;37).

voorkom, is hoofsaaklik seisoenale siklusse: ‘...*the ever changing seasons that define the face of our native land*’ (par 4). Die sikliese oorgang van winter na somer (par 5),<sup>55</sup> simboliseer ook hierdie nuwe begin of geboorte (Frye 1973: 199). Voorbeelde van watersimbolisme, wat prominent in mites figureer tydens die geboortefase (Frye 1973: 199), word gevind in die verwysing na reën: ‘*The crack and the rumble of the summer thunders, lashed by startling lightening, have been a cause of both trembling and of hope*’ (par 5). Hoewel die nuweling aanvanklik voorgestel word as die produk van die land self (par 4),<sup>56</sup> word ander bronne van ouerskap stelselmatig onthul: die Khoi en San (par 10), Maleise slawe (par 13), die dapper leiers, soldate en patriotte wat die vroegste vryheidsvegters verteenwoordig (par 14), Chinese en Indiese arbeiders (par 18), selfs Europese setlaars en hul nasate (par 12;16). Hierdie ‘nuweling’ verteenwoordig dus uit die staanspoor reeds ‘n uiters komplekse entiteit.

Die held se *onskuldige jeug* in ‘n pastorale wêreld van onskuld, voor hy die wêreld van ervaring betree, word in die volgende fase uitgebeeld (Frye 1973:200). In *I am an African* is daar talle verwysings na hierdie ongerepte wêreld van natuurskoon en harmonie (par 4;7)<sup>57</sup> waarin gelyke reg op burgerskap selfs gegun word aan die diere en plante waarmee die land gedeel word (par 6).<sup>58</sup> Siklusse in hierdie fase van die verhaal is eweneens die wisselende getye van die natuur: ryp en sneeu smelt weg voor die hitte van die middagson (par 5). Spoedig verruil die held hierdie wêreld van onskuld vir ‘n wêreld van ervaring, waarin tonele van volksmoord en verslawing onder meer afspeel (par 10;13). Die onskuldige jeug is verby – die held gaan nou avonture tegemoet waarin sy dapperheid getoets word in voorbereiding op die finale, beslissende doodstryd teen die vyand.

Die sentrale *reis* en *soektog* wat in *I am an African* uitgebeeld word, dui op die reis wat die verteller (as personifikasie van die Suid-Afrikaanse nasie) aan die suidpunt van die Afrika-kontinent onderneem: van sy geboorte (as die Khoi en San) tot en met die oomblik waar ‘n ‘nuwe’ nasie weer aan die Suidpunt van Afrika ‘gebore’ word en sy eerste tree neem op pad na ‘n nuwe bedeling en toekoms waarin die nuwe Grondwet as kompas sal dien. Die reis dek talle avonture: die wedervaringe van die vroegste bewoners wat in simbiose en harmonie met mekaar en met die natuur leef (par 1-9); die oorlewingstryd van die eerste vryheidsvegters, die Khoi en San en ander nasionale helde (par 10;14); die ontberinge van latere

---

<sup>55</sup> ‘*My body has frozen in our frosts and in our latter day snows. It has thawed in the warmth of our sunshine and melted in the heat of the midday sun*’ (par 5).

<sup>56</sup> ‘*I owe my being to the hills and the valleys, the mountains and the glades, the rivers, the deserts, the trees, the flowers, the seas and the ever changing seasons that define the face of our native land*’ (par 4).

<sup>57</sup> ‘...*the hills and valleys, the mountains and glades, the rivers, the deserts, the trees, the flowers, the seas ... the fragrances of nature ... the dramatic shapes of the Drakensberg ... the soil coloured waters*’ (par 4;7).

<sup>58</sup> ‘*I have wondered whether I should concede equal citizenship of our country to the leopard and the lion, the elephant and the springbok, the hyena, the black mamba and the pestilential mosquito*’ (par 8). ‘...*the sight of wild blooms of the citizens of the veld*’ (par 6).

intrekkers uit Europa, Maleisië, Indië en Sjina (par 12;13;16;18); die titaniëse stryd teen die vyand (par 20-31); en die uiteindelijke oorwinning van die nasie (par 34-38). 'n Tweede reis wat in *I am an African* uitgebeeld word, dui op die 'reis' wat die Afrika-kontinent onderneem en dek sy ontstaan (par 3;58), sy stryd teen kolonialisme (par 15;59;60) en sy herrysing uit die as van konflik, armoede en menslike degradering (par 63). Die derde *reis* wat in *I am an African* uitgebeeld word, is die 'reis' van die mensdom – van sy ontstaan op die Afrika-kontinent (par 63) tot en met die oomblik waar 'n nuwe '*exceptional fragment of humanity*' (par 52), op die vooraand van 'n nuwe millennium, weer eens gebore word in Afrika om 'n era van morele herlewing vir die mensdom in te lui. Die reis in *I am an African* verteenwoordig dus 'n soektog wat op verskeie vlakke verloop:

- die soektog van die verteller na wat dit beteken om 'n 'Afrikaan' te wees
- die soektog van die Suid-Afrikaanse nasie na sy vryheid en nasionale identiteit
- die soektog van 'n Kontinent na bevryding en 'n regmatige plek onder die state van die wêreld.

Verskeie lewensiklusse vorm deel van hierdie oorkoepelende soektog:

- die lewensiklus van die Suid-Afrikaanse nasie: van sy 'geboorte' uit 'n potpourri van uiteenlopende komponente, tot met sy 'eenwording' en grondwetlike 'vestiging' aan die suidpunt van Afrika (par 1-9;10-19;39-49)
- die lewensiklus van Afrika-bewustheid: van die geboorte van die verteller as 'Afrikaan' (par 4),<sup>59</sup> tot en met die bevestiging van sy verbondenheid en solidariteit met alle nasies op die Afrika-kontinent (par 58-61)<sup>60</sup>
- die lewensiklus van Afrika wat strek van 'n pre-koloniale goue era, deur kolonisasie en degradering tot en met sy herlewing wat voorspel word in *I am an African* (par 64)<sup>61</sup>
- die lewensiklus van die mensdom: van sy geboorte in Afrika (par 63) tot en met die ontstaan van die Suid-Afrikaanse nasie as '*...an exceptional fragment of humanity*', wie se grondwet 'n morele hergeboorte van die mensdom inlui (par 52).

Die held se *behoud van integriteit* en onskuld, ten spyte van die aanslae van die wêreld van ervaring (Frye 1973: 200-201), word in *I am an African* gevind in die nasie se volharding teen die aanslae van

---

<sup>59</sup> 'I owe my being to the hills and the valleys, the mountains and the glades, the rivers, the trees, the flowers, the seas and the ever changing seasons that define the face of our native land'(par 4).

<sup>60</sup> 'I am born of the peoples of the continent of Africa ... This dismal shame of poverty, suffering and human degradation of my continent is a blight that we share' (par 58-60).

<sup>61</sup> 'Whatever the difficulties, Africa shall be at peace! However improbable it may sound to the sceptics, Africa will prosper' (par 64).

ongeregtigheid en barbarisme (par 35;36).<sup>62</sup> Die nuwe bedeling wat deurskemer bring vrede en vryheid van tirannie en enige vorm van onderdrukking of oorheersing (par 44). In die era van glorie wat op die samelewing wag ná die vyand se juk afgewerp is, sal vryheid van spraak (par 46), 'n onafhanklike regstelsel (par 47) en vreedsame konflikbeslegting gewaarborg wees (par 48). Die nasie sal self sy identiteit bepaal (par 39), die bevolking sal gelyk en vry wees (par 44) en rassisme, seksisme en ander vorme van diskriminasie sal geen bestaansreg hê nie (par 40;45).




Diagram 4-1: Die reis as sentrale avontuur in I am an African

<sup>62</sup> 'I am of a nation that would not allow that fear of death, torture, imprisonment, exile or persecution should result in the perpetuation of injustice' (par 35); 'The great masses who are our mother and father will not permit that the behaviour of the few result in the description of our country and people as barbaric' (par 36).

Die volgende fase wentel om die *herstel van die eertydse idille en nabetragting*. In hierdie fases word die idille van die voor-vyandelike wêreld herstel en word die historiese gebeure in Suid-Afrika vanuit die perspektief van 'n 'geordende' wêreld betrag (Frye 1973: 185). Die versamelde kennis, ervaring en wysheid van die mensdom, soos gereflekteer in die Grondwet (par 52;56), behoort tot hierdie geordende wêreld. In hierdie fase, waarin die veelbewoë geskiedenis van Afrika as 'kontemplatiewe' avontuur (Frye 1973: 202) aangebied word (par 59-62), speel siklusse 'n beduidende rol (Frye 1973: 202-203). Die Afrika-herlewing, wat in die slotgedeelte van *I am an African* aangekondig word, verteenwoordig 'n nuwe siklus in die geskiedenis van Afrika. Die 'geboorte' van die nuwe grondwet (par 56) voltooi die siklus van die nasionale wording, maar lui terselfdertyd 'n nuwe siklus in – 'n siklus wat begin met Afrika se herrysing uit die as (par 63)<sup>63</sup> en wat uiteindelik sal uitloop op 'n ware Afrika-herlewing (par 63-64)<sup>64</sup> en op die morele herlewing van die mensdom.

#### 4.3.4 Argetipe beelde

Die volgende argetipe beelde (Frye 1973: 154), word in *I am an African* geïdentifiseer:

*Argetipe beelde van die planteryk* word hoofsaaklik aangetref in die inleidende teksgedeelte (par 4;6) waarin die vroeë geskiedenis van die land en die held weergegee word. Hierdie beelde, wat sinoniem is met die wêreld van onskuld, beklemtoon die vrugbaarheid wat in die gebied heers alvorens die vyand sy teenwoordigheid merkbaar maak. Die planteryk, veral veldblomme (par 4), is so integraal deel van die land dat hulle as 'burgers' beskryf word (par 6). Die beeld van vars blomme wat geplaas word op die boeregrafte in St Helena en die Bahamas – op plekke ver verwyder van die Afrika-kontinent (par 16) – verteenwoordig argetipe beelde van die wêreld van ervaring. Hierdie blomme, waardeur eer betoon word aan vroeë vryheidsvegters wat in ballingskap strewe ter wille van hul vryheidsideaal, versinnebeeld die destruktiewe invloed wat die vyand uitoefen op die land en sy burgers.

*Argetipe beelde van die diereryk* sluit verwysings in na die luiperd en leeu, die olifant en springbok, die hiëna en swart mamba. Hierdie beelde kom in die inleidende gedeelte van die teks voor en vorm deel van die held se jeug (par 8). Die leeu, luiperd en olifant is simbole van dapperheid, outoriteit en wysheid<sup>65</sup> en dui op die wêreld van onskuld. Die hiëna, swart mamba en muskiet is 'voorbodes' van die vyand wat ook die ongerepte paradys sal indring as aasvreters, giftige adders en 'n verpesting (par 8). Daar is ook

---

<sup>63</sup> 'This thing that we have done today, in this small corner of a great continent that has contributed so decisively to the evolution of humanity says that Africa reaffirms that she is continuing her rise from the ashes' (par 63).

<sup>64</sup> 'However improbable it may sound to the sceptics, Africa will prosper! ... Nothing can stop us now!' (par 63-64).

<sup>65</sup> Die leeu word algemeen aanvaar as 'n simbool van dapperheid en as die koning van die diere (South Africa 2001:5). Die luiperd is die simbool van outoriteit en 'n luiperdvel word beskou as een van dié hoogste eerbetuigings wat mens kan ontvang (South Africa 2001:5). Die olifant word beskou as die simbool van wysheid, geduld en voortreflike diens (South Africa 2001:5). Die springbok is Suid-Afrika se nasionale dier, maar word veral aangetref in die tradisionele gebied van die Khoi en San.

'n korrelasie tussen hierdie diere en die 'diere' waarmee verkragters en moordenaars later in die teks vergelyk word (par 31). In hierdie konteks verteenwoordig die argetipe beeld van diere wat die weerloses en swakkes in die samelewing tot prooi maak, uiteraard die wêreld van ervaring.

Die eerste *argetipe beeld van die menseryk* is die verteller wat as 'Afrikaan' (par 3) die inheemse bevolking van die land verteenwoordig. As inwoner van die idilliese en harmoniese wêreld (par 4-5;9) is die verteller 'n argetipe simbool van die wêreld van onskuld. Later word hierdie onskuldige wêreld vernietig en word die verteller ooggetuie van gruweldade wat die vyand/indringer pleeg.<sup>66</sup> Ander argetipes van die menseryk wat met die held geassosieer word is die Khoi en die San – wat bykans uitgewis word deur die vyand (par 10) – nasionale leiers, heroïese krygers, vryheidsvegters en profete (par 14;17) asook die talle nuwe intrekkers in die gebied. Met die uitsondering van Europese setlaars, lewer die nuwe intrekkers elk 'n positiewe bydrae tot die land en nasiewording (par 12;13;18).<sup>67</sup>

Argetipe beelde van die menseryk wat met die vyand en sy slagoffers geassosieer kan word, is die arbeiders wat vir 'n hongerloon delf na dáárdie grondstowwe wat vir ánder rykdomme bring (par 17) en lede van die bevolking wat teen mekaar opstaan: '*One to redress the wrong that had been caused by one to another, and the other to defend the indefensible*' (par 20). In hierdie wêreld van ervaring word menslike bestaan geskilder as 'n nagmerrie van skrikwekkende omvang. Selfaangestelde meesters eis baasskap oor hul medemens op en verhef hulself bo God se wette (par 21;23). Ras en kleur geld as kriterium vir menswaardigheid (par 22) en armoede en rykdom word aan die hand van hierdie skeidslyne uitgemeet (par 24). Die ware barbare (par 36) is diegene wat owerheidsmag en -stelsels doelbewus aanwend om die bevolking te tiranniseer en van hul identiteit en menswaardigheid te ontnem. Verset teen hierdie stelsel word gestraf met marteling, gevangenskap, verbanning, vervolging en dood (par 35).

*I am an African* skets die menseryk dus as 'n produk van 'n 'demoniese' heerskappy: mense verloën hul identiteit in 'n poging om deel te hê aan die eksklusiewe voordele wat die heersers as hul reg opeis (par 23); mense gee 'n menswaardige bestaan prys – prostitute, bedelaars, straatkinders, diewe wat steel om hul honger te stil, diegene wat troos vind in dwelms – en diegene wat in waansin probeer ontvlug aan die pyn van hierdie stelsel (par 27). Ánder slagoffers is diegene wat die vyand se eienskappe internaliseer –

---

<sup>66</sup> '*I have seen our country torn asunder...*' (par 20); '*I have seen what happens when one person has superiority of force over another...*' (par 21); '*I have seen the destruction of all sense of self esteem...*' (par 23); '*I have seen the corruption of minds and souls as a result of the pursuit of and ignoble effort to perpetrate a veritable crime against humanity*' (par 25).

<sup>67</sup> Die Maleise slawe bring die trotse waardigheid waarmee hulle hul leiding verduur en oefen invloed uit op die plaaslike kultuur (par 13); Sjinese en Indiër arbeiders vestig die oortuiging dat menslike bestaan sonder vryheid nie werklik moontlik is nie (par 18). Hoewel die Europese setlaars daargestel word as integrale deel van die land, is daar geen aanduiding van die aard van hul bydrae tot die vorming van die verteller (die nasie) nie: '*I am formed of the migrants who left Europe to find a new home...*' (par 12). Hulle bydrae het 'n negatiewe konnotasie: '*Whatever their own actions, they remain still part of me*' (par 12). Met die nageslag van hierdie setlaars – boere vryheidsvegters, wat ook lyding moes deurstaan ter wille van hul vryheid – word groter verbondenheid met die verteller erken: '*I am the grandchild who sees in the mind's eye and suffers the suffering of a simple folk...*' (par 16).

misdadigers, moordenaars en verkragters (par 28;31), wat eie welstand vooropstel – dikwels tot nadeel van die mees weerlose lede van die bevolking. Slagoffers van hierdie maghebbers bevind hulle ook op die Afrika-kontinent. Uitgelewer aan konflik (par 59), nood, hongersnood en degradering (par 60), werp hul lyding 'n skadu oor die land en die Kontinent (par 61). Verteenwoordigers van die menseryk wat die demoniese stelsel finaal oorwin en oor die vyand seëvier, is die helde en heldinne van die nasie en die nasionale leer (die ANC) (par 34;35;56).

*Argetipe beelde van die goderyk* (Frye 1973: 154) word nie in die *I am an African*-teks aangetref nie. Die maghebbers se omverwerping van godgegewe wette dui juis daarop dat die menseryk op hulself aangewese is (par 21).

*Argetipe beelde van die anorganiese wêreld (minerale ryk)* verwys meestal na die wêreld van ervaring: die goud en diamante waarmee die maghebbers handel dryf op die wêreldmark terwyl die arbeiders wat hierdie rykdomme ontgin, verhonger (par 17); talle simbole van onderdrukking, soos die sweep van die slawemeester (par 13), tronke (par 35), grafte (par 16), konsentrasiekampe, verwoeste wonings (par 16); dwelms (30); die geld waarmee sluipmoordenaars betaal word (par 28); en uiteraard ook die stelsels en metodes wat die vyand gebruik om die nasie te onderdruk: kolonialisme en apartheid-kolonialisme (par 26). Die pad van degradering, konflik en lyding waarop Afrika hom bevind, val ook binne hierdie kategorie (par 62).<sup>68</sup> Argetipe beelde van die anorganiese wêreld wat met die wêreld van onskuld geassosieer word, is die juwele in die kroon van Afrika; die oorwinnings wat elders op die Kontinent teen onderdrukking behaal is (par 15); die nuwe Grondwet, wat as 'manjifieke' en unieke Afrika-produk 'n toekoms vry van onderdrukking vir alle lede van die bevolking, ongeag ras, kleur, geslag, ouderdom of geografiese verspreiding, waarborg (par 45;51); asook daárdie instellings wat in dié verband 'n bydrae gelewer het: die Grondwetlike Raad en die kommunikasiemedie (par 56).

*Argetipe beelde van die hemelryk* word in *I am an African* uitsluitlik geassosieer met die wêreld van onskuld: sonlig, die middagson, donderstorms en weerlig (par 5)<sup>69</sup>. Hierdie beelde word vermeld aan die begin van die vertelling, voor die held met die vyand kennis maak en hom nog in 'n idilliese wêreld van onskuld bevind. Simbole van die hemelryk word eers weer vermeld ná die oorwinning van die nasie oor die onderdrukkende stelsel (par 37).<sup>70</sup> Vuursymbolisme in *I am an African* verwys na Afrika wat herrys uit die 'as' (par 63) en wat dus 'n suiweringsvuur deurstaan het (Frye 1973: 152).

---

<sup>68</sup> 'This is a savage road to which nobody should be condemned' (par 62).

<sup>69</sup> 'My body has ... thawed in the warmth of our sunshine and melted in the heat of the midday sun' (par 5).


<sup>70</sup> Hier is daar sprake van die verwisseling van onweer (die tydperk van onderdrukking) na sonskyn (die 'môre' wat op die bevryde, Suid-Afrikaanse nasie wag) (par 37). In die slotgedeelte van die teks word administrateurs van die Konstitusionele Vergadering ook as 'onsigbare sterre' beskryf wat op onsigbare wyse 'skyn' (par 56).



*Argetipe beelde wat verband hou met water* kom voor in die wêreld wat uitgebeeld word voor die vyand sy verskyning maak. Hierdie argetipe beelde sluit verwysings in na die see, reën, sneeu en modderkleurige riviere wat die land deurkruis (par 4;5). Binne hierdie konteks is water 'n simbool van lewe, van die natuur en van vrugbaarheid. Bloed as 'lewegewende' element van die nasie wat 'gebore' word, word geïmpliseer in die bloedband wat bestaan tussen die verteller en sy medeburgers en verteenwoordig 'n belangrike argetipe beeld in die teks (par 13).<sup>71</sup>

#### 4.3.5 Siklusse

In *I am an African* word beide oorkoepelende en ondergeskikte siklusse onderskei. Die volgende oorkoepelende siklusse word in *I am an African* geïdentifiseer:



**Diagram 4-2: Oorkoepelende siklusse in *I am an African***

- die lewensiklus van die verteller, wat in Suid-Afrika begin (par 4) en uiteindelik evolueer tot solidariteit en lotsverbondenheid met alle nasies in Afrika (par 58) die lewensiklus van die Suid-Afrikaanse nasie, wat as 'inheemse' en 'uitheemse' elemente in Suid-Afrika begin (par 4;11) en uiteindelik groei tot 'n multi-etniese nasie wat sy diversiteit in die Grondwet selebreer (par 49)
- die lewensiklus van Afrika wat strek van 'n glorieryke verlede (par 15), deur 'n tydperk van degradering (par 59;60), tot uiteindelike herlewing (par 63;64)

---

<sup>71</sup> 'In my veins courses the blood of the Malay slaves who came from the East' (par 13).

- die lewensiklus van die mensheid, van sy ontstaan in Afrika (par 63) tot en met die oorwinning wat 'n buitengewone fragment van die mensheid aan die suidpunt van Afrika namens die mensdom behaal oor 'n verdrukkende stelsel (par 52).

Die volgende *ondergeskikte siklusse* word in *I am an African* geïdentifiseer:

- die lewensiklus van die voorvaders van die nasie, die Khoi en San, wat hul ontstaan, 'volksmoord' (par 10;11) en uiteindelijke herlewing in die nuwe, Suid-Afrikaanse nasie insluit
- die lewensiklus van vroeë nasionale leiers en krygers (Cetshwayo, Moshoeshoe en hulle krygers), wat die stryd om vryheid steeds trou gebly het (par 14) en herleef in die titaniese ANC leer wat die vyand finaal oorwin (par 56)
- die siklus van volksmoord wat begin met die uitwissing van die Khoi en San (par 10) en eindig met die geestelike volksmoord wat apartheid-kolonialisme meebring en waardeur die nasie se selftrots en identiteit bykans vernietig word (par 23)
- die lewensiklus van nasionale leiers en helde, soos Sekhukhune, Hintsa en Mphophu, wat sterf in die vryheidstryd (par 14) en herleef in die 'struggle' wat hul nageslag – die moeders en vaders van die nasie – voer om die verlore vryheid eindelijk terug te wen (par 33;34)
- die profetiese siklus van Nongqause (par 17) wat voorspel dat helde sal opstaan om die nasie te verlos en die vervulling van hierdie profesie met die oorwinning wat die nasionale helde – die moeders en vaders van die nasie en die titaniese nasionale leer – behaal. Hierdie siklus word geëggo in die profesie van Afrika-herlewing (par 64) wat die verteller – as 'kind' van Nongqause (par 17) – op sy beurt maak. By implikasie sal hierdie voorspelling eweneens bewaarheid word
- die siklus wat die herstel van die pre-koloniale era uitbeeld, vanaf die era waarin die land behoort het aan al sy bewoners – selfs aan die aasvreters, giftige slange en pestilensies (par 8) – tot en met die post-apartheid (post-Grondwet) era waar Suid-Afrika en burgerskap weer aan almal behoort (par 41), selfs aan diegene wat met aasdiere, slange en pestilensies vergelyk kan word!

#### 4.3.6 Waardeteenstellings

Aan die hand van die argetipe beelde kan die waardes vervat in *I am an African* in die volgende dialektiese patroon gerangskik word. Hierdie waardes word onderskeidelik met die 'held' en 'vyand' geassosieer en verteenwoordig, as sodanig, die wêreld van onskuld en ervaring:

Tabel 4-1: Waardeteenstellings in *I am an African*

Die held (Wêreld van onskuld)	:	Die vyand (Wêreld van ervaring)
<b>Afrikaan</b>	:	<b>Non-Afrikaan</b>
Afrika Nasionalisme	:	Kolonialisme/apartheid-kolonialisme
Voeg juwele toe tot Afrika se kroon	:	Bring skandvlek oor Afrika
Bring Afrika voorspoed, herlewning, selftrots	:	Bring Afrika lyding, armoede, nood
Veg vir vryheid van Afrikane	:	Ontneem Afrikane hul vryheid
Plaas Afrika op pad van herlewning/hoop	:	Plaas Afrika op 'n 'savage road' van degradering
Stelsel (Grondwet) is 'n Afrika produk	:	Stelsel (kolonialisme) is 'n non-Afrikaan produk
Stelsel gee geboorte aan nasie	:	Stelsel vermoor die nasie
Stelsel beskerm menseregte	:	Stelsel skend menseregte
Stelsel beveilig demokrasie	:	Stelsel vernietig demokrasie
Stelsel bevry die nasie	:	Stelsel verkneg die nasie
Stelsel sinoniem met die mensdom se beste	:	Stelsel sinoniem met vergryp teen mensdom
Inklusief (selfs pestilensies kry burgerskap)	:	Eksklusief (ras en kleur bepaal voorregte)
Suid-Afrika behoort aan almal	:	Suid-Afrika behoort aan maghebbers
Tree op soos 'n luiperd/leeu/olifant	:	Tree op soos die hiëna/muskiet/mamba
Gebruik owerheidsmag om nasie te bevry	:	Misbruik owerheidsmag om nasie te onderdruk
Vestig waardes van vrye wêreld	:	Vestig waardes van barbarisme
Baar helde	:	Baar moordenaars, prostitute, misdadigers
Erflying = glorieryke toekoms	:	Erflying = produkte van donker immorele/amorele verlede

#### 4.3.7 Ideologiese inhoud

Die sentrale waardeteenstelling in *I am an African* word verteenwoordig deur die binêre opposisie 'Afrikaan/non-Afrikaan'.<sup>72</sup> Die steriliteit wat in die land heers, word geassosieer met die onderdrukkende stelsel van kolonialisme en/of apartheid-kolonialisme (toegepas deur non-Afrikane, tot uitsluitlike voordeel van non-Afrikane) wat die nasie (Afrikane) tiranniseer, eksploiteer en beroof van hul land, identiteit en menswaardigheid. Hierdie stelsels druis in teen die waardes waarvoor Afrikane hul lewens sal offer: regering deur die nasie, beskerming van menseregte, vryheid van die individu en vryheid van diskriminasie in alle vorme. Die steriliteit van die non-Afrikaan se stelsel lê daarin dat dit sosiale disintegrasie, kriminaliteit en geestelike volksmoord baar. Die vernietigende effek van hierdie stelsel is ook sigbaar op die res van die Kontinent waar Afrikane se geestelike en fisiese nood skrikaanjaende proporsies aanneem. Die oorwinning wat uiteindelik behaal word oor die stelsels van kolonialisme en apartheid-kolonialisme is 'n oorwinning déur en vîr Suid-Afrikaners, maar terselfdertyd ook 'n oorwinning nâmens die mense van Afrika.

Die Afrikaan se stelsel – die Grondwet – waarmee die stelsel van kolonialisme en apartheid-kolonialisme vervang word, is mensgerig en onderskryf die kernwaardes van die Afrikaan, naamlik dat alle mense gelyk en inderdaad mekaar se hoeders is. As sodanig is die Grondwet 'n antidoot vir die geestelike moord en ontmensliking wat teen Afrikane in Suid-Afrika en op die Afrika-kontinent gepleeg is deur non-Afrikane wat hulself bo die wette van die Skepper ag. Hierdie manjifieke en unieke produk van 'Afrika-

<sup>72</sup> Kyk Tabel 4.1:76

hande' en 'Afrika-denke' is inderdaad 'n 'juweel in die kroon van Afrika' en lui 'n morele herlewing namens die mensdom in.

As politieke mite verwys die ideologiese inhoud in *I am an African* na die sentrale soektog wat in die verhaal daargestel word: 'n soektog na die essensie van Afrikaan-skap en die inhoud van Suid-Afrikaanse nasionale identiteit. *I am an African* bevestig dat Suid-Afrika behoort aan al sy mense. Hierdie multi-etniese éntiteit vind dus sy ídentiteit in daardie waardes wat met die Afrikaan vereenselwig word: onvoorwaardelike respek vir die reg op menswaardigheid van alle mense. 'Suid-Afrikaan'-wees is dus beskore vir almal wat met Afrika identifiseer en hierdie grondwet in hul harte dra.

Die ideologiese inhoud in *I am an African* is ook 'n wekroep aan die Noordelike Halfrond om die stelsel van internasionale 'apartheid' te beëindig, waardeur Suid-Afrika en Afrika in die hantering van globale aangeleenthede wat die mensdom as geheel raak, slegs mag deelneem vanuit die buiterand waarheen dit uitgeskuif is (par 61). Hierdie marginalisering verteenwoordig eweneens 'n 'onmenslike' stelsel wat die fundamentele menswaardigheid van Afrikane aantast.

#### 4.4 Teks dekonstruksie

Teks dekonstruksie bou tot 'n groot mate voort op argetipe ontleding. Die primêre fokus van die ontleding is (i) die belangrikste binêre paar wat in die teks voorkom; (ii) die hiërgiesse verhouding daarvan; en (iii) onderliggende teenstellings in die teks wat hierdie hiërgiesse verhouding moontlik ondermyn. Die dekonstruksie van waardeteenstellings in *I am an African* is dus daarop gemik om te bepaal of enige onderliggende teenstellings geïdentifiseer kan word wat die ooglopende teksstellingnames ondermyn.

##### 4.4.1 Binêre pare

Soos aangedui in Tabel 4.1,<sup>73</sup> verteenwoordig die konsep Afrikaan/non-Afrikaan die mees pertinente binêre paar in *I am an African*. Binne die konteks van die diskoers word die volgende waardes met hierdie binêre paar geassosieer:

Die *Afrikaan*, wat in *I am an African* as verteller voorgestel word, het 'geboortereg' op die land (par 4).<sup>74</sup> Sy langdurige verbintenis met Suid-Afrika blyk onder meer uit sy kennis van die landskap en die seisoene (par 5) en die feit dat die riviere en woestyne die inheemse name dra wat hy in sy eie taal aan hulle

---

<sup>73</sup> Kyk Tabel 4.1:76

<sup>74</sup> Volgens Hammond-Tooke (1993:24) neem swart stamme reeds sowat twee miljoen jaar gelede hul intrek in Suidelike Afrika.

toegeken het (par 7).<sup>75</sup> Die Afrikaan is in vele opsigte 'n slagoffer van die non-Afrikaan, wat sy leefwêreld binnedring met vernietigende gevolge vir die gebied, die Kontinent en die oorspronklike bewoners.

Voor sy kennismaking met die non-Afrikaan, lewe die Afrikaan in vrede en harmonie met sy omgewing (par 9) en sy medeburgers – sy verdraagsaamheid sluit selfs daardie 'mede-burgers' in wat op ander teer (hiënas), die 'hakskeenbyters' (swart mamba) en pestilensies (muskiete) (par 8). Ten spyte van hierdie verdraagsaamheid, word die Afrikaan nogtans die teiken van die non-Afrikaan se koloniale en imperialistiese ambisies en vervolging. In die vryheidstryd wat volg, word die vroegste Afrikane, die Khoi en San, bykans uitgewis van die Afrika-landskap (par 10). Weerstand word ook gebied deur inheemse vryheidsvegters, nasionale leiers<sup>76</sup> en hul krygers (par 14). Hoewel hul verset enkele oorwinnings meebring (par 14;15), word die Afrikaan oplaas 'n kneg in sy eie land, uitgelewer aan 'n maghebber wat die owerheidsmag, instellings en beleid (kolonialisme/apartheid-kolonialisme) arbitrêr aanwend om teen Afrikane te diskrimineer op grond van ras en kleur. Die Afrikaan word van sy menswaardigheid en Afrika-identiteit gestroop en in sy eie land onderdruk, vervolg, verarm en verneder (par 21-24).

Na eeue van stryd teen die oppressiewe en barbaarse stelsel van die non-Afrikaan, seëvier die Afrikaan se heroïese gees en vasberadenheid oplaas (par 34;35). Die stelsel wat die Afrikaan as teenvoeter aanbied (die Grondwet), is 'n 'inheemse' produk (par 51) en verteenwoordig die waardes waarmee die Afrikaan hom vereenselwig en waarvoor hy baie offers moes bring: demokrasie, vryheid van die individu, geregtigheid, beskerming van menseregte, vryheid van spraak, oppergesag van die reg en die onvervreembare reg op menswaardige behandeling van alle landbewoners (par 42-47).

Binne die konteks van *I am an African*, word die *non-Afrikaan* geassosieer met die westerse koloniale mag in sy talle gedaantes (insluitende apartheid-kolonialisme). Hy is 'n indringer in 'n land en Kontinent waarop hy geen geboortereg het nie en wat onder sy immorele en amorele stelsel verval in konflik, armoede, nood en sosiale disintegrasie (par 31;59;60;27). Hy is 'n verdrukker en rassis wat homself inderdaad as só meerderwaardig beskou dat hy godgegewe wette met sy owerheidstelsel en beleid ongedaan wil maak (par 21;26). Hy is 'n tiran, moordenaar van nasies (par 10-11), slawemeester (par 13) en kapitalis, wat sy welstand bou op uitbuiting en diskriminasie (par 17;24;60). Hy is ook 'n aanstigter van konflik en kriminaliteit (par 20;27-31) en 'n barbaar wat sy vergryp teen die mensdom probeer regverdig

---

<sup>75</sup> Hierdie riviere en woestyne dui ook die grondgebiede van die belangrikste, inheemse groeperinge aan: die Sotho oorkant die iGqili (Oranje), die Nguni (in hierdie geval Zulu, hoewel die Xhosa deel van die Nguni groep vorm) oorkant die NoThukela (Tugela); die Venda, Pedi en Tswana oorkant die Lekoa (Vaal) en die Khoi en San in die Kgalagadi-gebied (Kalahari) (Saunders 1994:186).

<sup>76</sup> Leiers en vryheidsvegters wat in hierdie deel van die teks vermeld word, sluit verwysings in na helde wat afkomstig is vanuit al vier van die hoof groeperinge van inheemse groepe wat in Suid-Afrika aangetref word, naamlik die Nguni, Sotho, Venda en Tsonga (Hammond-Tooke 1939:34-35). Soos die latere Steve Biko, sterf Hintsa ook weens kopbeserings wat hy opdoen tydens aanhouding (Saunders 1994:134;34; Cameron 1986:91;92).

(par 20;25). Gemeet aan hierdie getuigskrif kan die non-Afrikaan in die konteks van *I am an African* inderdaad met die hiëna, swart mamba en muskiet geassosieer word.<sup>77</sup>

Die hiërargiese verhouding van die binêre paar 'Afrikaan/Non Afrikaan', verteenwoordig inderwaarheid reeds 'n inversie van die opponerende paar 'Europeër/non-Europeër', wat so kenmerkend was van die koloniale en apartheid-kolonialisme diskoers. Soos wat die begrip 'Europeër' in hierdie binêre paar die privilegiese posisie beklee, neem 'Afrikaan' die bevoorregte posisie in teenoor 'non-Afrikaan' in die bogenoemde binêre paar.<sup>78</sup> Hierdie posisie van privilegie is ook onderliggend aan die hantering van hierdie binêre paar in die *I am an African*-teks.

#### 4.4.2 Terloopse opmerkings en stellingnames

Binne die dekonstruksie benadering word noukeurige aandag verleen aan enige kantaantekening en terloopse opmerking wat in 'n teks voorkom, aangesien daar aangeneem word dat die sleutel tot teks dekonstruksie dikwels in hierdie elemente opgesluit lê. Hierdie aanname steun op die oortuiging dat outeurs dikwels, deur sulke terloopse aantekeninge, opponerende stellingnames bevestig, wat hy/sy in die ooglopende interpretasie van die teks probeer ontken. Stellingnames met betrekking tot die begrip 'Afrikaan' waarop daar in hierdie afdeling gefokus word, verwys na die volgende:

<b><u>Stellingname:</u></b>	Grondwet	= Afrikaan
	Suid-Afrikaanse nasie	= Afrikaan
	Verteller	= Afrikaan.

Die terloopse aanhaling van die Latynse spreuk, '*Gloria est consequenda*' (par 54),<sup>79</sup> geld as vertrekpunt in die dekonstruksie van die bogenoemde teks stellingname en as aanduiding dat hierdie stellingname moontlik bevraagteken kan word. Hoewel *I am an African* die geboorte van die Grondwet selebreer as produk van Afrika-hande en Afrika-denke, word 'n *Latynse* gesegde (as deel van die erfgoed van Westerse denke) aangehaal om die nasie te vermaan dat die glorie wat op die land wag, nie sonder inspanning en opoffering verwerf kan word nie. Hierdie benutting van 'n taal en term wat sinoniem is met die non-Afrikaan – in 'n Staat waar die nuwe Grondwet offisiële status bied aan 11 inheemse tale (Suid Afrika 1996:4) – druis in teen die sentrale stellingname van die teks. In die lig van hierdie teenstrydigheid, kan 'n aantal waarnemings gemaak word.

---

<sup>77</sup> In Afrika word die hiëna en slang onder meer geassosieer met heksery en boosheid (Hammond-Tooke 1993:171).

<sup>78</sup> Daar kan gespekuleer word dat die Afrikaan/non-Afrikaan binêre paar op post-koloniale diskoers dui waarin 'n posisie van privilegie aan 'Afrikaan' toegeken word in die hiërargiese verhouding.

<sup>79</sup> '*Glory must be sought after!*' (par 54).

Die stelling *'I am an African'*, word in die teks gebruik om die wesensaard van 'n aantal entiteite te beskryf. Ten eerste eien die verteller hierdie identiteit aan homself toe in die openingreëls van die teks (par 3), vanweë die feit dat Afrika sy geboortegrond is (par 4) en later ook weens sy lotsverbondenheid met die nasies van Afrika (par 58). As persoonifikasie van die Suid-Afrikaanse nasie, is die verteller se 'Afrikaan'-skap ook die identiteit waarmee die nasie in die teks geëtiketteer word (par 19).<sup>80</sup> Hierdie nasie bestaan uit 'n multi-etniese kern van inheemse landsbewoners en buitelanders wat Suid-Afrika hul tuiste maak, naamlik Maleise slawe, Indiërs, Sjinese en Europeërs (par 10-14;16;18).<sup>81</sup> Hoewel die nasie dus as 'Afrikaan' beskryf word, bestaan dit inderwaarheid uit beide Afrikane en non-Afrikane.

Die nuwe Grondwet, waarvan die geboorte in die teks geselebreer word (par 56), word ook beskryf as *'African'* – 'n unieke Afrika-produk, gevorm deur Afrika-hande en Afrika-denke (par 51). Die grondwet is ook geskoei op *'...the accumulated experience and wisdom of all humankind'* (par 52). Hierdie 'inheemse' produk is dus gerig op die beskerming van waardes en praktyke wat die produk is van die westerse tradisie: demokrasie, die eerbiediging van basiese menseregte, vryheid van spraak, onafhanklikheid van die regspraak (par 42;44;46;47). Die Grondwet is dus eweneens 'n hibriediese produk met eienskappe wat beide op 'n Afrikaan en non-Afrikaan herkoms dui.

In die teks beweer die verteller dat sy Afrikaan-skap voortspruit uit sy verbintenis met die nasies van Afrika: *'I am an African. I am born of the people of the continent of Africa'* (par 57-58). Met hierdie stelling open die verteller inderwaarheid die deur vir nog groter inklusiwiteit ten opsigte van diegene wat 'Afrikaan' as hul regmatige identiteit kan oeps. In die finale instansie kan die stelling: *'I am an African. I am born of the people of the continent of Africa'* immers deur die mensdom as geheel ge-eggo word.<sup>82</sup> Vanuit hierdie perspektief kan 'Afrikaan'-skap dus beskou word as 'n inklusiewe begrip wat inderwaarheid die mensdom in sy geheel (ook non-Afrikane) insluit.<sup>83</sup>

Hierdie teenstellings hou implikasies in vir die Afrikaan/non-Afrikaan hiërargie aangesien die begrip 'Afrikaan', binne die konteks van die teks, inderwaarheid deurdring word deur die non-Afrikaan en 'n hibriede van beide binêre pare daarstel. Die begrip 'Afrikaan' toon dus 'n dimensie wat wyer uitkring as die eng geo-politiese interpretasie daarvan. Die volgende afleiding vloei hieruit voort: soos wat die mens

---

<sup>80</sup> *'Being part of all these people ... I shall claim that – I am an African!'* (par 19).

<sup>81</sup> Die Suid-Afrikaanse nasie kan inderwaarheid beskou word as 'n mikro-weergawe van die mensdom. Met die uitsondering van die oerbewoners van Australië, word drie van die vier oerstamme van die mensdom – soos verteenwoordig deur die Sjinese, Indiërs, Europese setlaars en swart inheemse groepe – in die land aangetref (Hammond-Tooke 1993:23).

<sup>82</sup> Afrika word beskou as die wieg van die mensdom, vyf tot ses miljoen jaar gelede (Hammond-Tooke 1993:23).

<sup>83</sup> Hierdie inklusiwiteit staan in sterk kontras teenoor die stelsel van apartheid-kolonialisme.

eens in Afrika ontstaan en uit Afrika evolueer, ontstaan die Grondwet – as ‘Afrika-produk’, waarin die onvervreembare regte en verpligtinge van menswees beveilig word – weer eens in Afrika. Hierdie produk is Afrika se unieke bydrae tot die mensdom. As ‘Afrika-kind’ dra die Grondwet inderwaarheid die DNS van daardie waardes wat vir alle mense (Afrikane en non-Afrikane) in alle tye geldig is: die reg op menswaardigheid en die verpligting tot medemenslikheid teenoor die naaste. Soos die mensdom moet hierdie ‘Afrika-kind’ ook evolueer en oor die ganse planeet versprei. Hierdie morele herlewing is noodsaaklik vir die proses van heling en nasiewording van almal wat in Suid-Afrika woon, dit is noodsaaklik vir die herlewing van die Afrika-kontinent en vir die humanisering van die mensdom. Soos wat die binêre paar Afrikaan/non-Afrikaan mekaar deurdring, kan nóg die Suidelike Halfrond, nóg die Noordelike Halfrond hierdie pad na herlewing in isolasie aantree.

#### 4.4.3 Waardeteenstellings en weerspreking

Die ooglopende teks stellingname in *I am an African* dui aan dat die Suid-Afrikaanse nasie en die Grondwet, ‘n ‘Afrikaan’-identiteit dra. Binne die konteks van *I am an African* kan ‘n inversiewe teks stellingname afgelei word, naamlik dat die begrip ‘Afrikaan’ op ‘n hibride tussen Afrika-bewustheid en westerse denke (non-Afrikaan) dui. Die waarde-paradoks in die teks lê dus opgesluit in die vasstelling dat Afrika-bewustheid in wese ook die stempel van non-Afikanisme dra. Dekonstruksie van wat dit beteken om ‘Afrikaan’ te wees, dui dus nie op ‘n geo-politiese kategorisering nie, maar op ‘n geestelike ingesteldheid, op ‘n waardesisteem wat vir die verteller, die Suid-Afrikaanse nasie, die Afrika-kontinent en die mensdom as geheel geld. Met die stelling ‘*I am an African*’ bevestig die verteller inderwaarheid: ‘Ek is deel van die mensdom en ek is my broer/suster se hoeder’.

### 4.5 Samevatting

Deur die gebruikmaking van ‘n argetipe en dekonstruksie benadering in die ontleding van *I am an African* as politieke mite, kon die ideologiese inhoud en waardeteenstellings in die teks onderskeidelik bepaal word. Daar is vasgestel dat die ideologiese inhoud van hierdie politieke mite verwys na die essensie van Afrikaan-skap en na die waardes wat met Suid-Afrikaanse nasionale identiteit vereenselwig word. Dekonstruksie van die belangrikste binêre paar in die teks, naamlik ‘Afrikaan/non-Afrikaan’, toon aan dat die begrip ‘Afrikaan’, in die konteks van *I am an African*, inderwaarheid ‘n hibride van beide konsepte daarstel. Daar kan dus afgelei word dat die interpretatiewe ontledingsmetodes wat toegepas is, wel bruikbare gereedskap aanbied vir die sistematiese ontleding van die ideologiese inhoud van politieke mites. Die mate waarin die ideologiese inhoud van *I am an African* weerklank vind in openbare beleidsdiskoers en die vraag of hierdie politieke mitologie ‘n funksionele rol vervul in die openbare beleidsfeer, word in Hoofstuk V aangespreek.



## 5 Openbare beleid en die *I am an African*-mitologie

### 5.1 Inleiding

Die ontleding van die gekose, beleidsverwante tekste<sup>84</sup> is hoofsaaklik daarop gemik om die inwerking van *I am an African* op die beleidsdiskoers vas te stel en om te bepaal in hoeverre hierdie tekste ooreenkomste en raakpunte met die ideologiese inhoud en temas van *I am an African* toon. Daar word veronderstel dat sodanige ooreenkomste en raakpunte groter insig sal verleen aangaande die rol en funksie wat *I am an African* as politieke mite in die openbare beleidsdiskoers vervul. Uit die ontleding is vasgestel dat die gekose, beleidsverwante tekste inderdaad raakpunte met die *I am an African*-teks toon. Hierdie raakpunte en ooreenkomste verwys hoofsaaklik na die mate waarin die ideologiese inhoud en die mees prominente temas in die *I am an African*-teks weerklank vind en die beleidsprogramme wat tussen die tydperk 1997 tot 2001 in Staatsredes aangekondig is. In hierdie verband is die volgende oorvleuelende temas geïdentifiseer: (i) Afrika-herlewing; (ii) morele verval as apartheid-erflating; (iii) nasiewording; (iv) nasionale eenheid en solidariteit; (v) die verwydering tussen die Suidelike en Noordelike Halfrond; en (vi) Suid-Afrika se verbondenheid met die mensdom.

### 5.2 Afrika-herlewing

Die artikulasie van 'n gemeenskaplike, politieke visie is uiteraard 'n belangrike bousteen in die vestiging van nasionale solidariteit en samehörigheid. Hierdie visie reflekteer en bevestig die kollektiewe versugtinge in die politieke samelewing en dien om die bevolking te verenig in die nastreef van 'n gemeenskaplike doelwit. Binne die konteks van die Suid-Afrikaanse geskiedenis en multi-kulturele samelewing, is die artikulering van 'n gemeenskaplike, politieke visie derhalwe besonder relevant in Suid-Afrika. In *I am an African* kristalliseer hierdie gemeenskaplike politieke visie as die *mite van Afrika-herlewing*. 'n Aantal raakpunte en ooreenkomste kan tussen die nasionale toekomsvisie in *I am an African* (as politieke mitologie) en die openbare beleidsdiskoers in die periode 1997 tot 2001 aangedui word:

As 'n gemeenskaplike politieke visie word die *mite van Afrika-herlewing* in *I am an African* allereers teruggevind in die ideaal van Suid-Afrika se herlewing. Daarvolgens gaan die Staat, na eeue van konflik, verdeeldheid, degradasie en uitbuiting, 'n glorieryke era tegemoet waarvan die nuwe Grondwet die eerste voorbode is. Verwerping van hierdie glorie sal uiteraard inspanning verg van elke lid van die Suid-Afrikaanse samelewing. Die belofte van nasionale herlewing funksioneer in hierdie verband om die Suid-Afrikaanse nasie te mobiliseer om aktiewe deelgenote te word in die heropbou en ontwikkeling

---

<sup>84</sup> Kyk 3.2:45-46

van die Staat. 'n Tweede faset van hierdie herlewingsproses is die versugting na 'n ware Afrika-herlewing wat 'n einde sal maak aan die konflik en nood wat elders op die Afrika-kontinent heers. Hierdie herlewing sal die eertydse glorie van Afrika herstel en die Kontinent en sy mense in staat stel om hul regmatige plek onder die nasies van die wêreld in te neem. Die *mite van Afrika-herlewing* kan dus beskou word as 'n soort katalisator vir die generering van 'n gedeelde politieke visie binne die Suid-Afrikaanse samelewing. Hierdie mite word ook in beleidsverwante tekste gereflekteer.

Die versugting na 'n ware Afrika-herlewing as '*...an African Renaissance campaign which is growing to become a continental movement*' (Mandela 1999:8-9) en die visie van die nuwe millennium as 'n ware Afrika-eeu, waarin die ontbering wat geassosieer word met die koloniale heerskappy van Afrika (soos opgeteken in *I am an African* [par 60]), oplaas verby sal wees en die Kontinent tot sy volle potensiaal sal ontwikkel en groei, word teruggevind in die beleidsdiskoers in die periode 1997 tot 2001, veral met verwysing na die buitelandse beleidsprogram wat in hierdie periode aangekondig word. Die Afrika-herlewing word daargestel as '*...an unbreakable continuum in the evolution of our Continent towards its Renaissance*' (Mbeki 1999e:5). In ooreenstemming met *I am an African*, word die vervulling van hierdie ideaal in die beleidsdiskoers ook gelykgestel aan die uitwissing van die erflating van kolonialisme (Mbeki 1997:7). In hierdie diskoers word Suid-Afrika se posisionering in die internasionale arena en identifikasie met die Afrika-kontinent en die ontwikkelende wêreld, by herhaling beklemtoon.

Met die aankondiging van voorgenome buitelandse beleidsinisiatiewe word die voordele van 'n Afrika-oriëntering, asook verwysings na dáárdie probleme wat in *I am an African* as 'n skandvlek (par 59-60) beskryf word, ook geopper. Mbeki lig die struikelblokke onderweg na Afrika-herlewing soos volg toe: '*...at last to achieve an African Renaissance, including the establishment of stable democracies, respect for human rights, an end to violent conflicts and a better life for all the peoples of Africa*' (1997:7). Beleidsalternatiewe wat bekendgestel word, soos byvoorbeeld die bekamping van gewapende konflik, deelname aan vredesinisiatiewe in die Demokratiese Republiek van die Kongo en Angola (Mbeki 1999e:5), word geartikuleer as noodsaaklike intervensies ter oplossing van dáárdie probleme wat hierdie ideaal van Afrika-herlewing (par 60) kan verydel.<sup>85</sup> Buitelandse beleidsalternatiewe wat gemik is op globale reïntegrasie van Suid-Afrika, word aangebied as instrument om die marginalisering van die Afrika-kontinent op te hef (Mandela 1998:10).<sup>86</sup> Die 'familieband' wat tussen Suid-Afrika en ander Afrika

---

<sup>85</sup> '*Fundamental to our success in generating this rebirth is to root out the causes of conflicts which are ravaging parts of the continent*' (Mandela 1999:9).

<sup>86</sup> Hierdie beleidsprioriteite fokus onder meer op handelsbetrekkinge met Afrika, Suid-Afrika se betrokkenheid as gasheer by 'n beraad van die leiers van die Beweging van Onverbonde State en die rol wat Suid-Afrika kan speel met betrekking tot die definiëring van 'n nuwe wêreldorde in die lig van groeiende globalisering (Mandela 1998:10).

state bestaan, asook die verbondenheid tot die Afrika-herlewingsprogram, word soos volg opgesom: *'We shall continue to expand these relations and close co-operation with our sister African nations bilaterally and through the OAU, within the context of Africa's renaissance'* (Mandela 1998:10). Beleid gemik op globale reïntegrasie van die land word ook vanuit die perspektief van Afrika-verbondenheid benader (Mbeki 1999e:3).<sup>87</sup> Afrika-herlewing en Afrika-verbondenheid is nie net wederkerende temas in die beleidsdiskoers gedurende 1997 tot 2001 nie, maar artikulasie van hierdie begrippe toon ook retoriese ooreenkomste met die *I am an African*-teks.

In die beleidsdiskoers is hierdie retoriese ooreenkoms met *I am an African* veral opmerklik ten opsigte van uitsprake wat gelewer word aangaande die probleme waarmee Afrika worstel (Mbeki (1997:7)).<sup>88</sup> Die mees opvallende retoriese ooreenkomste met die *mite van Afrika-herlewing* in *I am an African*, word aangetref in die beleidsprogramme wat onder Mbeki se presidentskap aangekondig word, waaronder die sogenaamde Millennium Afrika Herstelplan<sup>89</sup> (Mbeki 2000; Mbeki 2001). Afrika-herlewing, die daeraad van 'n Afrika-eeu (Mbeki 2000:10),<sup>90</sup> nasionale identiteit en die herstel van selftrots (Mbeki 2001:12)<sup>91</sup> – motiewe wat onteenseglik terugwys na *I am an African* – is verstregtelik in hierdie beleidsdiskoers. Beleidsmotivering, die daarstel van 'n gemeenskaplike politieke visie vir die staat en die propagering van 'n Afrika-oriëntering as bousteen vir nasionale identiteit, word in die beleidsdiskoers dus direk aan die visie van Afrika-herlewing gekoppel. Die *mite van Afrika-herlewing* word dus in die openbare beleidsdiskoers bevestig en bekragtig.

### 5.3 Morele verval en herlewing

In die openbare beleidsdiskoers in die periode 1997 tot 2001 word prominensie verleen aan die noodsaaklikheid om die morele verval van die Suid-Afrikaanse samelewing aan te spreek en landsburgers weer geestelike weerbaar te maak (Mbeki 1997:4; Mandela 1999:6). In *I am an African*

---

<sup>87</sup> Mbeki verklaar: *'As South Africans we should be proud to note that the past year [2000] has seen our country enhance its role as a reliable partner in the African and global struggle for democracy, peace, development and an equitable process of globalisation'* (Mbeki 2001:4-5); *'We have sought to reintegrate our country among the world nations as a force for the construction of a new world order in favour of the poor and the marginalized, especially on our continent of Africa'* (Mbeki 1999e:3).

<sup>88</sup> Mbeki meld in die verband: *'...it [Afrika Olimpiade] will mark the recovery of our continent from an experience of many centuries, some of whose distinguishing features have been the slave trade, colonial domination and exploitation, apartheid, bad African governance and the identification of what is bad with the colour black'* (1997:7).

<sup>89</sup> Sedert Oktober 2001 bekend as die Nuwe Vennootskap vir Afrika se Ontwikkeling (Nepad).

<sup>90</sup> *'...we should devote the Year 2000 ... to ensure that by its end, we see our entire Continent at the ready to join in a powerful movement of the peoples of Africa for the realisation of Africa's century'* (Mbeki 2000:10).

<sup>91</sup> *'As we strengthen our bonds of friendship and solidarity with our fellow Africans we have an obligation to help ensure that, in our country and everywhere else on our Continent ... no African child should ever again feel ashamed to be an African'* (Mbeki 2001:12).

kristalliseer hierdie tema as die *mite van morele verval as apartheid-erflating*, (par 26-28). Die volgende raakpunte en ooreenkomste kan met betrekking tot hierdie mite in *I am an African* en die openbare beleidsprogram tussen 1997 en 2001 aangedui word:

Sosiale disintegrasie en die morele verval van die nasie word in *I am an African* toegeskryf aan die erflating van apartheid. Hierdie erflating van die immorele en amorele beleid van kolonialisme en apartheid-kolonialisme, vind onder meer gestalte in sosiale euwels: misdad, geweld en die nastreef van eie gewin ten koste van ander se menswaardigheid (par 26-31). Morele herlewing word in hierdie mite gekoppel aan bepaalde norme, soos vervat in die nuwe Grondwet, wat as nastrewenswaardig binne die Suid-Afrikaanse politieke samelewing voorgehou word. Die sleutel tot morele herlewing binne die Suid-Afrikaanse samelewing lê aldus opgesluit in die waardes wat in die Grondwet vervat is en wat met 'Afrikaan-skap' geassosieer word.

In die openbare beleidsdiskoers tussen 1997 en 1999, figureer die kousale verband tussen die immorele en amorele beleid van die vorige bedeling en die voorkoms van bepaalde sosiale euwels binne die Suid-Afrikaanse samelewing – euwels wat ook in *I am an African* aangedui word (par 25) – prominent (Mbeki 1997:4-5; Mandela 1999:6).<sup>92</sup> Die verband wat bestaan tussen die beleid van die vorige bedeling en hierdie sosiale disintegrasie, word as motivering vir openbare beleidsprogramme wat dien om hierdie disintegrasie te bekamp, voorgehou. Die noodsaaklikheid om kollektiewe verantwoordelikheid vir hierdie historiese probleem te aanvaar, word ook vermeld (Mbeki 1997:5; Mbeki 1999c:2). Sonder hierdie kollektiewe verantwoordelikheid bied beleidsmaatreëls, soos die versterking van die polisiemag en die kriminele regstelsel (Mbeki 1997:5), nie 'n bevredigende oplossing nie aangesien sulke maatreëls bloot die probleem verdoes, oftewel: '*...to hide the reality of a deadly inheritance, but also the abdication of a responsibility*' (Mbeki 1997:5). Juis vanweë hierdie erflating, word geargumenteer, moet die regering voortgaan met sy oorkoepelende Heropbou- en Ontwikkelingsprogram (HOP) (Mbeki 1999e:1; Mbeki 1997:4).<sup>93</sup> Sosiale probleme wat in *I am an African* spesifiek vermeld word – kriminaliteit, taxi-geweld, verkragting, dwelmsindikate, moord en

---

<sup>92</sup> '*...the system and practice of apartheid constituted the most sustained corruption of our society ... a state based by definition on corrupt practice, could not but nullify or degrade all social morality. A direct consequence of this would therefore be to pervert each human being so that each should believe that the norm or value system which should guide his or her behaviour is the pursuit of self interest at all costs, without that constraints imposed on each person by a commonly accepted system of social norms.*' (Mbeki 1997:4); '*...we are a sick society. It is perfectly correct to assert that all this was spawned by apartheid. No amount of self-induced amnesia will change this reality of history*' (Mandela 1999:6).

<sup>93</sup> '*The reality of the persistence of the legacy of apartheid reaffirms the challenge of '94 that we must persist with our programme for change*' (Mbeki 1999e:1); '*The task faces all of us to confront this enormous challenge, to restore to our communities the system of social values which create a climate hostile to criminal and other anti-social behaviour. The first step along this very necessary road is the recognition that we inherited from our past a corrupt society which demands of all of us that we become militant combatants for the moral renewal of our country, as part of the process of its reconstruction and development*' (Mbeki 1997:4).

diefstal (par 27-30) – word ook in die 1997 nasionale beleidsprogram vir aandag uitgesonder (Mandela 1997:5).

Die behoefte aan 'n nuwe waardestelsel om hierdie sosiale euwels suksesvol te bekamp, word ook in die diskoers aangevoer (Mandela 1997:5; Mbeki 1997:4; Mandela 1999:7; Mbeki 2001:1).<sup>94</sup> Hierdie morele hernuwing van die nasie, wat beskryf word as 'n '...RDP<sup>95</sup> of the Soul' (Mandela 1999:7), word ook gekoppel aan identifikasie met 'n Afrika-identiteit (Mandela 1999:10).<sup>96</sup> Daar word geargumenteer dat nasionale, morele heropbouing ook openheid aangaande die vergrype van die verlede, soos gemanifesteer in getuienis voor die Waarheid- en Versoeningskommissie (WVK), vereis (Mandela 1998:6). Retoriese ooreenkomste met *I am an African* (par 23;27;25;31) word verder ook teruggevind in die beleidsdiskoers.

Ooreenkomste met die *I am an African*-retoriek is veral opvallend in die 1999 beleidsprogram wat deur President Mbeki (1999d:1-3) aangekondig word. In hierdie diskoers roep hy die nasie as 'n geheel op om in vennootskap met die regering te werk vir heropbou en ontwikkeling en vir die uitwissing van die brutale samelewing wat gekenmerk word deur misdaad en geweld (Mbeki 1999d:1-3).<sup>97</sup> Korrelasie met die *mite van morele verval* as erflating van die apartheidsera, wat kristalliseer in *I am an African*, die identifisering van die mees prominente sosiale euwels waarmee die Suid-Afrikaanse politieke samelewing te kampe het en die noodsaaklikheid om 'n nuwe morele kode na te streef, is veral opmerklik in die beleidsprogram tussen 1997 en 1999. Hierdie korrelasie met die *mite van morele verval* as apartheid-erflating en die argumente wat aangevoer word om die misdaadprobleem in Suid-Afrika te verklaar en die gekose beleidsalternatiewe te regverdig, herinner aan Bennet (1980:171) se opmerking, dat politieke mites dikwels aangewend word om die beleidsdiskoers te reguleer, die grense van aanvaarbare debat te bepaal en om ander beleidsalternatiewe, wat nie met die sosiale konstruksie van die gesanksioneerde mite strook nie, te diskrediteer.

---

<sup>94</sup> Mandela meld in die verband: '...success depends on our whole society adopting a new value system' (Mandela 1997:5); 'The task faces all of us to confront this enormous challenge, to restore to our communities the system of social values which create a climate hostile to criminal and other anti-social behaviour' (Mandela 1997:4).

<sup>95</sup> *Reconstruction and Development Programme*, oftewel HOP.

<sup>96</sup> '...reconstruction of the soul off the nation ... means asserting our collective and individual identity as Africans, committed to the rebirth of the continent; being respectful to other citizens and honouring women and children of our country who are exposed to all kinds of domestic violence and abuse' (Mandela 1999:10).

<sup>97</sup> 'Over the centuries this [brutale gemeenskap] has condemned millions to catastrophic loss of national identity and human dignity ... those in our cities and towns have lost all hope and all self-worth, who have slid into the twilight of drug and alcohol abuse, the conscious sexual and physical abuse of women and children ... The society we seek to replace entrenched corruption in all areas of human activity informed by the notion that concepts of right and wrong are dead, and therefore, that everything that serves my personal interest is permissible' (Mbeki 1999d:1-3).

## 5.4 Nasiewording

Smith (1990:40) se stelling, dat gemeenskaplike herinneringe 'n belangrike bousteen in nasiewording verteenwoordig, impliseer dat 'n gebrek aan konsensus oor die gemeenskaplike verlede, implikasies mag inhou vir die proses van nasiebou in Suid-Afrika. In baie opsigte kan die *mite van nasiewording* wat in *I am an African* kristalliseer, as 'n remedie vir 'n gebrek aan konsensus oor die verlede beskou word. Binne die Suid-Afrikaanse politieke samelewing bestaan daar uiteraard 'n ryk verskeidenheid interpretasies van die verlede. Die gebrek aan konsensus aangaande die verlede word ook aangespreek in die beleidsdiskoers in die tydperk 1997 tot 2001. Die volgende ooreenkomste en raakpunte kan vasgestel word tussen die *mite van nasiewording* in *I am an African* en die beleidsdiskoers:

In *I am an African* funksioneer die *mite van nasiewording* tot 'n groot mate om 'n gemeenskaplike, geskiedkundige herinnering vir die 'nuutgebore' Suid-Afrikaanse nasie daar te stel. Hierdie gemeenskaplike, historiese herinnering verteenwoordig 'n belangrike bousteen in die skep van nasionale samehorigheid (Smith 1991:40). In *I am an African* verteenwoordig die *mite van nasiewording* en die verwante geskiedkundige gebeure uiteraard nie 'n realistiese weergawe van die land se geskiedenis nie. Die mite bied 'n geïdealiseerde, sosiale konstruksie van die verlede aan, waarin die gekompliseerde, historiese realiteit vervang word met 'n meer eenvoudige weergawe. Hoewel die verhaal van nasiewording nasionale helde se heroïese dade tydens die vryheidstryd in breë trekke skets, word die detail verbonde aan die dade van die 'vyand', in sy gedaante as apartheid-kolonialis, grootliks verswyg. Simboliese kondensasie word so bewerkstellig en identifikasie met die gedeelde geskiedkundige verlede moontlik gemaak vir alle lede van die Suid-Afrikaanse samelewing, sonder om afbreuk te doen aan die rituele offers en heldedade gelewer deur nasionale helde, vryheidsvegters en die massas. In die aankondiging van die nasionale beleidsprogramme verteenwoordig die kroniek van Suid-Afrika se verlede, soos sinopties daargestel in *I am an African*, ook 'n wederkerende diskoers.

Verwysings na die verband tussen apartheid-kolonialisme en sosiale verbrokkeling, wat in die beleidsdiskoers aangetref word, spreek hierdie gedeelde verlede aan (Mbeki 2001:1).<sup>98</sup> In hierdie diskoers word aangedui dat die belangrikste probleme waarmee daar in die beleidsprogram geworstel

---

<sup>98</sup> Mbeki meld onder meer die volgende aangaande Suid-Afrika se verlede: *'It is a past of a radically divided country, of masters and servants, of racially inspired conflict and mistrust ... It is a past of the denial of freedom to the majority, gross violation of human rights and repression, of entrenched sexism, a past of high levels of crime, violence and corruption. It is a past of a South Africa isolated from the rest of Africa and the world, a pariah amongst nations ... Our first responsibility in this regard has been the need to recognize the reality that as a people we do indeed share this common legacy ... this was a legacy that we did not desire and were therefore committed to eradicate'* (2001:1).

word, 'n historiese oorsaak het (Mbeki 2001:1). Die gebrek aan nasionale konsensus oor die verlede en oor die apartheid-erflating in die besonder, word in die beleidsdiskoers tussen 1997 en 2001 dikwels as remskoen vir nasionale eenwording aangevoer (Mbeki 1997:5).<sup>99</sup> Daar word ook aangedui (Mbeki 1997:2;3) dat nasionale eenheid en die regstelling van ongelykhede in die Suid-Afrikaanse samelewing gekortwiek word deur openbare kritiek op beleidsinisiatiewe wat gemik is op regstellende aksie (Mbeki 1997:3).<sup>100</sup> Gebrek aan konsensus oor die nasionale agenda (Mbeki 1999e:2;3;4) is een van die probleme wat teruggevoer word na die verskil in interpretasies aangaande die land se verlede (Mbeki 1999e: 4).<sup>101</sup> Hierdie gebrek aan konsensus oor die verlede word beskou as 'n *'...challenge we still face to become truly one nation, however diverse in its composition'* (Mbeki 1999e:4). 'n Gedeelde siening van die verlede word in die beleidsdiskoers verbind met nasiewording en versoening (Mbeki 1997:5; Mandela 1998:7).

Korrelasie met die weergawe van die land se geskiedenis soos uiteengesit in *I am an African*, is veral opvallend in die retoriese inleiding tot die 2001 beleidsprogram waarin beklemtoon word dat die nasie as 'n geheel hierdie geskiedkundige erflating deel en dus gesamentlik verantwoordelik is vir die regstelling van hierdie nalatenskap (Mbeki 2001:1). Ander verwysings na Suid-Afrika se verlede wat ooreenstemming toon met die verhaal in *I am an African* (par 11;49), word aangetref in die verslag aangaande vordering met die HOP en die teruggawe aan die Khomani San, van grond wat tradisioneel aan die San behoort het (Mbeki 1999e:3).<sup>102</sup> Hierdie wederkerende diskoers herinner sterk aan die stelling in *I am an African* dat sekere herinnering nie toegelaat mag word om te vervaag nie, aangesien dit funksioneer om die samelewing daaraan te herinner *'...never to be inhuman again'* (par 11).

Die openbare beleidsprogram tussen 1997 en 2001 funksioneer onder meer om die noodsaaklikheid van konsensus aangaande die verhaal van nasiewording en die ontstaansgeskiedenis van die multi-

---

<sup>99</sup> *'The hatred and animosity of the past will not go away unless the truth is told about what happened'* (Mbeki 1997:5); *'The national consensus we thought we had achieved when, together, we adopted the Preamble to our Constitution which says 'We the people of South Africa, recognise the injustice of our past, (and) honour those who suffered for justice and freedom in our land...' seems denied when we act in a manner which says we do not recognise that any injustice was done. And by that denial we refuse to be co-architects of the national unity and reconciliation without which it is impossible to speak of the new South Africa as a real, an existing or emerging entity'* (Mbeki 1997:5).

<sup>100</sup> *'...the new nation cannot come into being on the basis of the perpetuation of the extraordinary imbalances we have inherited from the past. It cannot be founded on the entrenchment of the apartheid legacy ... assertions have been made about declining financial management standards in government, which is attributed to inefficient blacks, who, it is said, occupy their positions by virtue of misplaced affirmative action policies'* (Mbeki 1997:3).

<sup>101</sup> *'The challenge remains for all of us to find one another as we strive to create a new society ... An essential part of that effort is the difficult task of ensuring that we understand our past and present it in the same way'* (Mbeki 1999e: 4).

<sup>102</sup> In hierdie diskoers word die rol wat hierdie program speel in die vestiging van Suid-Afrika se multi-etniese nasie, deur Mbeki toegelig: *'This was no simple act of land restitution but the beginning of a journey as a result of which the ancient San people, decimated through an almost genocidal process of colonisation, can save their language and culture from extinction, regain their national identity and occupy their just place as a valued component part of our multi-ethnic and multi-cultural society, enriching all of us with the wisdom of their ways'* (Mbeki 1999e:3).

etniese Suid-Afrikaanse nasie, tot gemeenskaplike herinneringe binne die samelewing te vestig. By implikasie blyk dit dat die verhaal van nasiewording binne die beleidsdiskoers funksioneer om 'n eenvormige sosiale konstruksie van die realiteit daar te stel en om intoleransie met betrekking tot interpretasies wat buite die gesanksioneerde mitiese waardes val, in die hand te werk.

## 5.5 Nasionale identiteit en solidariteit

Nasionale samehorigheid nieëenstaande etniese diversiteit is 'n prominente motief in die mitiese verhaal wat in *I am an African* uitgebeeld word. In die Staatsredes wat gelewer is tussen 1997 en 2001, verteenwoordig hierdie tema eweneens 'n prioriteit en word die kwessie van nasionale eenheid en solidariteit, as 'n *'...common nationhood and a shared destiny'* (Mbeki 1998e:2) binne die Suid-Afrikaanse politieke samelewing, gereeld aangespreek. Die volgende ooreenkomste en raakpunte kan vasgestel word tussen die *mite van nasionale eenheid* in *I am an African* en die beleidsdiskoers:

Die mitiese verhaal in *I am an African* wentel om die vestiging van 'n nuwe, politieke samelewing in Suid-Afrika en die legitimering van die nuwe demokratiese Staat, soos vergestalt in die Grondwet. Die sentrale soektog wat in *I am an African* uitgebeeld word, dui ook op 'n soeke na die aard en inhoud van Suid-Afrikaanse nasionale identiteit. Hierdie nasionale identiteit word in *I am an African* as 'n inklusiewe, multi-etniese entiteit bevestig, waardeur alle groeperinge in Suid-Afrika verseker word van hul reg om volwaardig deel te wees van die Suid-Afrikaanse nasie, in 'n land wat inderdaad aan almal behoort (par 49). Die *mite van nasionale identiteit* wat in *I am an African* kristalliseer, verbind nasionale bewussyn binne die Suid-Afrikaanse konteks op ondubbelsinnige wyse aan Afrika-bewustheid en 'n identifikasie met die Afrika-kontinent (par 55:57-58). Suid-Afrikaanse nasionale identiteit is ook nou verweef met daardie waardes wat met Afrika-bewustheid vereenselwig word: onvoorwaardelike respek vir die reg op menswaardigheid van all mense, soos vergestalt in die nuwe Grondwet (par 39-40). Nasionale identiteit word dus in *I am an African* gekoppel aan Afrika kulturele identiteit en onvoorwaardelike identifikasie met Afrika en Afrikaan-skap.

Die vraagstuk van nasionale identiteit en solidariteit verskyn prominent op die nasionale beleidsagenda in die tydperk 1997 tot 2001 (Mandela 1997:1; Mandela 1998:1;11; Mandela 1999:1;11; Mbeki 1999d:1;2; Mbeki 2000:1;10; Mbeki 2001:1-2;12) en word dikwels vermeld as retoriese inleiding tot bepaalde beleidsinisiatiewe en/of dien as wekroep ter ondersteuning van die beleidsprogram in die slotgedeeltes van die diskoers.<sup>103</sup> In die beleidsretoriek dien verwysing na nasionale solidariteit dus

---

<sup>103</sup> *'In practical action, a new nation is being forged; a nation whose New Patriotism and sense of pride derive not only from the ideas in our hearts, but also from concrete progress made in improving the well-being of all'* (Mandela 1997:1); *'We know the programmes of our government are not the panacea for all the ills of our terrible past. They are but a platform for South Africans to let their strength shine through'* (Mandela 1998: 1); *'There can be no equivocation that the majority of South Africans, coalesced around*



meestal as mobiliseringsmeganisme waardeur gepoog word om steun vir die beleidsprogram te verseker (Mandela 1999:11; Mbeki 1999d:2).<sup>104</sup> Nasionale solidariteit word dus direk gekoppel aan suksesvolle implementering van die beleidsprogram.

Hoewel die versugting na nasionale eenheid en versoening, wat so kragtig uit *I am an African* spreek, weerklank vind in die nasionale agenda in die tydperk 1997 tot 2001, kan afgelei word uit die beleidsdiskoers dat 'n gebrek aan konsensus oor die aard van nasionale identiteit en nasionale samehörigheid tot sosiale spanning aanleiding gee. Die *'state of the nation'* wat uit hierdie retoriek afgelei kan word, hou 'n beeld voor van 'n nasie wat die pad na nasionale eenwording en versoening moeisaam aantree. Die vraag word dan ook gestel of daar werklik sprake kan wees van 'n Suid-Afrikaanse nasie wat nasionale belange deel: *'...are we merely a collection of communities that inhabit one geopolitical space!'* (Mbeki 1997:2-3). In die retoriek is daar selfs sprake van 'n sogenaamde twee-nasie Staat, waarin tweespalt, agterdog, rassisme en bykans onoorbrugbare verskille, steeds aan die orde van die dag is (Mbeki 19993:3).<sup>105</sup> Hierdie tweespalt, veral die verdeling volgens ras en kleur – die mees pertinente ewels in die land se wordingsgeskiedenis waarvan die verteller in *I am an African* melding maak (par 21-22) – loop soos 'n struktuurfout deur die Suid-Afrikaanse samelewing (Mbeki 1997:2).<sup>106</sup> Mbeki (19993:3) se beskrywing van die 'twee-nasies' sindroom bied 'n sinopsis van dáárdie spanningtoestande in die weg van nasionale eenheid, wat binne die Suid-Afrikaanse politieke samelewing aan die orde van die dag is. Nasionale samehörigheid word in die diskoers verbind met die verwerping van groter konsensus aangaande die nasionale agenda sodat die erflating van die vorige bedeling meer effektief met die beoogde beleidsinisiatiewe aangespreek kan word (Mbeki 1997:1;2).

Die model van nasionale eenheid en solidariteit wat in die openbare beleidsdiskoers voorgehou word, laat weinig twyfel dat die nuwe nasie wat besig is om vorm aan te neem, in aard en wese 'n Afrika-nasie

---

*our founding pact, are outgrowing the apprehensions that required the convoluted 'structural guarantees' of the first few years.'* (Mandela 1999:1); *'With a new generation of leaders and a people that rolls up its sleeves in partnership for change, we can and shall build the country of our dreams'* (Mandela 1999:11); *'...none can challenge us when we say – we are a nation at work to build a better life!'* (Mbeki 1999d:1); *'To build on these constructive efforts [nasiebou], we call on all our people across the colour line to dedicate this year to building unity in action for change'* (Mbeki 2001:2).

<sup>104</sup> *'This, our programme for 1998 is a humble contribution to the quest for a better world. As always, we are encouraged ... by the fact that South Africans are ready, and they have rolled up their sleeves to build a society that cares'* (Mandela 1998:11); *'It is a national task that calls for the mobilisation of the whole nation into a united people's action, into a partnership with government for progressive change and a better life for all, for a common effort to build a winning nation'* (Mbeki 1999d:2).

<sup>105</sup> *'We therefore make bold to say that South Africa is a country of two nations ... This reality of two nations, underwritten by the perpetuation of the racial, gender and spatial disparities born of a very long period of colonial and apartheid white minority domination, constitutes the material base which reinforces the notion, that indeed, we are not one nation, but two nations'* (Mbeki 1998e:3).

<sup>106</sup> *'We are emerging ... out of a painfully, out of a deeply fractured society. This is a society which continues to be characterised by deep fissures which separate the black people from the white, the hungry from the prosperous, the urban from the rural, the male from the female, the disabled from the rest...'* (Mbeki 1997:2).

verteenwoordig (Mbeki 1999c:2-3).<sup>107</sup> Die kwessie van die Afrikaan/non-Afrikaan teenstelling wat in die ontleding van *I am an African* aangedui is, word dus in hierdie diskoers teruggevind: '*...it is a debate more than just about how we relate to the world. It is part of the process of defining who we are. It is part of the resolution of past divisions within South African society*' (Mandela 1997:9). Hierdie Afrika-oriëntering word daargestel as 'n faktor wat nasionale heling en eenwording sal bevorder (Mbeki 2001:11-12).<sup>108</sup> Die lotsverbondenheid van die Suid-Afrikaanse nasie met Afrika word telkens bevestig, veral as rasionalisering van gegewe buitelandse beleidsprogramme wat in die betrokke tydperk geloods is, of beplan word (Mandela 1999:9; Mbeki 1999d:9; Mbeki 2000:10; Mbeki 2001:12). Die treffendste korrelasie met die retoriek in *I am an African* – nasionale solidariteit ten spyte van etniese diversiteit en die wesenlike Afrika-identiteit van hierdie nasie – word aangetref in die beleidsprogram wat President Mbeki in 2001 aankondig. In die verband meld hy onder meer: '*Outwardly we are a people of many colours, races, cultures, languages and ancient origins. Yet we are tied to one another by a million invisible threads. We share a common destiny from which none of us can escape because together we are human, we are South African, we are African*' (Mbeki 2001:11-12). In hierdie diskoers word die diverse elemente van Suid-Afrikaanse nasionale identiteit – multi-etnisiteit, samehorigheid, Afrika-identiteit en verbondenheid met die mensdom – dus sinopties saamgetrek (2001:11-12).

Die *mite van nasionale identiteit*, wat in *I am an African* gelykgestel word aan Afrika kulturele identiteit, word teruggevind in die openbare beleidsdiskoers in die periode 1997 tot 2001. Nasiewording<sup>109</sup> en nasionale konsensus verteenwoordig 'n wederkerende motief in die beleidsdiskoers. Afwyking van die *I am an African*-model van nasionale identiteit en solidariteit word ook in die diskoers voorgehou as remskoen vir effektiewe implementering van die openbare beleidsprogram. Die gebrek aan nasionale eenheid, samehorigheid en solidariteit – as nasleep van die apartheidsera – figureer prominent in die diskoers as sosiale spanningtoestand in die Suid-Afrikaanse politieke samelewing. Aldus vervul die *mite van nasionale identiteit en samehorigheid* moontlik 'n patologiese funksie in hierdie verband.

---

<sup>107</sup> '*We [Afrikaane] have been a source for human slaves. Our countries were turned into the patrimony of colonial powers ... we are emerging out of the dreadful centuries which in the practice, and in the ideology and consciousness of some defined us as sub-human. As South Africans ... we are moving forward in the effort to combine ourselves into one nation of many colours, many cultures and diverse origins. No longer capable of being falsely defined as an European outpost in Africa, we are an African nation in the complex process simultaneously of formation and renewal*' (Mbeki 1999c:2-3).

<sup>108</sup> '*We have entered the 21st century having resolved and declared ourselves, as Africans, and to the rest of the world that, primarily, none but ourselves can eradicate us and our Continent from the curse of poverty, underdevelopment and marginalisation*' (Mbeki 2001:11-12).

<sup>109</sup> In die 1999-beleidsprogram, wat in Junie aangekondig is, word onder meer voorsiening gemaak vir die uitbreiding van hulpbronne in die Presidensie om nasiewording te bevorder (Mbeki 1999d:9).

## 5.6 Korrelasie met die ideologiese inhoud van *I am an African*

In die bespreking van die openbare beleidsdiskoers gedurende die periode 1997 tot 2001 is aangedui dat 'n korrelasie met die ideologiese inhoud van *I am an African* en die betrokke beleidsverwante tekste aangetoon kan word. Temas wat in hierdie verband dikwels figureer is die verwydering tussen die Noordelike/Suidelike Halfrond en Suid-Afrika se verbondenheid met die mensdom.

In *I am an African* verwys die verteller na die *'...drift to the periphery of the ordering of human affairs'* waartoe Afrika gedoem is (par 61). Hierdie tema – wat verband hou met die kloof tussen die Suidelike en Noordelike Halfrond – kom ook voor in die 1997 tot 2001-beleidsdiskoers (Mbeki 2001:12).<sup>110</sup> Groter betrokkenheid van Suid-Afrika, Afrika en die ontwikkelende wêreld by globale aangeleenthede, word as oorkoepelende doelwit aangedui (Mandela 1997:9).<sup>111</sup> In die buitelandse beleidsprogram vir 1998, word prominensie verleen aan verskerpte dialoog met die Noordelike Halfrond: *'At the same time, we have intensified dialogue with the North about a common human agenda as we enter the new millennium'* (Mandela 1998:10). Die historiese wanbalans wat bestaan tussen Noord en Suid word ook aangeroe (Mandela 1999:9).<sup>112</sup> In die bekendstelling van die 2001-beleidsprogram, word Suid-Afrikaners opgeroep om saam met mede-Afrikane betrokke te raak by die Millennium Afrika Herstelplan<sup>113</sup> (Mbeki 2001:12). In die beleidsdiskoers word die ideologiese inhoud in *I am an African* dus wel gereflekteer.

Die verbondenheid wat daar bestaan tussen Suid-Afrika en die res van die mensdom, 'n tema wat terugwys na die ideologiese inhoud van die *I am an African*-teks,<sup>114</sup> vind ook weerklank in die 1997 tot 2001-beleidsdiskoers. Die belange van Suid-Afrika word byvoorbeeld met dié van die mensdom gelykgestel: *'...the positive climate that we have, to pursue South Africa's interests, which are in many respects the interests of the majority of the world's peoples'* (Mandela 1997:10). Die land se verbondenheid met die lot van die mensdom word deur beide Mbeki (1997:7; 2000:1;11; 2001:11-12) en Mandela (1998:11; 1999:10) in die diskoers vermeld.<sup>115</sup> In die 1998-beleidsprogram word die aard van

---

<sup>110</sup> Mbeki meld byvoorbeeld: *'Together, we must turn into reality a new internationalism that does not permit of the coexistence within human society of opulence and grinding poverty, of a thriving modernity and a dehumanising underdevelopment'* (2001:12).

<sup>111</sup> *'We will continue to contribute to the building of bridges of co-operation between the North and South'* (Mandela 1997:9).

<sup>112</sup> *'...the building of our region and the renewal of our continent ... form part of the broader movement of developing countries to eradicate poverty and overcome the historical imbalances between North and South'* (Mandela 1999:9).

<sup>113</sup> Tans bekend as die Nuwe Vennootskap vir Afrika se Ontwikkeling (Nepad). As sodanig vorm hierdie beleidsaspek 'n noodsaaklike deel van die Millennium Afrika Herstelplan.

<sup>114</sup> Kyk 4.3.7:76-77

<sup>115</sup> *'...we are, as a people, making such contributions as we are capable of making towards the creation of a better universe'* (Mbeki 1997:7); *'Having ended our dark days as a pariah country, we can rightly say that, today, the nations of our common universe are confident that out of South Africa will emerge at a thing of value that will contribute to the building of a more humane world'* (Mbeki 2000:1); *'As much*

Suid-Afrika se internasionale rol soos volg beskryf: *'We shall continue to make our humble contribution to the search for peace and the humane conduct of international relations. Our contribution on these issues ... derives from our own experience about what humanity should not do to itself'* (Mandela 1998:11). Verwysings na Suid-Afrika se humanitêre rol in die internasionale arena en die respek wat verwerf is onder die state van die wêreld vanweë sy bydrae tot die skep van 'n meer humanitêre wêreldsamelewing, word deur beide Mbeki (2001:12) en Mandela (1998:11; 1999:10) vermeld.<sup>116</sup>

In sy presidensiële intreetoespraak verwys Mbeki (1999c:1) ook na hierdie lotsverbondenheid met die mensdom wanneer hy die internasionale eregaste bedank vir hul teenwoordigheid: *'...all of us will, together, continue to expand the frontiers of human dignity'*. In sy eerbetoning aan die ANC veterane wat die seremonie bygewoon het, meld hy onder meer: *'...throughout their lives, they struggled against everything that was ugly, mean, brutish and degrading of the dignity of all human beings ... they planted a legacy among our people which drives all of us constantly to return to the starting point and say – I am my brother's keeper! I am my sister's keeper!'* (Mbeki 1999c:1). Die sleutelrol wat Suid-Afrika kan speel in die totstandbrenging van 'n meer mensgerigte wêreld – wat korreleer met die ideologiese inhoud van *I am an African* – vind dus weerklank in die openbare beleidsdiskoers in 1997 tot 2001.

## 5.7 Samevatting

Analise van die openbare beleidsdiskoers in die tydperk 1997 tot 2001 toon dat die mites wat in *I am an African* vervat is ten opsigte van *Afrika-herlewing, morele verval as apartheid-erflating, nasiewording, nasionale eenheid en solidariteit*, en temas soos *die verwydering tussen die Suidelike en Noordelike Halfronde en Suid-Afrika se verbondenheid met die mensdom*, in die gekose beleidsverwante tekste neerslag vind. Daar is ook vasgestel dat die ideologiese inhoud van die *I am an African*-mitologie in die beleidsdiskoers figureer. Die ontleding dui daarop dat *I am an African*, as politieke mitologie, 'n bepaalde funksie binne die openbare beleidsfeer vervul. Gevolgtrekkings aangaande die inwerking van die *I am an African*-mitologie op die beleidsdiskoers, die funksionele rol van hierdie mitologie in die politieke samelewing en die aard van Mbeki se Afrika-bewustheid wat uit die ontleding na vore tree, word in Hoofstuk VI bespreek.

---

*as the rest of the world stood with us as we fought to end the system of apartheid ... so do we have an obligation to contribute to the construction of a better world for all humanity'* (Mbeki 2000:11); *'We share a common destiny from which none of us can escape because together we are human, we are South African, we are African'* (Mbeki 2001:11-12).

<sup>116</sup> Mbeki en Mandela meld die volgende aangaande die internasionale respek wat Suid-Afrika verwerf het: *'They respect our nation because they know we are contributing to the collective efforts of humankind redefining itself and reclaiming its humanity as we move into the new millennium'* (Mandela 1998:11); *'For a country that not many years ago was the polecat of the world, South Africa has truly undergone a revolution in its relations with the international community. The doors of the world have opened to South Africa, precisely because of our success in achieving things that humanity as a whole holds dear'* (Mandela 1999:10); *'Many on our Continent and elsewhere in the world were pleased to count this infant South Africa as one of the jewels in the African crown'* (Mbeki 2001:12).

## 6 Samevatting

Die 'derde dimensie van mag' – daardie dimensie waarin politieke akteurs en die breër samelewing aan die hand van politieke mites intersubjektiewe betekenis skep, definieer en konsensus verwerf oor die aard van die sosiale realiteit – verteenwoordig 'n ondersoekterrein in openbare beleidstudies wat dikwels deur navorsers verontagsaam word. Met hierdie ondersoek is gepoog om groter insig te verkry aangaande die wyse waarop politieke mitologie inwerk op die openbare beleidsdiskoers, die rol daarvan in beleidsargumentering asook die invloed wat mites uitoefen op die artikulasie van gekose beleidsalternatiewe. Die studie het verloop aan die hand van 'n analise van die *I am an African*-toespraak (as politieke mitologie binne die Suid-Afrikaanse konteks) en 'n aantal beleidsverwante tekste waarin die openbare beleidsprogram in die tydperk van 1997 tot 2001 aangekondig is. Die ondersoek het beoog om vas te stel of die *I am an African*-mitologie 'n funksionele rol in die Suid-Afrikaanse politieke samelewing vervul en of die ideologiese inhoud daarvan weerklink vind in die openbare beleidsdiskoers. Aangesien 'n onfeilbare, empiriese metode vir die sistematiese bestudering van hierdie simboliese dimensie van openbare beleid nie voorhande is nie, is die toepassingsmoontlikheid van alternatiewe, interpretatiewe metodes – naamlik argetipe analise en 'n dekonstruksie benadering, wat fokus op diskoers analise en die skep en interpretasie van betekenis – ook in hierdie verband verken.

Teoretiese bydraes op die terrein van politieke mites dui aan dat daar 'n aantal 'oer' of argetipe mites bestaan waaruit politieke samelewings kan put. Bepaalde argetipe mites tree dus by herhaling in politieke samelewings na vore.<sup>117</sup> Uit die ontleding is vasgestel dat *I am an African* raakpunte toon met die volgende argetipe mites:<sup>118</sup> (i) 'n nasionaal-rewolusionêre mite; (ii) 'n wordings- of stigtingsmite; en (iii) 'n millennium mite. Aldus kan *I am an African* geklassifiseer word as 'n politieke mitologie wat funksioneer om die legitimiteit van die politieke bestel te bevestig.

Soos aangedui in Hoofstuk II,<sup>119</sup> wentel die verhaal in nasionaal-rewolusionêre mites meestal om die wedervaringe van 'n samelewing wat gebuk gaan onder die juk van 'n 'eksterne' verdrukker wat die owerheidsmag op arbitrêre wyse aanwend om die samelewing te verkneg. Vanuit hierdie perspektief kan *I am an African* beskou word as die verhaal van 'n samelewing aan die suidpunt van Afrika, wat deur koloniale indringers en die stelsel van apartheid-kolonialisme verkneg en van hul land, vryheid en

---

<sup>117</sup> Kyk 2.3.4:30

<sup>118</sup> Kyk 2.3.4:30-31

<sup>119</sup> Kyk 2.3.4:30-31

identiteit beroof word. In ooreenstemming met die kriteria wat ten opsigte van nasionaal-rewolusionêre mites geld, verteenwoordig die vyand in *I am an African* nie 'n eksterne mag nie, maar bevind hom binne die samelewing. Die oorwinning oor hierdie interne vyand verleen weer oppergesag aan die samelewing en herstel die outentieke, politieke stelsel. In nasionaal-rewolusionêre mites is die bevryding van die nasie en die skepping van 'n nasionale Staat eers voltrek wanneer die land geheel en al 'gesuiwer' is van die vyand en sy werke. In *I am an African* verteenwoordig die instelling van die nuwe Grondwet die finale suiweringsproses waardeur die vestiging van die nasionale Staat voltooi word. As sodanig kan die herstel van die outentieke politieke samelewing, wat in *I am an African* as die *mite van nasionale identiteit en solidariteit* gereflekteer word, as 'n nasionaal-rewolusionêre mite beskou word.

*I am an African* toon ook raakpunte met 'n wordings- of vestigingsmite <sup>120</sup> aangesien die ontstaan van 'n gegewe politieke samelewing (die Suid-Afrikaanse nasie) daarin uitgebeeld word. Wordingsmites funksioneer hoofsaaklik om die legitimiteit van 'n nuutgevestigde Staat, waarvan die ontstaansgeskiedenis in die wordingsverhaal weergegee word, te bevestig. In die *I am an African*-wordingsverhaal word die reg op lidmaatskap van die Suid-Afrikaanse nasie toegeken aan almal wat in die land woon – inheemse groepe, latere intrekkers, asook Europese setlaars. As 'n gebaar van nasionale versoening word die reg op lidmaatskap van die Suid-Afrikaanse nasie deur hierdie wordingsmite gelegitimeer vir alle bewoners, ongeag ras, kleur, geslag, herkoms of historiese 'bagasie'. Die offers wat die nasie en sy nasionale leer, die ANC, in *I am an African* bring om die vestiging van 'n Suid-Afrikaanse nasie moontlik te maak, dien ook as legitimering van die demokraties-verkose ANC-regering en die Grondwet, waarin die vestiging van die 'nuwe' Suid-Afrikaanse nasie op rituele wyse bekragtig word. Die *mite van nasiewording* in *I am an African* kan dus beskou word as 'n wordingsmite.

Ten slotte toon *I am an African* ook raakpunte met 'n millennium mite. Mites van hierdie aard verwys meestal na die vernietiging van 'n bepaalde orde – in hierdie geval kolonialisme en apartheid-kolonialisme – en die geboorte van 'n nuwe era.<sup>121</sup> In *I am an African* kan die belofte van Afrika-herlewing en die glorieryke toekoms wat op Suid-Afrika in die post-apartheid era wag, as elemente van 'n millennium mite beskou word. Die era van morele herlewing, waarin Afrika sy volwaardige plek onder die nasies van die wêreld sal inneem – 'n tema wat neerslag vind in die ideologiese inhoud van *I am an*

---

<sup>120</sup> Kyk 2.3.4:30

<sup>121</sup> Kyk 2.3.4:30

*African* – toon ook raakpunte met 'n millennium mite. Die *mite van Afrika-herlewing* in *I am an African*, asook die *mite van morele verval en morele herlewing*, kan beskou word as millennium mites.

As politieke mitologie kan *I am an African* geklassifiseer word as 'n nasionaal-rewolusionêre mite en 'n wordings- of stigtingsmite, wat ook raakpunte met 'n millennium mite toon. Die impak van hierdie mitologie in die Suid-Afrikaanse politieke samelewing sal uiteraard beïnvloed word deur die mate waarin die mitologie beantwoord aan bepaalde kriteria: geskiedkundige en wetenskaplike geloofwaardigheid, asook algemene nuttigheid binne die Suid-Afrikaanse politieke konteks.<sup>122</sup>

In terme van historiese geloofwaardigheid bied *I am an African* uiteraard slegs 'n sketsmatige weergawe van die wordingsgeskiedenis van Suid-Afrika. Die gebeure wat in hierdie mitiese verhaal weergegee word, is egter versoenbaar met bepaalde, historiese gegewens. Geskiedkundige 'akkuraatheid' sluit onder meer verwysings in na die ontstaan van die mensdom uit Afrika, die volksmoord op die Khoi en San (die oerbewoners van die land), verwysings na geskiedkundige persoonlikhede en hulle heroïese daade (nasionale helde), die slawehandel, die koms van Europese setlaars, Maleiers, Indiërs en Sjinese na Suid-Afrika, die proses van koloniserings, verwysings na oorwinnings – en neerlae – wat behaal is in die anti-koloniale stryd, die uitbuiting van arbeiders deur kapitaliste, die stelsel van apartheid, asook implisiete verwysing na die sogenaamde 'struggle'. Hierdie geskiedkundige geloofwaardigheid behoort die potensiële impak van *I am an African* as politieke mite binne die Suid-Afrikaanse politieke samelewing te begunstig.

Wetenskaplike feite word nie direk in *I am an African* ter staving aangehaal nie, maar die mitologie is nogtans wetenskaplik 'gefundeerd'. Die wetenskap bevestig immers dat die mensdom uit Afrika ontstaan het, dat die Khoi en San die vroegste bewoners van Suid-Afrika was, dat inheemse swart groepe Suid-Afrika reeds bewoon het voor die koms van die blanke koloniste na die Kaap en dat die superioriteit van sekere rasse bó ander blote verdigsel is. Hierdie wetenskaplike geloofwaardigheid van die *I am an African*-mitologie, behoort dus eweneens die impak daarvan te bevorder.

As politieke mitologie is *I am an African* voorts nie net geskiedkundig en wetenskaplik geloofwaardig nie, maar het potensiël ook 'n nuttige funksie binne die Suid-Afrikaanse konteks. Hierdie nuttigheid sluit onder meer die volgende in: (i) die skep van 'n kommunale, geskiedkundige herinnering ter bevordering van nasiebou; (ii) die bevordering van nasionale eenheid en solidariteit in 'n samelewing waarin verdeling volgens ras, kleur, geslag en sosiale stratifikasie steeds predomineer; (iii) die mobilisering van steun vir openbare beleidsprogramme, waarsonder die apartheid-erflating – wat feitlik in elke sektor van die samelewing merkbaar is – nie effektief aangespreek kan word nie; (iv) die

---

<sup>122</sup> Kyk 2.3.5:32

daarstel van 'n kollektiewe toekomsvisie vir Suid-Afrika en die Kontinent, waardeur die samelewing se aktiewe politieke steun en deelname bevorder word en 'n regmatige plek onder die gemeenskap van nasies verwerf kan word; (v) die vestiging van kollektiewe norme, waardeur bestaande, sosiale probleme met morele regenerasie gestuit kan word; en (vi) die herstel van nasionale trots wat voortspruit uit die morele leierskapsrol wat vir Suid-Afrika in die internasionale politieke samelewing voorsien word. Die potensiaal waarvoor *I am an African* as politieke mitologie beskik om 'n nuttige rol binne die Suid-Afrikaanse politieke samelewing te vervul, behoort eweneens die impak daarvan te bevorder. In hierdie verband verteenwoordig die funksionele rol van die *I am an African*-mitologie in die Suid-Afrikaanse beleidskonteks juis 'n belangrike fokuspunt in die ondersoek en het die ontleding veral gefokus op die inwerking van die *I am an African*-mitologie op die openbare beleidsdiskoers tussen 1997 en 2001.

Politieke mites wat binne samelewingsverband as geloofwaardig en nuttig beskou kan word, vervul 'n aantal funksies binne politieke samelewings. Teoretiese perspektiewe aangaande hierdie funksies beklemtoon onder meer die rol wat mites speel in die bevordering van sosiale konsensus, die legitimering van politieke mag, die vestiging van sosiale norme en mobilisering van die samelewing. Hierdie teorieë dui ook aan dat daar 'n korrelasie bestaan tussen die aard van gegewe sosiale spanningtoestande en die tipe politieke mite wat in reaksie daarop na vore tree. As sodanig dien politieke mites dus as 'n soort teenvoeter vir bepaalde sosiale spanningtoestande wat binne 'n gegewe politieke samelewing heers.<sup>123</sup> In die lig hiervan kan aanvaar word dat die *I am an African*-mitologie ook 'n funksionele rol binne die Suid-Afrikaanse politieke konteks vervul ten opsigte van bepaalde, heersende sosio-politieke spanningtoestande.

Die ontleding van die gekose beleidsverwante tekste toon dat die beleidsdiskoers gedurende 1997 en 2001 as indikasie dien van bepaalde sosiale omstandighede wat in hierdie tydperk binne die Suid-Afrikaanse sosio-politieke konteks tot kollektiewe spanning aanleiding gee.<sup>124</sup> Terwyl hierdie spanningtoestande prominent in die aankondiging van die nasionale beleidsprogram figureer, skemer verwysings na die politieke mites wat uit die *I am an African*-mitologie kristalliseer, ook subtiel in die beleidsdiskoers deur. Hierdie korrelasie tussen bepaalde openbare probleme waarmee beleidmakers in die nuutgebore demokratiese bestel te kampe het en die *I am an African*-mitologie, onderskryf die teorie dat politieke mites 'n patologiese funksie in die beleidskonteks vervul ten opsigte van bepaalde

---

<sup>123</sup> Kyk 2.3.3:27-28

<sup>124</sup> Kyk 5.3:84-86



spanningtoestande. In Tabel 5:1 word die korrelasie tussen gegewe sosiale spanningtoestande in die Suid-Afrikaanse politieke gemeenskap en die *I am an African*-mitologie aangedui.

**Tabel 6-1: Korrelasie tussen sosiale spanningtoestande gereflekteer in die 1997 - 2001 beleidsdiskoers en die *I am an African*-mitologie**

Kollektiewe spanningtoestand	<i>I am an African</i> -mitologie
Gebrek aan nasionale eenheid, samehorigheid en solidariteit as nasleep van die apartheidsera	Mite van nasionale identiteit en solidariteit
Gebrek aan 'n kollektiewe, nasionale toekomsvisie wat in die eie tydsgewrig sinryk is	Mite van Afrika-herlewing
Gebrek aan nasionale konsensus aangaande die kollektiewe norme wat nagestreef moet word om die geestelike verval wat spruit uit die apartheid-erflating reg te stel	Mite van morele verval – as apartheid-erflating – en die morele hernuwing (wat deur die Grondwet ingelui word)
Gebrek aan nasionale konsensus oor die land se verlede en die aard van die sosiale probleme en oplossings wat in die openbare beleidsprogram aangespreek word	Mite van nasiewording

Die ondersoek toon verder dat die *I am an African*-mitologie binne beleidsverband funksioneer om 'n bepaalde sosiale konstruksie van die realiteit in die hand te werk. So byvoorbeeld dien die mite van morele verval as apartheid-erflating om spanningtoestande wat voortspruit uit die sosiale disintegrasie van die samelewing, te rasionaliseer. Hierdie toestande, wat manifesteer as misdaad, taxi-geweld, verkragting, dwelmsindikate, moord en diefstal, word in die beleidsdiskoers gekoppel aan die *mite van morele verval as apartheid-erflating*. Binne beleidsverband funksioneer hierdie mite dus om bepaalde beleidsalternatiewe, byvoorbeeld die HOP, asook die oproep tot morele hernuwing (die sogenaamde *RDP of the Soul*) as oplossings te legitimeer vir die probleme wat met hierdie erflating geassosieer word. Die mitiese fundering van hierdie beleidsalternatiewe funksioneer ook om die komplekse probleme te vereenvoudig wat tot die spanningtoestande aanleiding gee en om 'n bepaalde sosiale konstruksie van die realiteit in die hand te werk. Na 1999 figureer hierdie mite en die kousale verband tussen die apartheid-erflating en kriminaliteit nie meer in die beleidsdiskoers nie, hoewel beleidsinisiatiewe om misdaad en korrupsie te bekamp in die periode 2000 tot 2001 steeds hoog op die nasionale agenda verskyn. 'n Moontlike verklaring hiervoor mag wees dat die sosiale konstruksie van die komplekse misdaadprobleem as apartheid-erflating, mettertyd geloofwaardigheid begin verloor het in die lig van die toenemende voorkoms van kriminaliteit in Suid-Afrika, hoewel hierdie aanname uiteraard op spekulasie berus.

'n Verwante funksie wat ten opsigte van die *I am an African*-mitologie in beleidsverband afgelei kan word, is die rol wat die mitologie in die bevordering van sosiale konsensus speel. In die beleidsdiskoers figureer die *I am an African*-mitologie om sosiale konsensus in die hand te werk aangaande die oorsake wat aangevoer word om openbare probleme, byvoorbeeld misdaad, te verklaar en om konsonansie aangaande die Suid-Afrika se wordingsgeskiedenis te bevorder. Laasgenoemde

manifesteer as die *mite van nasiewording*, waarin 'n bepaalde interpretasie van die land se verlede aangebied word. In die beleidsdiskoers funksioneer die *mite van nasiewording* om bepaalde beleidsalternatiewe, veral die HOP en regstellende aksie, te legitimeer. Sosiale konsensus aangaande die verlede word in die diskoers ook verbind met suksesvolle beleidsimplementering. Die *mite van nasiewording* word dus in die beleidsprogram tussen 1997 en 2001 hoofsaaklik aangewend om sosiale konsensus te bevorder aangaande die verhaal van nasiewording, die historiese gegewe met betrekking tot die geboorte van die multi-etniese, Suid-Afrikaanse nasie en om steun en konsensus ten opsigte van die nasionale beleidsagenda te bewerkstellig. In die diskoers word 'n intoleransie met betrekking tot interpretasies wat buite die gesanksioneerde mitiese weergawes val – byvoorbeeld met verwysing na sosiale disintegrasie as apartheid-erflating en die verhaal van nasiewording – ook opgemerk. Dit wil voorkom asof die *I am an African*-mitologie in die beleidsdiskoers funksioneer om sosiale konsensus aangaande die verlede te bevorder en om afwyking van die gesanksioneerde weergawe te ontmoedig.

In die ondersoek is verder bevind dat die *mite van Afrika-herlewing* en die *mite van nasionale identiteit en solidariteit* in die beleidskonteks funksioneer om samelewingsteun te mobiliseer vir die aangekondigde nasionale beleidsprogramme en om bepaalde beleidsalternatiewe as noodsaaklike middel ter bereiking van kollektiewe versugtinge te aanvaar. Hierdie mites funksioneer ook om 'n soort kollektiewe ontvlugting uit die sosio-politieke spanningtoestande in die samelewing moontlik te maak. Die *mite van Afrika-herlewing*, waarin 'n toekoms van voorspoed en 'n nuwe era waarin 'n beter lewe op almal wag, geprojekteer word, dien as voorbeeld hiervan. Die *mite van Afrika-herlewing* en die *mite van nasionale identiteit en solidariteit*, funksioneer dus tot 'n groot mate in die openbare beleidsdiskoers as beleidsmotivering, as katalisator vir politieke steun ten opsigte van die aangekondigde beleidsprogram en om 'n gemeenskaplike politieke visie, waarin Afrika-oriëntasie as bousteen vir nasionale identiteit sal dien, te propageer

Benewens 'n ontleding van die funksionele rol wat die *I am an African*-mitologie in beleidsverband vervul, fokus die ondersoek ook op die mate waarin die ideologiese inhoud van hierdie politieke mitologie in openbare beleid neerslag vind.<sup>125</sup> Uit die ondersoek kan 'n aantal afleidings gemaak word aangaande die wyse waarop die openbare beleidsdiskoers in die tydperk 1997 tot 2001 as voertuig vir die ideologiese inhoud van *I am an African* funksioneer. Aan die hand van die argetipe ontledingsmetode,<sup>126</sup> is die diepteboodskap in *I am an African* geïdentifiseer as 'n soeke na die essensie van Afrikaan-skap en die inhoud van Suid-Afrikaanse nasionale identiteit. In kontras met die

---

<sup>125</sup> Kyk 1.5:12

<sup>126</sup> Kyk 4.3.7:76-77

eksklusiewe aard van nasionale identiteit wat met apartheid-kolonialisme vereenselwig word, is die nasionale identiteit wat die nuwe Grondwet inlui, inklusief en sluit almal in wat in Suid-Afrika woon. Die samesnoering van hierdie multi-etniese, Suid-Afrikaanse nasie word nie teweeggebring deur samesyn in 'n gemeenskaplike geo-politiese area nie, maar moontlik gemaak deur die kollektiewe nastrewing van daardie waardes wat in die Grondwet vervat is en waarvoor Afrikane deur eeue geveg het. Hierdie waardes omvat onvoorwaardelike respek vir die reg op menswaardigheid van alle mense. Die Grondwet, wat ook 'n morele herlewing vir die mensdom inlui, is dus 'n produk van Afrika en Afrikane. 'Suid-Afrikaan'-wees is daarom onlosmaaklik verweef met die wel en weë van die Kontinent en sy mense. Die essensie van Suid-Afrikaanse nasionale identiteit lê dus opgesluit in die Grondwet en in 'n lotsverbondenheid met alle Afrikane. Afrika-bewustheid en daaruit voortvloeiend onvoorwaardelike identifisering met die Afrika-kontinent, is 'n leidmotief in die *I am an African*-mitologie. Op makrovlak dien die ideologiese inhoud van *I am an African* ook as 'n aansporing vir die Noordelike Halfrond om die apartheid-kolonialistiese benadering tot Afrika te laat vaar en om die marginalisering van die Kontinent binne die gemeenskap van nasies op te hef. Hierdie internasionale stelsel van apartheid, waardeur Suid-Afrika en Afrika in die hantering van globale aangeleenthede slegs vanuit die buiterand mag toekyk, verteenwoordig eweneens 'n onmenslike stelsel van 'apartheid' wat die fundamentele menswaardigheid van Afrikane aantast.

In die ondersoek is vasgestel dat die diepteboodskap van *I am an African* in die retoriek en beeldspraak van die beleidsverwante tekste gereflekteer word. In hierdie verband funksioneer die ideologiese inhoud van die *I am an African*-mitologie as 'n soort konseptuele raamwerk waarbinne die openbare beleidsdiskoers verloop en as 'n meganisme waardeur 'n kragtige emosionele appèl tot die samelewing gerig word om daardie sosiale waardes wat deur die mitologie gesanksioneer word, as rigsgoer vir openbare optrede te aanvaar. Afrika-oriëntering en Suid-Afrika se verbondenheid met die res van Afrika, is 'n wederkerende motief in die beleidsdiskoers tussen 1997 en 2001.<sup>127</sup> Verwysings na Suid-Afrika se rol in die daarstel van 'n meer mensgerigte wêreld – 'n tema wat ook terugwys na die ideologiese inhoud van die *I am an African*-mitologie<sup>128</sup> – word herhaaldelik in die beleidsdiskoers geopper. Die bydrae wat Suid-Afrika lewer tot die skep van 'n beter universum en 'n meer humanitêre wêreldgemeenskap word veral beklemtoon. In die diskoers verteenwoordig verwysing na die respek wat Suid-Afrika verwerf het vir sy bydrae tot die gesamentlike pogings van die mensdom om, op die vooraand van die nuwe millennium, die essensie van menswees te her-definieer en medemenslikheid

---

<sup>127</sup> Kyk 5.5:89-91

<sup>128</sup> Kyk 4.3.7:76-77

terug te wen, inderwaarheid 'n sinopsis van die ideologiese inhoud van *I am an African*. Die kloof tussen die Suidelike en Noordelike Halfrond, en die bydrae wat betrokke beleidsprogramme sal lewer om 'n regstelling van hierdie historiese wanbalans te bewerkstellig, is ook 'n herhalende tema in die beleidsdiskoers. Die ondersoek bevestig dus dat die ideologiese inhoud van die *I am an African*-mitologie neerslag vind in die openbare beleidsdiskoers gedurende 1997 tot 2001 en in die diskoers bevestig en bekragtig word.

Die bevindinge van die ondersoek dui daarop dat die voorkoms van die *I am an African*-mitologie in die openbare beleidsdiskoers die 'derde dimensie van mag' reflekteer. Die promovering van 'n bepaalde sosiale konstruksie van die realiteit – byvoorbeeld met betrekking tot die land se verlede en die daarstelling van kriminaliteit en ander sosiale euwels as apartheid-erflating – impliseer 'n intoleransie met betrekking tot interpretasies en beskouings wat buite die gesanksioneerde mitiese beskouings en waardes val. Beskou vanuit hierdie perspektief, funksioneer die politieke mitologie in die diskoers om die grense van die openbare beleidsdebat te reguleer en om diskreditering van alternatiewe beleidsalternatiewe en beskouings aangaande openbare probleme wat nie met die gesanksioneerde mite strook nie, in die hand te werk. Die argument, dat mites 'n rol speel in die sosiale konstruksie van realiteit,<sup>129</sup> word dus in hierdie ondersoek onderskryf. Die mites wat in die *I am an African*-mitologie kristalliseer – Afrika-herlewing, nasiewording, morele hernuwing, nasionale identiteit en solidariteit – word in die beleidsdiskoers meestal vervleg, waardeur kohesie en interafhanklikheid van die onderlinge mites in die mitologie onderskryf word. In die beleidsdiskoers vorm hierdie mites 'n soort verwysingsraamwerk waarbinne die oorsaak van sosio-politieke spanningtoestande verklaar word, steun vir beleidsinisiatiewe gemobiliseer word, bepaalde persepsies van sosiale probleme en twispunte aangemoedig word, waardes in die samelewing geartikuleer word en die keuse van bepaalde beleidsinisiatiewe gerasionaliseer word. Hierdie waarneming dui daarop dat politieke akteurs – hetsy bewustelik of onbewustelik – politieke mites in die openbare beleidsdiskoers aanwend om op subtiele wyse die sosiale konstruksie van realiteit te beïnvloed en openbare steun te werf vir bepaalde beleidsprogramme. Hoewel die politieke mites in *I am an African* weerklank vind in elkeen van die nasionale beleidsprogramme wat tussen 1997 en 2001 geloods is, dui die ondersoek daarop dat die retoriek van die *I am an African*-mitologie veral gereflekteer word in daardie programme wat deur Mbeki aangekondig word. As sodanig kan Mbeki beskou word as 'n belangrike 'myth custodian' van die *I am an African*-mitologie. Hierdie waarneming het 'n verband met 'n verdere doelwit van hierdie ondersoek, naamlik om meer insig te verkry aangaande Mbeki se Afrika-bewustheid. Vanuit 'n dekonstruksie perspektief dui die begrip

---

<sup>129</sup> Kyk 2.2.1:19-20

'Afrikaan' in die *I am an African*-teks in wese op 'n hibride tussen Afrika-bewustheid en westerse, oftewel non-Afrikaan denke. Afrika-bewustheid dra dus in essensie ook die stempel van die non-Afrikaan. Die begrip 'Afrikaan' het dus 'n wyer betekenis as bloot dié van 'n geo-politiese beskrywing. Soos die mensdom vantevore, ontstaan die Grondwet – as 'Afrika-produk', waarin die onvervreembare regte en verpligtinge van menswees beveilig word – weer eens in Afrika. Ook hierdie Afrika-kind dra 'n soort DNS vir die mensdom, naamlik daardie waardes wat vir alle mense (Afrikane en non-Afrikane) in alle tye geldig is: die reg op menswaardigheid en die verpligting om met 'n ingesteldheid van medemenslikheid om te gaan met die naaste. Die *I am an African*-mitologie voorspel op profetiese wyse dat die waardes wat in die Suid-Afrikaanse Grondwet geboekstaaf is, uit Suid-Afrika sal evolueer na Afrika om sy herlewing in te lui. Hierdie herlewing sal oplaas oor die ganse planeet versprei om 'n evolusionêre verandering in die menslike gees en 'n humanisering van die ganse mensdom teweeg te bring. Soos wat die binêre paar, Afrikaan/non-Afrikaan, mekaar deurdring, kan nóg Suidelike Halfrond, nóg die Noordelike Halfrond hierdie pad na herlewing in isolasie aantree. Hierdie ontleding bevestig dus die inklusiwiteit van Mbeki se Afrika-bewustheid in die konteks van die *I am an African*-mitologie en die feit dat hierdie '*son of Seme*' inderdaad 'n Afrika-bewustheid voorstaan wat deur alle Suid-Afrikaners, alle nasies in Afrika asook die mensdom wat uit Afrika ontstaan het, opgeeis kan word.

As manifestasie van die 'derde dimensie van mag', hou die ontleding van politieke mites beduidende metodologiese uitdagings in, aangesien hierdie dimensie van die beleidsproses op 'n onsigbare vlak geskied. In die ondersoek is 'n interpretatiewe ontledingsmetode aangewend om die impak van die *I am an African*-mitologie op openbare beleid te bepaal. Hoewel wetenskaplike verifiëring van die hierdie bevindinge uiteraard nie aangevoer kan word nie, kon 'n aantal afleidings aangaande die inwerking van die mitologie op beleidsdiskoers aan die hand van hierdie metodes gemaak word. Die analitiese gereedskap van die strukturalisme en die dekonstruksie benadering bied dus 'n relevante alternatief vir die ontleding van politieke mites. Binne die Suid-Afrikaanse konteks is daar egter ruimte vir verdere studie aangaande die rol en funksie van politieke mites in beleidskommunikasie, veral om bevindinge, wat aan die hand van interpretatiewe benaderings verwerf is, wetenskaplik te verifieer. Voorstelle vir sodanige ondersoek sluit die volgende in:

- die rol van die *I am an African*-mitologie in beleidsimplementering
- die rol van die *I am an African*-mitologie in beleidsontwerp en die sosiale konstruksie van teikeneghore
- die rol van die *I am an African*-mitologie in kieser-mobilisering in die verkiesingsaanloop
- die verband tussen die *I am an African*-mitologie en media-dekking van openbare beleid.

Samevattend kan die volgende afleidings uit die ondersoek gemaak word:

- As politieke mitologie vind *I am an African* ideologiese inslag in die beleidsdiskoers waarin nasionale beleidsprogramme tussen 1997 tot 2001 aangekondig is.
- In beleidsverband vervul die *I am an African*-mitologie 'n patologiese funksie ten opsigte van bepaalde spanningtoestande wat in beleidsdiskoers tussen 1997 en 2001 geartikuleer word as openbare probleme wat beleidmakers in die Suid-Afrikaanse demokratiese bestel konfronteer.
- As politieke mitologie dien *I am an African* in beleidsverband voorts as meganisme om die samelewing te mobiliseer, sosiale konsensus te bevorder en om bepaalde waardes in die samelewing te artikuleer. As sodanig speel die mitologie 'n rol in die sosiale konstruksie van realiteit.
- In die beleidsdiskoers vorm die mites wat in die *I am an African*-mitologie kristalliseer oënskynlik 'n soort konseptuele raamwerk waarbinne die oorsaak van sosio-politieke spanningtoestande verklaar word, steun vir beleidsinisiatiewe gemobiliseer word, bepaalde persepsies van sosiale probleme en twispunte aangemoedig word en die keuse van bepaalde beleidsinisiatiewe gerasionaliseer word.

Die ideaal en visie van herlewing, van nasionale eenheid en versoening, wat so kragtig uit die *I am an African*-mitologie spreek, vind dus weerklank in die beleidsdiskoers in die tydperk 1997 tot 2001. Hierdie ideaal van nasionale heling, skemer deur in beleidsargumentering waar die versugting dikwels opklink na die dag waarop Suid-Afrika – tans verwond en bloeiende uit 'n duisende wonde – oplaas sy lang reis na eenwording sal voltooi en die glorieryke toekoms sal aantree wat in *I am an African* beloof word. Hierdie ondersoek bevind dus dat Mbeki, met die lewering van sy *I am an African*-toespraak in die Parlement op 8 Mei 1996, inderwaarheid lewe gee aan 'n politieke mitologie, om as leidster te dien vir 'n politieke samelewing – met weinig meer in gemeen as hul diversiteit – op die moeisame weg na nasiewording.

## 7 Bronnelys

### BOEKE:

- The Argumentative Turn in Policy Analysis and Planning*, edited by Fisher F. and J. Forester. 1993. Durham & London : Duke University Press.
- The Analysis of Communication Content*, edited by G. Gerbner. 1969. New York : John Wiley.
- Approaches to teaching Atwood's The Handmaid's Tale and other Works*, edited by R. S. Wilson, T. B. Friedman & S. Herngen. 1996. New York : The Modern Language Association of America.
- BACHRACH, P. & Botwinick, A. 1992. *Power and Empowerment: a radical theory of participatory democracy*. Philadelphia : Temple University.
- BERGER, P.L. & Luckmann, T. 1966. *The Social Construction of Reality: A Treatise in the Sociology of Knowledge*. Whitestable, Kent : Penguin Books.
- CLIFTON, S. 1991. *The Stuff that Dreams are made on: a Jungian interpretation of literature*. Wilmette, Illinois : Chiron Publications.
- CASSIRER, E. 1946. *The Myth of the State*. New Haven & London : Yale University.
- COETZEE, L. 1976. *Kommunikasiekunde III, Gids 5, Manipulasie*. Pretoria : Universiteit van Suid-Afrika.
- COETZEE, L. 1979a. *Kommunikasiekunde II, Gids 3, (Module 203)*. Pretoria : Universiteit van Suid-Afrika.
- COETZEE, L. 1979b. *Communication III, Guide 4*. Pretoria : University of South Africa.
- COLLINS, C. 1999. *Language, Ideology and Social Consciousness*. Aldershot : Ashgate.
- CONNOLLY, W. E. 1983. *The terms of political discourse*. Oxford : Martin Robertson.
- Contending Ideologies in South Africa*, edited by J. Leatt, T. Kneifel & K. Nürenberger. 1986. Cape Town & Johannesburg : David Philip.
- CORRIGAN, T. 1999. *Mbeki: His time has come: An introduction to South Africa's new president*. Johannesburg : South African Institute of Race Relations.
- CRENSON, M. A. 1971. *The UN-Politics of Air Pollution: A study of Non-decision-making in the Cities*. Baltimore & London : John Hopkins.
- CULLER, J. 1997. *Literary Theory*. Oxford : Oxford University.
- CUTHBERTSON, G. M. 1975. *Political Myth and Epic*. Michigan : Michigan State University.
- Deconstruction in Context*, edited by M. C. Taylor. 1986. Chicago : University of Chicago.
- Deconstruction in a nutshell: A conversation with Jacques Derrida*, edited by J. D. Caputo. 1997. New York : Fordham University.
- DERRIDA, J. 1976. *Of Grammatology*, translated by Gayatri Chakravorty Spivak. Baltimore : John Hopkins University.
- DERRIDA, J. 1986. Racism's Last Word, in *'Race', Writing and Difference*, edited by H. L. Gates. Chicago : University of Chicago: 329-338.
- EAGLETON, T. 1983. *Literary Theory: An Introduction*. Oxford : Basil Blackwell.

- EDELMAN, M. W. 1964. *The Symbolic Uses of Politics*. 4<sup>th</sup> edition. Urbana, Illinois, Chicago & London : University of Illinois.
- ELIADE, M. 1959. *Cosmos and History: the myth of the eternal return*. New York : Harper & Row.
- FOURIE, P. J. *et al.* 1983. *Gids CMN302-Y*. Pretoria : Universiteit van Suid-Afrika.
- FOURIE, P. J. *et al.* 1988. *Gids CMN206-3*. Pretoria : Universiteit van Suid-Afrika.
- FRYE, N. 1973. *Anatomy of Criticism*. Princeton : University.
- GAVENTA, J. 1980. *Power And Powerlessness: Quiescence and Rebellion in an Appalachian Valley*. Urbana : University of Illinois.
- GELLNER, E. 1983. *Nations and Nationalism*. Oxford : Basil Blackwell.
- HADLAND, A. & Rantao, J. 1999. *The life and times of Thabo Mbeki*. Rivonia : Zebra.
- The Handbook of Interethnic Coexistence*, edited by E. Weiner. 1998. New York : Continuum.
- HAMMOND-TOOKE, D. 1993. *The Roots of Black South Africa*. Johannesburg : Jonathan Ball.
- HAWTHORN, J. 1994. *A Concise Glossary of Contemporary Literary Theory*. 2<sup>nd</sup> edition. London : Edward Arnold.
- HOPPE, R. 1993. *Political Judgement and the Policy Cycle: The Case of Ethnicity Policy Arguments in the Netherlands*, in *The Argumentative Turn in Policy Analysis and Planning*, edited by Fisher F. and J. Forester. Durham & London : Duke University Press.
- HOWELLS, C. 1999. *Derrida. Deconstruction from Phenomenology to Ethics*. Cambridge : Polity.
- HUDSON, K. 1978. *The Language of Modern Politics*. London : Macmillan.
- An Illustrated Dictionary of South African History*, edited by C. Saunders. 1994. Sandton : Ibis Books & Editorial Services.
- Introduction to Communication, Course Book 2, Communication Research*, edited by G. M. du Plooy. 1996. Pretoria : University of South Africa.
- KERTZER, D. I. 1988. *Rituals, politics and power*. New Haven & London : Yale University.
- KESSLER, C. S. 1978. *Islam and Politics in a Malay State*. London : Cornell University.
- LASSWELL, H. D. 1948. *Power and Personality*. New York : W. W. Norton.
- LASSWELL, H. D. 1949. The Language of Power, in *Language of Politics: Studies in quantitative semantics*, edited by H. D. Lasswell, N. Leites & Associates. Massachusetts : M.I.T.
- LEECH, E. 1973. *Lévi-Strauss*. Glasgow : William Collins.
- LÉVI-STRAUSS, C. 1978. *Myth and Meaning*. London & Henley : University of Toronto Routledge & Kegan Paul.
- LUKES, S. 1974. *Power: A Radical View*. London & Basingstoke : Macmillan.
- MACDONELL, D. 1986. *Theories of Discourse: an introduction*. Oxford : Basil Blackwell.
- MARSHALL, C. & Rossman, G. B. 1995. *Designing Qualitative Research*. 2<sup>nd</sup> edition. Thousand Oaks : Sage.
- MBEKI, T. M. 1998b. The African Renaissance: Opportunities and Challenges for Asia, in *Africa: The time has come*, by T. M. Mbeki. Cape Town & Johannesburg : Tafelberg & Mafube: 224-231.
- MBEKI, T. M. 1998c. Africa's Time has come, in *Africa: The time has come*, by T. M. Mbeki. Cape Town & Johannesburg : Tafelberg & Mafube: 200-204.



- MBEKI, T. M. 1998e. *Africa: The time has come*. Cape Town & Johannesburg : Tafelberg & Mafube.
- MBEKI, T. M. 1999a. The African Renaissance, South Africa and the World, in *The Life and Times of Thabo Mbeki*, by A. Hadland & J. Rantao. Rivonia : Zebra Press: 170-183.
- MBEKI, T. M. 1999f. I am an African, in *The time has come*. Cape Town & Johannesburg : Tafelberg & Mafube: 31-36.
- MCCLINTOCK, ANNE & Nixon, R. 1986. No Names Apart: The Separation of Word and History in Derrida's 'Le Dernier Mot du Racisme', in *'Race', Writing and Difference*, edited by H. L. Gates. Chicago : University of Chicago: 339-353.
- MCLELLAN, D. 1995. *Ideology*. 2<sup>nd</sup> edition. Buckingham : Open University.
- MENDLOVITZ, S. M. & Ruiz, E. J. 1998. Myth, Identity and the Politics of Conviction: Participation in the Struggle for a Just World Order, in *The Handbook of Interethnic Coexistence*, edited by E. Weiner. New Yorke : Continuum.
- MOLNAR, T. 1991. *Philosophical Grounds: American University Studies Series in Philosophy*, 114(5). New York : Peter Lang.
- NEUBERGER, B. 1986. *National self-determination in postcolonial Africa*. Colorado : Lynne Rienner.
- PARSONS, N. 1993. *A new History of Southern Africa*. 2<sup>nd</sup> edition. London : Macmillan Educational.
- PARSONS, W. 1995. *Public Policy: An introduction to the theory and practice of policy analysis*. Aldershot, UK : Edward Elgar.
- Political Discourse in Transition in Europe 1989 –1991*, edited by P. A. Chilton, M. V. Ilyin, & J. L. Mey. 1989. Amsterdam/Philadelphia : John Benjamins.
- 'Race', Writing and Difference*, edited by H. L. Gates. 1986. Chicago: University of Chicago.
- ROGERS, J. A. 1972. *World's Greatest men of colour*, vol 1. London : Collier Macmillan.
- RYAN, M. 1989. *Politics and Culture: Working Hypotheses for a Post-Revolutionary Society*. London : Macmillan.
- SCHAAR, J. H. 1969. Legitimacy in the Modern State in *Power and Community: Dissenting Essays in Political Science*, edited by P. Green & S. Levinson. New York : Random House.
- SCHATTSCHNEIDER, E. E. 1960. *The Semisovereign People: A Realist's View of Democracy in America*. Hinsdale, Illinois : Dryden.
- SCHORER, M. 1975. *William Blake: The Politics of Vision*. Gloucester, Massachusetts : Peter Smit
- SCHNEIDER, A. L. & Ingram, H. 1997. *Policy Design for Democracy*. University Press of Kansas : Lawrence, Kansas.
- SEGAL, D. R. 1974. *Society and Politics: Uniformity and diversity in modern democracy*. Glenview, Illinois : Scott & Foresman.
- SELDEN, R. 1989. *Practising theory and reading literature: An introduction*. London : Harvester Wheatsheaf.
- SHELBURNE, W. A. 1988. *Mythos and Logos in the Thought of Carl Jung: The Theory of the Collective Unconscious in Scientific Perspective*. Albany : State University of New York.
- SMITH, A. D. 1991. *National Identity*. London : Penguin Books.
- SNIDER, C. 1991. *The Stuff that Dreams are made on: a Jungian interpretation of literature*. Wilmette, Illinois : Chiron.

- TAYLOR, M. C. 1986. *Deconstruction in Context: Literature and Philosophy*. Chicago : University of Chicago.
- The Surreptitious Speech: Présence Africaine and the Politics of the Otherness, 1947-1987*, edited by V. Y. Mudimbe. 1992. Chicago : University of Chicago.
- Theories of Myth: From Ancient Israel and Greece to Freud, Jung, Campbell and Lévi-Strauss*, edited by R. A. Segal. 1996. New York & London : Garland.
- THOMPSON, L. 1985. *The Political Mythology of Apartheid*. New Haven & London : Yale University.
- TUDOR, H. 1972. *Political Myth*. London: Pall Mall.
- VAN LUXEMBURG, J., Bal, Mieke & Weststeijn, W. 1981. *Inleiding in de Literatuurwetenschap*. Muiderberg : Coutinho.
- VOLK, T. 1995. *Metapatterns: Across Space, Time, and Mind*. New York : Columbia University.
- WALKER, S. F. 1995. Mythology and the Archetypes of the Collective Unconscious, in *Jung and the Jungians on Myth: An Introduction*, edited by R. A. Segal. New York : Garland: 3-27.
- Working Through Derrida*, edited by G. B. Madison. 1993. Evanston, Illinois : Northwestern University.

**TYDSKRIFTE:**

- BACHRACH, P. & Baratz, M. S. 1963. Decisions and Nondecisions: An Analytical Framework. *The American Political Science Review*, 57(3), September 1963:632-642.
- BENNET, W. L. 1980. Myth, Ritual and Political Control. *Journal of Communication*, 30(4), Autumn:166-179.
- BERMAN, R. A. 1989. Troping to Pretoria: the rise and fall of deconstruction. *Telos*, 85(90), Fall:4-16.
- CAPUTO, J. D. 1991. Hyperbolic Justice: Deconstruction, Myth, and Politics. *Research in Phenomenology*, 21:3-20.
- EDELMAN, M. W. 1996. Political Language and Political Reality. *Theory, Culture and Society*, 13(3), August:113-128.
- FLOWERDEW, J. 1997. The discourse of colonial withdrawal: a case study in the creation of mythic discourse. *Discourse and Society*, 8(4):453-477.
- FRIEDMAN, J. 1992. Myth, History, and Political Identity. *Cultural Anthropology*, 7(2), May:194-210.
- GASTER, T. H. 1954. Myth and Story. *Numen*,1: 184-212.
- HOWART, D. 1997. Complexities of identity/difference: Black Consciousness ideology in South Africa. *Journal of Political Ideologies*, 2(1), February:51-78.
- KOCH, A. 1998. Power, 'text', and public policy: the political implications of Jacques Derrida's critique of 'subjectivity'. *Southeastern Political Review*, 26(1), March:48-69.
- MOHAN, G. 1997. Developing Differences: Post-structuralism & Political Economy in Contemporary Development Studies. *Review of African political economy*, 73(24), September:311-328.
- OHANA, D. 1991. Georges Sorel and the rise of the political myth. *History of European Ideas*, 13(6), 733-746.
- PATTON, P. 1995. Mabo, Freedom and the Politics of Difference. *Australian Journal of Political Science*, 30(1), March:108-119.

- SAKAMOTO, R. 1996. Japan, Hybridity and the Creation of Colonialist Discourse. *Theory, Culture & Society*, 13(3), August:113-128.
- SHARP, J. 1997. Beyond Exposé Analysis: Hybridity, Social Memory and Identity Politics. *Journal of Contemporary African Studies*, 15(1), 7-21.
- WILLIAMS, A. 1997. The postcolonial *flâneur* and other fellow-travellers: concepts for a narrative of redemption. *Third World Quarterly*, 8(5), 821-841.
- WHITE, L. G. 1994. Policy Analysis as Discourse. *Journal of Policy Analysis and Management*, 13(3), Summer:506-525.
- WHITE, S. K. 1988. Poststructuralism and Political Reflection. *Political Theory*, May 1998, 16(2):186-208.
- YANOW, Dvora. 1989. The communication of policy meaning: implementation as interpretation and text. *Policy Sciences*, 26(1), 41-61.
- ZUCKERT, L. 1991. The Politics of Derridean Deconstruction. *Polity*, 1991, 23(3), Spring:335-356.

#### **NUUSMEDIA:**

- ADAM, H. & Van Zyl Slabbert, F. 2001. SA's stance on Zimbabwe squanders moral capital. *Business Day*, 29 March:13.
- GEVISSER, M. 1999. 'Thabo Mbeki: The chief'. *Sunday Times*, 20 June 1999. Internet: <http://www.suntimes.co.za/1999/06/20/insight/in01.htm>. Toegang: 17 April 2001.
- MAIL & GUARDIAN. 1996. 'A new beginning'. *Weekly Mail & Guardian*, 10 Mei:1-2. Internet: <http://web.sn.apc.org/wmail/issues/960510/AFRICA31.html>. Toegang: 17 April 2001.
- MALALA, J. 1999. 'Down with the People'. *Sunday Times*, 8 August 1999. Internet: <http://www.suntimes.co.za/1999/08/08/insight/in05.htm>. Toegang: 17 April 2001.
- OPPELS, P. 1999. 'Africa cannot live on idealism alone'. *Sunday Times*, 15 Augustus 1999. Internet: <http://www.suntimes.co.za/suntimesarchive/1999/08/15/insight/in03.htm>. Toegang: 17 April 2001.
- SCHRIRE, R. 2000. 'Salvaging the Mbeki Presidency'. *Business Day Online*. Internet: <http://www.fm.co.za/00/0929/covopin/guest.htm>. Toegang: 26 Maart 2001.
- UYS, S. 1999. 'Mbeki: Democrat or autocrat?'. *Weekly Mail & Guardian*. Internet: <http://www.sn.apc.org/wmail/issues/990430/NEWS54.html>. Toegang: 26 Maart 2001.

#### **STAATSPUBLIKASIES:**

- SOUTH AFRICA. Constitutional Assembly. 1996. *The Constitution of the Republic of South Africa, 1996. Act 108 of 1966*.
- SOUTH AFRICA. Government Communication and Information Service (GCIS). 2001. *A new set of National Orders for South Africa*. Reproduction, Pretoria 14 August 2001.
- SOUTH AFRICA. Department of Finance. 1996. *Growth, Employment and Redistribution: A Macroeconomic Strategy*. June 1996. [S.l.].

**WORLD WIDE WEB PUBLIKASIES:**

- African National Congress. 1987. 'Advance to Power – 75 Years of Struggle'. Internet: <http://gopher.anc.org.za/ancdocs/history/75years.html>. Toegang: 17 April 2001.
- African National Congress. 1999. 'Bright Future'. Internet: <http://www.megastories.com/safrica/movers/theanc.htm>. Toegang: 17 April 2001.
- Botha, W. 1999. 'The deictic foundation of ideology, with reference to the African Renaissance'. Internet: <http://www.tulane.edu/~howard/Langldeo/Botha/Botha.html>. Toegang: 6 November 2001.
- Derrida, J. 1971. 'Signature, Event, Context'. Margins of Philosophy. Translated by Alan Bass. Internet: <http://www.hydra.umn.edu/derrida/sec.html>. Toegang: 26 Maart 2001.
- Hedges, W. 1998. 'Derrida & Deconstruction: Key Points'. Internet: <http://www.netstoreusa.com/xboots/077/0745611680.html>. Toegang: 26 Maart 2001.
- Kirchoffer, Tracy. 1995. 'Making Learning Work': Report on the LAPDN Summit. Internet: [http://www.ladpn.com/sum\\_report/reppartb2.htm](http://www.ladpn.com/sum_report/reppartb2.htm). Toegang: 17 April 2001.
- Limb, P. 1992. 'Alliance Strengthened or Diminished: Liberation Movements in Southern Africa.' Internet: <http://www.hartford-hwp.com/archives/37/071.html>. Toegang: 17 April 2001.
- Maloka, E. 1999. 'There's nothing new about Africa's aspirations.' Internet: <http://www.sn.apc.org/wmail/issues/991112/NEWS52.html>. Toegang: 17 April 2001.
- Morçöl, G. 1999. 'Positivist Policy Analysis: A midterm assessment of its contribution'. Internet: <http://www.positivi2.htm>. Toegang: 4 Maart 2001.
- Nash, A. 1999. 'Mandela's Democracy'. Monthly Review, 50(11), April: 1-12. Internet: <http://www.monthlyreview.org/499nash.htm>. Toegang: 17 April 2001.
- Nwachukwu, M. C. [S.a.]. 'Pan-Africanist Movement revisited, a vision for a renaissance'. Internet: <http://www.asconline.org/newsletter6.htm>. Toegang: 17 April 2001.
- Seme, P. I. 1906. 'The Regeneration of Africa'. Internet: <http://www.anc.org.za/ancdocs/history/early/regeneration.htm>. Toegang: 17 April 2001.
- [S.n.]. [S.a.]. 'Derrida and Deconstruction'. Internet: [http://130.179.92.25/Arnason\\_DE/Derrida.html](http://130.179.92.25/Arnason_DE/Derrida.html). Toegang: 4 Maart 2001.

**TOESPRAKE:**

- Mandela, N. 1996. *Speech by President Nelson Mandela at the signing of the Constitution, Sharpeville*. 10 December. Internet: <http://www.gov.za>. Toegang: 24 Oktober 2001.
- Mandela, N. 1997. *Opening Address by President Nelson Mandela to the Fourth Session of Parliament*. 7 February. Internet: <http://www.anc.org.za/ancdocs/history/mandela/1997/sp0207.html>. Toegang: 24 Oktober 2001.
- Mandela, N. 1998. *Opening Address by President Nelson Mandela to Parliament*. 6 February. Internet: <http://www.anc.org.za/ancdocs/history/mandela/1998/sp980206.html>. Toegang: 24 Oktober 2001.
- Mandela, N. 1999. *Opening Address by President Nelson Mandela to Parliament*. 5 February. Internet: <http://www.anc.org.za/ancdocs/history/mandela/1999/nm0205.html>. Toegang: 24 Oktober 2001.

## University of Pretoria etd – Rossum, E (2003)

- Mbeki, T. M. 1997. *Speech of Deputy President Thabo Mbeki, at the National Assembly, during the debate on Budget Vote No 2*. 10 June. Internet: <http://www.anc.org.za/ancdocs/history/mbeki/1997/sp970610.01>. Toegang: 24 Oktober 2001.
- Mbeki, T. M. 1998d. *The African Renaissance Statement, SABC, Gallagher Estate*. 13 August 1998. Internet: <http://www.anc.org.za/ancdocs/history/mbeki/1998/tm0813.htm>. Toegang: 02 Januarie 2002.
- Mbeki, T. M. 1998e. *Statement of Deputy President Thabo Mbeki at the Opening of the Debate in the National Assembly on 'Reconciliation and Nation Building'*. 29 May. Internet: <http://www.anc.org.za/ancdocs/history/mbeki/1998/sp980529.html>. Toegang: 24 Oktober 2001.
- Mbeki, T. M. 1999b. *Speech on accepting his election as President of the Republic of South Africa*. 14 June. Internet: <http://www.anc.org.za/ancdocs/history/mbeki/1999/tm0614.html>. Toegang: 24 Oktober 2001.
- Mbeki, T. M. 1999c. *Speech at his Inauguration as President of South Africa*. 16 June 1999. Internet: <http://www.anc.org.za/ancdocs/history/mbeki/1999/tm0616.html>. Toegang: 24 Oktober 2001.
- Mbeki, T. M. 1999d. *Address at the Opening of Parliament*. 25 June 1999. Internet: <http://www.anc.org.za/ancdocs/history/mbeki/1999/tm0625.html>. Toegang: 24 Oktober 2001.
- Mbeki, T. M. 1999e. *Opening Address at the Deputy President's Budget Debate*. 23 March. Internet: <http://www.anc.org.za/ancdocs/history/mbeki/1999/tm0323.html>. Toegang: 24 Oktober 2001.
- Mbeki, T. M. 2000. *State of the Nation Address at the Opening of Parliament*. 4 February. Internet: <http://www.anc.org.za/ancdocs/history/mbeki/2000/tm0201.html>. Toegang: 11 November 2001.
- Mbeki, T. M. 2001. *State of the Nation Address of the President of South Africa at the Opening of Parliament, 2001*. 9 February. Internet: <http://www.anc.org.za/ancdocs/history/mbeki/2001/tm0209.html>. Toegang: 1 November 2001.

### ONDERHOUDE:

Ohlhoff, H. 2001. Onderhoud, Universiteit van Pretoria, 14 September 2001.